



HERDIE EKSEMPLAAR MAG ONDER  
GEEN OMSTANDIGHED E UIT DIE  
BIBLIOTEEK VERWYDER WORD NIE

UOVS-SASOL-BIBLIOTEEK 0033282



11104897930122000019



## VERHANDELING.

ter gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad Magister Artium (Sosiologie) aan die Universiteit van die O.V.S. Bloemfontein, oor die onderwerp:-

"'n Sosiologiese studie van die Bybelse interpretasie van die plék van die vrou in die gesin, kerk en staat met die oog op die bepaling van norme."

1952

Ingelower deur: Dirk Cornelius Grobler Fourie, B.A.V.D.M

T 301.412 Fou

T 301.412 Fou





„Wie sal 'n deugsame vrou vind? Want haar  
waarde is vor meer as korale". (Spr.31 :10)

„Ehret die Frauen! Sie flechten und weben  
Himmlische Rosen ins irdische Leben". (Schiller)

Oppedra aan my moeder, wat vir  
my die ideale prototipe van 'n  
christenvrou is.



## INHOUDSOPGAVE.

Bls.

Voorwoord en Inleiding

### HOOFSTUK I.

- DIE VROU IN DIE HUWELIK EN GESINSVERBAND 10.
- Inleiding: Aktualiteit.
- A. Voorafgaande opmerkinge oor die huwelik en die gesin. 13.
- Die ontstaan daarvan
- Die verhevenheid daarvan
- Definisie daarvan
- Grondslag daarvan: Huweliksliefde en trou
- Die vorm daarvan
- B. Die status en roeping van die vrou in die gesinslewe.
1. Die verhouding van die eggenote tot haar eggenoot. 18.
- (a) Hul ongelykheid
- (b) Hul gelykwaardigheid
- Die Skrif en die probleem van egskoiding.
11. Die verhouding van die moeder tot haar kind. 28.
- (a) Die betekenis van geslagsgemeenskap en die verlange na kinders.
- Die vraagstuk van geboortebeperking.
- (b) Die gesag van die moeder in die gesinsorganisasie.
- (c) Die moeder en gesinsopvoeding.
- (d) Die moeder en die stoflike gesinsbehoefte
- Die vraagstuk van die vrou in beroepsarbeid.
111. Die verhouding tussen broer en suster. 43.
- Gevolgtrekkings.

HOOFSTUK 11.

## DIE VROU IN KERKVERBAND.

48.

Inleiding: Die begrip kerk en haar sosiale roeping.

## 1. Die plek van die vrou in die kerklike inrigting. 58.

(a) Met betrekking tot die lerende amp.

(b) Met betrekking tot die regerende amp.

(c) Met betrekking tot die diakonale amp.

Die vrou as kerklike amptenare.

74.

## 11. Prinsipiële uiteensetting van die optrede van die

vrou in gemeentelike samekomste.

75.

I. Die openbare gebed.

11. Stemreg in 'n gemeentevergadering

111. Vroulike kleredrag in die gemeentelike samekoms.

Gevolgtrekkings

HOOFSTUK 111.

## DIE VROU IN STAATSVERBAND.

82.

Inleiding: (a) Die oorsprong van die staat en sy  
gesag.

(b) Die vooropstaande algemene taak van  
die staat.

(c) Die pligte van die staatsburger.

Die Vrouebeweging : Ontwikkeling en suksesse

91.

Prinsipiële beoordeling van aktiewe en passiewe  
vroukiesreg.

96.

Die privaatregtelike posisie van die vrou

106.

Gevolgtrekkings.

## HOOFSTUK IV.

Bls.

### PROBLEEMSTELLING EN RIGLYNE

115.

Die gesin is van fundamentele belang met betrekking tot die status van die vrou in die maatskappy, dog staan in die teken van verval.

Die aandeel van die vrou in die gesinskrisis:

- 1) Die toetrede van die eggenote tot buitenhuise beroepsarbeid
- 2) Die algemene veroppervlakkiging van lewenswaardes by die vrou.

Sosiologiese riglyne vir die oplossing van die vrouevraagstuk

## VOORWOORD.

Die Bybel is geen handboek vir die Sosiologie nie. Dit is die boodskap van Gods verlossing aan die mens deur die Evangelie van Jesus Christus en Sy soenverdienste. Die nuwe lewe in Christus raak egter nie alleen die mens se hiernamaalse staat nie, maar het wel deeglik betrekking op hierdie lewe met sy sosiale verhoudinge en samelewingsverbande. Daarom kan ons ook van christelike wetenskapsbeoefening praat waar ter beoordeling van ingesamelde data die Skrif as norm dien - die Skrif, onfeilbaar geïnspireer in al sy dele, leerstellig sowel as histories.

Deur die afgelope wêreldoorlog is die aandag opnuut op die status van die vrou in die maatskappy gevestig. Op die tuisfront het sy getoon dat sy die man haas in alle beroepe kon vervang. Hierdie ervaring het die feminisme water op die meule besorg. Die beywering vir die emansipasie van die vrou en vir haar verhoogde status op gesins, politieke, ekonomiese, kerklike en sosiale terrein -- en niemand sal ontken dat daar wel terreine bestaan waar die vrou nog nie haar regmatige plek bekom het nie -- het wel in sommige opsigte, veral ten opsigte van die vrou se staatsregtelike posisie, goeie vrugte afgewerp; maar die krisis blyk tans groter as ooit te wees. In die vorige eeu het die Vrouebeweging sade gesaai wat vandag wrange vrugte voortbring. Die grondliggende rede hiervoor is dat

die vrou in 'n toenemende mate weggetrek word van die huwelik en die gesin, waar niemand en niks haar kan vervang nie. Een van die primêre instellings in die sosiale organisasie kom op hierdie wyse ernstig in gedrang. Vir gesinsverval kan opbou op ander terreine nie vergoed nie. Dit leer die geskiedenis van vervalle beskawings baie duidelik en dit ondervind ons elke dag. Die sekundêre bloei dood sodra die primêre aftakel.

In hierdie krisis en verwarring word die sosioloog en die sosiale hervormer geroep om prinsipiëel te dink en sy posisie in te neem. Wie prinsipiëel suiwer staan, sal ook in die praktyk die veiligste wees. Trouens, die sosioloog moet nie slegs registreer nie, maar ook rigting aandui; nie slegs bestaande sosiale verhoudings en die stromings daarin beskrywe nie, maar ook die norme vir daardie verhoudings aantoon. Hierdie studie trag om veral op laasgenoemde terrein te beweeg.

Prinsipiële denke is in ons dag dringend noodsaaklik.

"The fundamental weakness of modern western civilization is the lack of an adequate, positive philosophy of life. In its absence life disintegrates into a pure chaos of opinions..."<sup>1.</sup>

Norme moet gevind word as rigtinggewende beginsels in ons huidige probleme. Op terreine wat die sosiale verhoudings raak, word almeer beseft dat 'n blote beklemtoning van verskyn-

---

1. Meyrick Booth: "Woman and Society", p. 76.  
Allen en Unwin, London, 1929.

sels ons niks verder bring nie. Sorokin stel die probleem van die sinlike as volg: "If modern society were ideational or idealistic, if it believed firmly in absolute moral and juridical norms, if it were not intoxicated by the quest for pleasure, utility, and other sensory values, its deeply ingrained convictions and habits would have triumphed over any temptation to evade contracted duties or to twist the terms of a contract so as to take advantage of the other party. But we are dealing with contractual relations in a sensate society, with its skepticism concerning God and his justice; its disbelief in any absolute, sacred norms; its moral atomism and cynicism; and its irresistible penchant for money, wealth, profit, pleasure, and sensory happiness".<sup>2</sup>

Die mens het in sy eie poginge magteloos geword, en die erkenning van die christelike norme vir die oplossing van brandende vraagstukke, word soms van onverwagte kant verneem. Die valse optimisme oor die menslike goedheid en deug vervaag almeer. Arthur A. Hood, die ekonoom, ontvou die volgende ontdekking: "Mass production - the abundant life in material terms - is here. But we cannot have it or keep it until we learn mass distribution under the principles of the Golden Rule. Distribution involves the application of spiritual meaning to

---

2. P.A. Sorokin: "The Crisis of our Age"  
E.P. Dutton & Co., New York, 1945.

production".<sup>3</sup> Hood ontdek dat massaproduksie wat beklemtoon: "Jy moet jouself liefhê" nie kan slaag nie tensy dit saamval met massadistribusie wat beklemtoon: "Jy moet jou naaste liefhê".....

Bernard Shaw, die sosialistiese skrywer, konkludeer: "After reviewing the world of human events for sixty years I am prepared to say that I see no way out of the world's misery except the way that Christ would take were He to undertake the work of a modern statesman".<sup>4</sup>

P. A. Sorokin, die sosioloog, is van oortuiging dat die onderliggende idee van selfsugtige materialisme in ons westerse beskawing bankrot is en dat die soeke na 'n nuwe idee die opset van die westerse beskawing moet wees. Op die vraag waar hierdie nuwe idee te vind is, wys Sorokin na die bergrede — 'n koöperatiewe sisteem".<sup>5</sup>

Hieruit blyk dat leidende wetenskaplikes die supranaturrele denke van Skrif en christendom erken en aanbeveel. Wat ons eie volkslewe betref, is veral op die jongste kongresse<sup>6</sup> wat maatskaplike probleme behandel het, wel bemoedigende klanke verneem. Die leidende figure op maatskaplike gebied is bewus

---

3. Aangehaal deur E. Stanley Jones: "The Way" p. 24.

4. Dieselfde.

5. Dieselfde.

6. Bedoel word: die Volkskongres wat die stadwaartse trek van die Afrikaner bestudeer het, 1 - 4 Julie 1947; en die kerklike kongres insake maatskaplike ewels, 6 - 8 Julie 1949, albei te Johannesburg gehou.

van ons groot probleme, voel dit aan as 'n afwyking van ons christelike volkstradisie, en oplossings word aan die hand gedoen wat in hoofsaak ooreenstem met die beginsels wat die Skrif ons leer, al word dit dan nie direk daaruit geput en daaraan normeer nie. Die vraag is egter of die komende geslag, wat die betreklik suiwere agtergrond van die ouer geslag mis en almees kinders van hul tyd word, hierdie voetspore sal volg.

Duidelik omlýnde normatiewe beginsels wat rigting moet gee en wat nie saam met tye en omstandighede wissel nie, is dringend noodsaaklik ook vir ons eie volkslewe.

Waar moet dit gevind word? Vir die christen wetenskaplike is hierop slegs een antwoord: In die onfeilbare Woord van God, wat sy lig versprei op elke terrein van die menslike lewe in al sy veelsydigheid. Dke ,Skrif staan voor ons as die absolute en die bogaardse, verhewe bo alle menslike bespiegeling en waarde-oordele; dit is die openbaring van 'n lewende God en dus die onfeilbaarste kenbron denkbaar. Omdat dit aan die mens vir sy aardse bestaan gegee is, is die Skrif in alle opsigte lewensgetrou. Dit is nie swewend en abstrak in sy uitprake wat die sosiale lewe raak nie, maar getrou aan die harde lewenswerklikheid <sup>met sy</sup>stryd en probleme. Die geskiedenis van ons eie volk is dan ook 'n sprekende bewys daarvan dat die nasie wie se God die Here is, en wat uit Sy Woord lewe, welgeluksalig is, en in veilige plekke sal woon.



Die doel van hierdie studie is om die norme wat die Skrif ons bied met betrekking tot die plek en roeping van die vrou in die maatskaplike verbande, as rigtinggewende beginsels vir ons huidige probleme te stel en toe te pas. Omrede van die breë veld word ons gedwing om dit te beperk tot die instellings van die gesin, die kerk en die staat; nie alleen omdat dit instellings is wat deur God self ingestel en hul oorsprong dus nie aan menslike inisiatief te danke het nie, maar ook omdat dit basiese instellings is in die sin dat dié samelewing, wat hierdie verbande elimineer, homself eintlik ophef.

Wie waarlik Bybels wil dink, sal egter, om met Karl Barth te spreek, die humanistiese denkwysse moet prysgee. Die empiris, die pragmaties, die evolusionis, en ander rigtinge met humanistiese uitgangspunt buite die Heilige Skrif, sal ons dan ook nooit i.v.m. hierdie onderwerp kan vind nie. Waar 'n mens egter hierdie aan ons vreemde rigtinge in gedagte het - dit is nie ons doel om polemies teenoor hulle op te tree nie - bestaan die gevaar om slegs negatief te bly en nie genoegsaam te let op die positiewe bydrae wat die vrou in die maatskaplike lewe kan lewer nie. Sy is op geen terrein van die menslike lewe passief nie; sy het slegs haar besondere plek in elk van die vertakkinge van die maatskaplike orde. Die gevaar van eensydige benadering is dus groot.

In die laaste instansie bly die bepaling van menslike

verhoudinge baie moeilik. Die lewe is organies en veelsydig en binne die raamwerk van normatiewe beginsels en riglyne moet speelruimte gelaat word vir besondere situasies en omstandighede.

Wat die metode van Skrifverklaring betref, volg ons die beginsels van die gereformeerde Hermeneutiek. Uit die aard van ons studie laat ons lang en onnodige eksegetiese betoë agterweë.

Aan Hom al die eer!

### INLEIDING.

As kroon van Sy skepping, skep die Here God die mens Adam. Hy wandel tussen die reedsgeskape diere, maak met hulle kennis en gee aan hulle name volgens die intellektuele ingewinge waarmee God hom begiftig het. Tog moes hierdie sondeuse mens tot die ontdekking kom dat geeneen van die diere kon opstyg tot die peil waarop dit as geesgenoot vir hom <sup>Kon</sup> dien nie. Op grond van hierdie hunkering en behoefte wat die Here self in die binneste van Adam geplant het, skep Hy die vrou uit sy rib en bring haar na hom toe. Dadelik word sy in 'n sekere verhouding tot hom geplaas en die menslike sosiale lewe neem 'n aanvang. Nou eers is Adam bewus daarvan dat 'n lewensbehoefte in hom bevrediging vind en kan hy juig: „Dit is nou eindelijk been van my bene en vlees van my vlees". (Gen. 2 : 23)

Die menslike geslag vorm 'n eenheid, wat tog uiteenva in 'n Godgewilde tweeheid, nl. man en vrou. Die Skrif leer uitdruklik (Gen. 1 : 27, Matt. 19 : 4) en die praktyk bevestig dit: Man en vrou is twee onderskeie persoonlikhede met elk 'n eie aanleg en roeping. Oor hierdie onderwerp word baie geskryf en gespekuleer. Die beskuldiging word verneem dat dit slegs sieklike tradisionaliste is wat die liggaamlike en geestesverskille tussen man en vrou handhaaf. Op kunsmatige wyse word dit uitgewis, en die vrou tree almeer toe tot betrekkinge waar die man voorheen alleenheerser was. Dit is die ondervinding

\* van werkgewers in die joernalistiek, die radio, sake-ondernemings prokureurskantore en selfs in die staatsdiens.<sup>7</sup> Hoewel ons erken dat uitsonderinge bestaan waar vroue groot dienste lewer op terreine wat ons insiens slegs aan die man toegewys moet word, hef die uitsonderinge die reël nie op nie.

Die verskille tussen man en vrou wat hul fisiese samestelling betref, staan vas en deur die jonger mediese wetenskap is hierop nuwe lig gewerp. „Dat dit alles nu met de bestemming van de vrouw om moeder te worden, samenhangt, behoeft nauwelijks gezegd; maar toch is het gemis van een baard, het dragen van het haar in langer lokken, de zwakkere vorm van de vuist, en het bezitten van grooter taaiheid bij zwakker krachtsontwikkeling een kenmerk, dat zich als regel voor wie vrouw en man vergelijkt, niet loochenen laat".<sup>8</sup>

Ook die psigiese verskille is nie weg te redeneer nie. Die vrou is nie armer nie, maar anders as die man begiftig. Op psigiese gebied (soos veral deur die jonger Sielkunde, <sup>nagevat</sup> toon) die vrou opvallende eienskappe wat slegs aan haar wese eie is. Opvallend is dit byv. dat Jesaja die innigheid van die vroulike gevoel aanvoel as hy vergelyk: „Soos iemand wat deur sy moeder getroos word, so sal Ek julle troos." (Jes. 66 : 13)

Op grond van onderskeie eienskappe en vermoëns van die twee geslagte, volg dit dat hulle aanvullenderwys verskillende

---

7. „Die Burger", dagblad, Nasionale Pers, Kaapstad, 24 November 1951.

8. A. Kuyper: „De Eerepositie der Vrouw" bls. 40  
Kok, Kampen, 1932.

terreine in die maatskaplike lewe as primêre roepingsfeer het. Dit sal gaandeweg blyk waar ons in die volgende hoofstukke probeer om die status en roeping van die vrou in die samelewingsverbande volgens Skriftuurlike maatstawwe aan te toon.

## H O O F S T U K 1.

### DIE VROU IN DIE HUWELIK EN GESINSVERBAND.

#### Inleiding: Aktualiteit.

Dit is veral as gevolg van die groot verandering in die stoflike lewenswyse en die daaruit~~een~~vloeiende geestelike uitkyk van die volkere oor die hele wêreld heen, dat die instelling van die huwelik en die gesin tot 'n ernstige mate aangesig is.

Verskillende denkbeelde in verband met die huweliksinstelling en gesinsopbou vind hul propagandiste in alle lande en in alle tale. Sommige wil totaal wegdoen met die instelling sodat Dow kan konstateer: „Some people go to the extent of predicting the ultimate destruction of the family, saying that it has served its part in civilisation and is soon to be relegated to the past.”<sup>1</sup> Ander rigtinge wat in lyn lê met die Romantiek en die liberalisme, wil die instelling behou, maar dan met drastiese veranderinge. Hulle kom in opstand teen die knellende bande aan die individu wat die gesinslewe en die huwelik sou meebring en stel dan hul ideaal in 'n „geesverwante kameraderie”<sup>2</sup> wat bestaan in 'n verhouding tussen die twee geslagte wat na goeë dunnke beëindig kan word en pleidooie vir vrye liefde, „arranged marriages” met die slagwoord: „The old sys-

- 
1. G.S. Dow: „Society and its problems”, p. 215.  
Harrap and Co., London, 1922.
2. J. de W. Keyter: „Die huwelik en gesin”, p. 125.  
Nasionale Pers, Bloemfontein, 1940.

tem of courtship, engagement and marriage does'nt seem to work any longer, and a new system is called for...."<sup>3</sup>, is aan die orde. Dan is daar ook die ortodokse groep wat volhou dat die oorsake vir die verval van die gesinslewe nie in die huwelik as instelling gesoek moet word nie, maar in die persone wat om verskeie redes, persoonlik of gemeenskaplik, die wese daarvan geweld aandoen.

Gepaard met bogenoemde teoretiese aspekte wat afstuur op die ondermyning van die huwelik en gesinslewe, staan 'n ontstellende gesinsverval in die praktyk voor ons. Egskeiding in al sy skakeringe bly toeneem; in ons eie land het onder blankes alleen 5,298 huwelike in 1946 teenoor 3,244 in 1943 gefaal<sup>4</sup>. Ongelukkige huwelike is reeds so 'n algemene gegewensheid dat huweliksburro's en kursusse vir die oplossing van die probleme gekom het om te bly. Geboortebeperking in al sy vorme is aan die orde, terwyl dit juis die westerse volke is wat roep na vermeerdering van hul getalsterkte en veral na 'n beter gehalte van mense materiaal. So word bereken dat die getal ongebore kinders wat in Amerika gedood word, goed een-derde van die totale getal geboortes behoort, terwyl 'n Engelse kommissieverslag die aborsiesyfer vir Engeland op 150,000 per jaar stel<sup>5</sup>. Die uitspraak van O'Kulis: „Die sonde van geboortebeperking is on-

---

3. Vgl. Doris Leigh se artikel in "The Outspan" 10 Sept. 1948.

4. Offisiële Jaarboek van die Unie, Staatsdrukker, p. 208.  
Pretoria, 1948.

5. J. de W. Keyter, „Die huwelik en gesin“, p. 128.

der ons nog maar net beperk tot die sogenaamde beskaafde maar in waarheid gedemoraliseerde Afrikaners<sup>6</sup> geld ook nie meer vir ons die volkslewe nie. Deur die losmaking van die vrou uit die huislike milieu as gevolg van haar toetrede tot die ekonomiese wêreld om verskillende redes, word die verbrokkeling van die gesinslewe bevorder. Hiermee hang die woningnood saam en die woonstel word veral in die stede die setel van die gesinslewe; die woonstel wat bydra om die vrou in die beroepslewe te laat tree en wat ook die vergroting van die gesin bemoeilik. Dit word bereken dat die getal woonstelle tussen die jare 1926-41 in ons land vervierdubbel het, terwyl die totale wooneenhede in al ons stede verdubbel het. Uit die oogpunt van 'n gesonde gesinslewe en 'n lewenskragtige gesinsvorming beskou, is dit ontstellende gegewens. Kinderverwaarlosing is 'n ander simptome van die verval van die moderne gesinslewe. So bereken die Gluecks in hul studie van delinkwente vroue dat slegs 9.8% van hulle uit 'n gesonde, ongebroke huislike lewe voortkom.<sup>7</sup> Dow bevind dat tussen 85 - 90% van die kinders in verbeteringsinrigtings uit gedisorganiseerde gesinne kom.<sup>8</sup> Verdere simptome van verval op hierdie terrein sien ons in die hoë getal onegte geboortes - volgens die Uniejaarboek is onder ons blankes in 1946 1,233 onegte geboortes geregistreer, d.w.s. 1.89% van die

---

7. Sheldon en Eleanor Glueck: "Fivehundred delinquent women", Alfred en Knopf, 1934.

p.71.

8. Dow: "Society and its problems",

p.492.

6. Aangehaal deur C.C. Neppgen: „Die sosiale gewete van die Afrikanerssprekendes,“ C.S.V. Boekhandel, Stellenbosch, 1938.

p.189.



totale geboortes -, gedwonge huwelike, ens.

Hoewel niemand die invloed van die ontwrigte materiële lewensomstandighede as oorsaak vir die moderne gesinsverval ontken nie, setel die wortel van die kwaad tog in die verwarring en veroppervlakkiging van die lewenswaardes van die moderne mens. Die bogemoemde vervalverskynsels kan ons as simptome van hierdie grondliggende kwaad beskrywe. Ons wys die standpunt van die behaviorisme af wat voorstaan dat die omgewing die "ek" en sy reaksies maak, en stel die behoefte aan 'n rigting wat gaan langs duidelik omlynde beginsels temidde van al die chaos. Vir die christelike sosioloog staan die norme van die Skrif voorop as die hoogste toetssteen vir 'n gesonde lewensuitkyk en praktyk. Elmer se stelling: "When family life is at low ebb, conscious reaction regarding the family status is correspondingly low,"<sup>9</sup> word ook in ons tyd bewaarheid. Dit is dan die doel van hierdie afdeling van die ondersoek om te bepaal wat die prinsipiële waarde van die gesinslewe en veral die plek van die vrou en moeder daarin volgens die uitsprake van die Bybel is.

A. Voorafgaande opmerkinge oor die instelling van die huwelik en gesin.

Die posisie wat die vrou in hierdie verband inneem, is ten nouste verbonde aan en vervleg in die instelling, aard en bestemming van die huwelik wat die bestaan van twee partye of

---

9. M.C. Elmer: "The Sociology of the Family", p. 216.  
Ginn and Co., Boston, 1945.

persone, die <sup>man</sup> en die vrou, veronderstel.

Die instelling daarvan staan in direkte verband met die skepping van die mens - 'n skepping wat op sy beurt die bekroning was van die skepping van alle dinge. Die eenheidsbeginsel wat God in Sy skepping neergelê het, kom nêrens so treffend uit as juis in die huweliks en gesinslewe nie. Die verhouding van die individu tot die gemeenskap in die algemeen word al hoe meer onpersoonlik; maar die gesin is die eintlike instelling waar die persoonlike volmaak tot sy reg kan kom. Die groot feit van die huwelik, nl. die eenwording (Gen. 2:24) van twee verskeie persoonlikhede, uit verskeie geslagte en onderskeie omgewingsagtergrond, is een van die grootste skeppingswondere. Ons verwerp dus die evolusiegedagte dat die huwelik 'n lewensvorm is wat as gevolg van gestadige ontwikkeling vanuit 'n onbeteuelde geslagsomgang tot 'n sedelike instelling tot stand gekom het.<sup>10</sup> Die prinsipiële verskil tussen die huwelik en ander instellings (byv. die staat) bestaan hierin dat waar laasgenoemde ontstaan het uit Gods algemene genade na die sondeval, eersgenoemde in die oorspronklike skeppingsordinansie wortel. (Gen. 2 : 18, Matt. 19 : 4 - 6) Indien die sondeval nie plaasgevind het nie, sou daar wel 'n huwelik en gesinslewe, maar geen staat met dwingende gesag bestaan het nie.

As goddelike instelling word die huweliksverhouding in

---

10. Vgl. vir 'n uiteensetting hiervan: Prof. Keyter:  
„Die Huwelik en gesin”,

die Skrif deurgaans beskou as 'n heilige, verhewe, goddelike verband. Dwarsdeur die Ou Testament vergelyk <sup>de</sup> God van die verbond Sy verhouding tot die bondsvolk met 'n huweliksverhouding. (Hosea 2: 19, Jes. 54 : 5). In die Nuwe Testament word dit as toonbeeld van Christus se verhouding tot Sy gemeente gebesig. (Ef. 5 : 22-24) 'n Meer verhewe en heiliger verhouding tussen mense in die oë van God is ondenkbaar.

Die huwelik kan uit verskillende oogpunte gedefinieer word. Uit wetsoogpunt sien Grotius dit as "een versameling van man ende wijf tot een gemeen leven, medebrengeende een wetelick gebruik van malkandrs lichaem."<sup>11</sup> As sosioloog wys Elmer daarop dat die aard van die huwelik bes verstaan kan word as ons die drie uitstaande aspekte of funksies daarvan besien, nl. reproduksie en die versorging van kinders, onderlinge simpatieke verstandhouding en behulpsaamheid.<sup>12</sup> In die lig van die Skrif kan ons dit beskryf as 'n vrywillige verbintenis, onskeidbaar van een man en een/vrou, ingestel terwille van die voortplanting, die kuisheid en wedersydse hulp.

As grond vir die wese en bestemming van die huwelik dien die liefde. In die eerste plek is die huwelik 'n liefdesgemeenskap - 'n feit wat uit die Woord terstond aan die lig tree. (Ef. 5 : 25 - 33) Die liefde is 'n blywende norm en moet nie

---

11. Aangehaal deur Nepgen: "Die sosiale gewete van die Afrikaanssprekendes," p.187.

12. M.C. Elmer: "The Sociology of the Family", p. 3.

verwar word met die erotiese gevoel wat biologies fundeer is en spoedig weer verdwyn nie. Laasgenoemde kê in lyn met die romantiek wat die huwelik as instelling minag en dweep met die "vrye liefde". Die huweliksliefde is 'n "volle mens<sup>u</sup>-liefde, d.w.s. dit is gerig op die hele mens met al sy behoeftes van geestelike, sosiale, seksuele en religieuse aard. Wel is dit waar dat gedurende die aartsvaderlike periode die huwelik slegs 'n kontrak tussen die ouers van verkooftes skyn te wees. (Gen. 21 : 21) Dit sluit egter nie in dat die jongman of dogter altyd passief was en nooit uit eie beweging 'n keuse gedoen het nie. Jakob dien Laban sewe jaar vir Rachel "en hulle was in sy oë soos 'n paar dae, omdat hy haar liefgehad het". (Gen. 29 : 20) Sigem raak verlief op Dina en vra aan sy vader om haar as vrou vir hom te neem. (Gen. 34 : 4) Ook die Jongmeisie se gevoelens in verband met die saak is dikwels in ag geneem. (Gen. 24 : 39-58) So ken die Skrif die liefde as voorbereidende faktor vir die huwelik reeds in die aartsvaderlike periode. Onder die nuwe bedeling moet die gesag van die ouers in hierdie verband steeds eerbiedig word; hoewel die reg van die kind om vry te wees in die keuse van 'n lewensmaat ewe onaantasbaar bly. Treffend is dit om in die Skrif te sien dat die huweliksluiting uitsluitlik die reëling van die familiekring was. Staat en kerk was buite rekening, behalwe in uitsonderlike gevalle, byv. in die geval van Rut se huwelik met Boas. Hoe swakker die familieband geword het en hoe minder deur verspreiding van die Heë

uit dieselfde geslag die bloedband tot sy reg gekom het, hoe meer moes die staat en die kerk op die voorgrond tree.

As uitspruitsel van die liefde vorm huwelikstrou een van die gewigtigste elemente van die huwelikslewe. Dit waarborg die duursaamheid daarvan en stel dit in staat om tot sy volle rykdomme te ontplooi. Sodra ontrou sy verskyning maak, is die huwelik in beginsel reeds ontbind.

Uit die aard van die saak is die monogame huweliksvorm die enigste wat dñe Skrif toelaat. Die verskynsel van poligamie tref ons selfs by die aartsvaders aan. Die beste verklaring vir hierdie optrede is, afgesien van die deurwerking van die invloed van omringende heidense volkere, dat die oorsaak hiervan gesoek moet word in hul verlange na 'n groot nageslag. Die land moes bevolk word - die Israeliet het dus kinderloosheid beskou as die grootste ramp wat 'n egpaar kon tref, en het veral die seun as draer van die geslagslinie aangesien. Poligamie is wel nie direk deur die Mosaiëse wet afgekeur nie, maar uit die wrange vrugte wat dit telkens meegebring het, blyk dat dit teen Gods reël plaasgevind het. Eers in die Nuwe Testament word die saak deur Jesus en die apostels in die reine gebring en word die skeppingsreël (Gen. 2 : 24). nl. die monogamie, gemotiveer en bevestig as absoluut normatief. (Matt. 19: 4, Ef. 5 : 31).

B. Die Status en roeping van die vrou in die gesinslewe.

In die gesinslewe onderskei ons drie sosiale grondverhoudinge, nl. die tussen eggenoot en eggenote, tussen ouers en

kinders, en tussen broers en susters onderling. Met nadruk op die plek wat die vrou in elk van hierdie verhoudinge inneem, sal ons soek na die interpretasie van die Skrif in hierdie verband.

1. Die verhouding van die eggenote tot haar eggenoot:-

Om voort te plant is nie die enigste roeping van die vrou in die huwelik nie. As ons let op die aanleidende oorsaak tot die skepping van die vrou (Gen. 2 : 18), moet ons aflei dat haar vooropstaande roeping die tot eggenote is. Die opdrag tot voortplanting verkry man en vrou later gesamentlik. (Gen. 1 : 28) As "n hulp wat by die man pas" is die vrou geskape. Tereg stel die huweliksformulier hierdie feit van wedersydse hulp en aanvulling: "Dit is nodig dat die een die ander getrou moet help en bystaan in alle sake wat tot die tydelike en ewige lewe behoort."

In verband met die verhouding van die eggenote tot die eggenoot, lei die Skrif ons om te dink in terme van 'n wisselwerking van twee aspekte, nl. die vrou as die onderdanige van die man, onder sy gesag geplaas, en die vrou as die gelykwaardige van die man, wat volle reg het op sy eerbewys, liefde en beskerming. Dit is onmoontlik om hierdie verkondiging in 'n formule vas te lê; ons kan dit slegs benader deur te probeer onderskei.

a. Die ongelykheid tussen man en vrou:-

Dit val ons dadelik op as ons Gen. 2 lees. Die Vrou

word uit en terwille van die man geskape - hierin lê die feit van laasgenoemde se gesagsdraende eienskap. Voor die sondeval was hierdie gesag volmaak; die vrou was die "hulp" wat volkome by haar man "gepas" het. Met die koms van die sonde het dit egter 'n despotiese karakter aangeneem.

Dit blyk veral uit die geheel onderdanige, selfs verdruk- te posisie van die vrou onder die etniese godsdienste vanaf die vroegste eeu. Onder die Brahmanisme, byv. in Indië, word sy uitgehuwelik wanneer sy nog baie jonk is. Sy trou gewoonlik met 'n man veel ouer as syself. In teorie en praktyk is sy haar eggenoot se slavin; sy mag nie aan dieselfde tafel as hy eet of hul kos oor dieselfde vuur kook nie. Sy word op 'n lae intellektuele peil gehou en selde geleer om te lees of te skryf. Dow vermeld dat daar onlangs 23,000,000 weduwees in Indië was waarvan baie kinders van 8 tot 12 jaar oud was.<sup>13</sup> Onder die Buddhisme word wel op die vrou as die mindere neergesien maar sy word tog goed behandel. In Japan is toestande swakker; haar minderwaardige rol blyk uit die gewoontes aldaar. Onsedelikheid is algemeen en die konkubinaat doen veel om die huislike lewe te verbrokkel. Onder die Confucianisme in Sjina is die posisie van die vrou bedroewend. Op vroeë leeftyd word sy uitgehuwelik of eenvoudig verkoop. Na die huwelik is sy die slaaf van haar bruidegom se familie. Sy mag volgens wet geen egskei-

---

13. Dow: "Society and its problems,"

ding verkry nie, terwyl die man die reg het. In haar jeug is sy die slavin van haar ouers, na haar huwelik dié van haar skoonmoeder en in haar ouderdom dié van haar seuns. Onder die Mohammedanisme kan die man van sy vrou skei wanneer hy wil. Die Koran laat vier vroue per man toe, maar deur hul stelsel van egskeiding kom dit in die praktyk hierop neer dat 'n man soveel vroue kan hê as wat hy kan onderhou. Haar minderwaardige posisie word bestendig deur hul sensualistiese opvatting van die hemel; 'n beskouing wat daartoe lei dat die vrou slegs die objek van manlike wellus is.<sup>14</sup> In hierdie kringe heers die gedagte dat die vrou geen subjek van regte is nie, maar haar natuurlike beskermmer het in haar vader of oudste broer, of haar man.

In Israel was dit heeltemal anders. In die lewe van Sara, Rebekka, Abigaïl, e.a. bemerk ons geen slaafse onderdanigheid nie. Die vroue kon deelneem aan die openbare gebede, die feeste en offermaaltye; hulle kon teenwoordig wees by die voorlesing van die wet, ens. Dit bly egter ook 'n feit dat ons soms die indruk kry asof die man sy vrou as blote eiendom beskou - iets wat verklaar moet word uit die verderflike poligamie wat ook in die maatskaplike lewe van die bondsvolk sy beslag gehad het.

Tog is, ook volgens die Nuwe Testament, (1 Tim. 2 :9-15) Ef. 5 : 22-24) die vrou verplig tot gesagsonderworpenheid aan

---

14. Gegewens ontleen aan Dow: "Society and its problems" p.207-208.



haar man. Trouens, oral in die samelewing waar sprake is van 'n organisasie met die oog op 'n sekere doel, is gesag en leiding onontbeerlik. „Wijl altijd en overal waar menschen samenwerken tot een doel, leiding nodig is waardoor aan allen wordt aangewezen hoe zij tot het eene doel moeten saamwerken, zoo is er ook in de gemeenschap van het gezin stuur en leiding nodig.“<sup>15</sup> Soos alle menslike gesag, is hierdie gesag nie absoluut nie. Dit mag dus nie ingryp in sferes soos lewe en dood of gewete nie. Ons kan slegs sê dat dit 'n besondere vorm van gesag is.

Ter nadere toeligting hiervan, verwys ons na:

Gen. 3 : 16. „Na jou man sal jou begeerte wees en hy sal oor jou heers.“ Dit is die gedeeltelike straf op die vrou wat haar deur 'n bedrieglike emansipasiesug tot sonde laat verlei het. Haar begeerte is na die man - dit wys op die behoefte aan die leiding en beskerming wat sy van hom verkry. Die vrou leef in verbondenheid en gebondenheid aan die man ten spyte daarvan dat sy dikwels misbruik en mishandel word. „Selfs al is die saamlewe met die man vir haar 'n toestand van slawerny, kan sy haar nog nie losmaak van haar eie begeerte wat tot die man is nie.“<sup>16</sup> „Hy sal oor jou heers.“ Waar die roeping van die vrou slegs hulp was, het sy die leiding geneem, 'n be-

---

15. W. Geesink: „Van's Heeren Ordinantiën, IV, p. 16.  
2de druk 1925, Kok, Kampen.

16. D.P.M. Beukes: „Die posisie van die vrou in die kerklike lewe,“ p. 41-42.  
M.Th verhandeling, Kweekskool, Stellenbosch, 1940.

slissing gedoen en so die wêreld in sonde gedompel. Die skuld was groot, die straf swaar. Paulus sê dan ook: „En Adam is nie verlei nie, maar die vrou het haar laat verlei en in oortreding gekom.” (1 Tim. 2 : 14) Sy word nou onder die gesag van haar eggenoot geplaas.

In dié Skrifgedeelte is egter ook 'n ligsey vir die vrou. Deur haar het die sonde wel in die wêreld gekom, maar deur haar en haar geslag sal die Verlosser daaruit voortkom. Die „saad” van die vrou wat die slang se kop sal vermorsel, sien op Christus wat die hel en sy magte sal oorwin. Eers in die christelike huwelik is die met sonde deurdronge gesag van die man gedemp en in beginsel daaruit weggeneem; hoe christeliker die huwelik is, deste nader tree die verhouding weer tot wat dit na die norm van Gods skeppingsordinansie moet wees.<sup>17</sup>

Efese 5 : 22 - 24. „Vroue, wees aan julle eie manne onderdanig, soos aan die Here. Want die man is die hoof van die vrou soos Christus ook hoof is van die gemeente, en Hy is die Verlosser van die liggaam. Maar soos die gemeente aan Christus onderdanig is, so moet die vroue dit ook aan hul eie manne in alles wees.” (Vgl. 1 Kor. 11 : 3, Kol. 3 : 18, 1 Petr. 3 : 1).

Hier word die verhouding tussen man en vrou in die huwelik onder die nuwe verbond duidelik gestel: Net soos Christus die Hoof van Sy gemeente is, so is die man hoof oor die vrou. Dit

---

17. Vgl. Geesink: „Van's Heeren Ordinantiën, IV, p. 12.

is vir haar 'n troosryke woord, en wys op die wabe christelike onderdanigheid wat van haar verwag word. Die hoofskap van Christus oor Sy gemeente wortel in die gesag wat Hy verkry het deur haar met Sy bloed te koop. (Ef. 1 : 20 - 23) „Niet de heerschappij in de schepping gegrond, maar de heerschappij als vrucht van de herschepping is hier uitgangspunt.”<sup>18</sup> Dit vorm natuurlik geen teenstelling tussen die Ou en Nuwe Verbond nie, maar dit is die vervulling van die moederbelofte in Gen. 3 : 15. Hiermee word die eggenoot in 'n sekere sin aan Christus gelyk gestel. Aan hom is die gesag oor die vrou opgelê en hy moet lei, beskerm, verseker, bystaan, vertroos. Hy mag hom nie verhef of sy gesag in despotisme verander nie. Sy norm is: Soos Christus teenoor Sy gemeente, so moet Hy teenoor sy vrou optree en handel.

Onbegryplik hoogstaande is die etiek van die christelike huwelik. Die beweginge wat hul beywer vir die emansipasie van die vrou uit die „drukkende huweliksgesag”, verstaan niks van bogenoemde nie. Hulle verloor die hele samestelling van die vrou wat van nature behoefte het aan leiding, steun en beskerming, uit die oog; dit hang saam met die verval van die christelike huwelik en is 'n ongeloofsverskynsel. Die deurvoering daarvan lei tot die ontwrigting van die hele sosiale struktuur deurdat die vrou weggetrek word van die bron (die gesin) daarvan. Dis 'n afwyking van die ordinansies van God en dit wreek

---

18. B. Wielenga: „De Huwelik als inzetting Gods,” p.183.  
Kok, Kampen, 1936.

homself op die individuele en die sosiale lewe.

b. Die gelykwaardigheid van man en vrou.

„In de Schrift staat de vrouw, in het gemeen genomen, zelfs zeer hoog. Zoo hoog, dat't ons moeilijk valt, dit met haar oorzaak zijn van den val te vereenigen.“<sup>19</sup>

In Gen. 1 : 27 word duidelik geleer die man sowel as die vrou na Gods beeld geskape is - hulle is dus dieselfde menslike natuur deelagtig. In hul geloof in Christus is daar geen verskil in geslag in die sin dat die een (omrede van geslag) meer genadegawes as die ander ontvang nie. (Gal. 3 : 28)

Juis in die gesinsverhouding tree die gelykwaardigheid van man en vrou duidelik aan die lig. Waar sy as eggenote onder die man staan, staan sy as moeder met hom gelyk: Oor die kinders dra sy met die man gelyke gesag: „Eer jou vader en jou moeder.“ Ex. 20 : 12, Ef. 6 : 1. Die vrou as moeder staan hier gelyk met die man as vader. Ook dit is vir ons 'n aanduiding van die ware roepingsterrein van die vrou, nl. die huwelik en gesinsfeer. „Het ideaal van die christenvrouw kan bijna niet hooger gaan zooals ons Spreuken 31 dit teekent; en hing men nog het beeld van de vrouw, dat Lemuel ons teekende, in elke huiskamer met sierletters op, het zou nog schier elke vrouw beschamen.“<sup>20</sup>

Die uitsprake van die apostels in die verband skitter

- 
19. A. Kuyper: „De eerepositie der vrouw,“ p. 54.  
Kok, Kampen, 1932.
20. A. Kuyper: „De eerepositie der vrouw,“ p. 55.

teen die duistere agtergrond van die posisie van die vrou in die Griekse en joodse maatskappye. Hoewel ons nie die gronde het om aan 'n oud Griekse huwelik te dink in terme van die verkoop van die bruid aan die bruidegom nie, het die keuse van 'n lewensgesel tog nie in haar mag gelê nie. Sy is deur haar vader aan die bruidegom gegee, hoewel ten minste van laasgenoemde 'n geskenk verwag is. So word die vrou haar man syne. Haar besittings word syne en in die oog van die wet het sy geen onafhanklike status nie. Sodra sy weduwee word, val sy weer terug onder die gesag van haar vader, voog of oudste broer. Indien sy haar man nie tevrede stel nie, kon sy aan haar vader teruggegee of aan 'n ander man „bemaak" word. Teen die agtergrond van hierdie Grieks-Romeinse kultuur skryf die apostel Paulus aan die gemeente van Kolosse: „Manne, julle moet jul vroue liefhê en nie teen hulle verbitterd word nie." (Kol. 3 : 19)

Die vrou is geen minderwaardige nie. Die apostel ken die hart van die man, wat so lig vergeet dat hy Christus nie slegs in die reg wat Hy as Hoof oor die gemeente besit, gelyk is nie, maar Hom ook in Sy opofferende liefde teenoor die gemeente gelyk moet word. Die agtergrond vir die apostel Petrus se uitspraak (1 Petr. 3 : 7) dien die tradisionele joodse poligamie, die maklike verkryging van egskeiding as gevolg van die bepalinge van die Fariseërs en die algemene minagting van die vrou, sodat Bertholet meen: "This perhaps helps to explain why men preferred to see their daughters married to men near at hand, so that they

might see how things went with them."<sup>21</sup> Die apostel vermaan dat die man sy vrou moet verstaan as 'n selfstandige persoonlikheid met 'n eie wil, gevoel, insigte, ideale en probleme. As die swakkere moet sy geëer word.

So werp die Skrif lig op die aard van die gesagsposisie van die man oor die vrou, maar ook op wat sy as sentrum van die gesinslewe van hom kan verwag. Van die verhouding tussen eggenoot en eggenote hang grotendeels die sukses of mislukking van die voortbring en instandhouding van die gesinslewe af. Die kern van moderne gesinsprobleme is in die huweliksverhouding self te soek.

Die Skrif en die probleem van egskeiding:-

Daar bestaan samelewingsverbande wat voortbestaan afgesien van die wisseling van hul individuele lede. So bestaan byv. kerk of staat voort ten spyte daarvan dat lede sterf of uittree en die ledetal deur geboorte of aansluiting aanwas. Selfs in die gesinsverband is dit moontlik - al sterf die vader of die moeder of 'n kind, bly die gesin voortbestaan. In die geval van die huwelik egter, eindig dit dadelik wanneer een van die egpaar sterf. „'n Vrou is deur die wet gebind solank as haar man lewe; maar as die man ontslaap het, is sy vry om te trou met

---

21. Alfred Bertholet: "The history of Hebrew civilization" p.155. George Harrap and Co., London, 1926. "Rabbi Meier beval aan den man dagelijks drie dankzeggingen aan, daarvoor, dat God hem niet als een heiden, als eene vrouw en als een dwaas had laten geboren worden." H. Bavinck: "De Vrouw in de hedendaagsche Maatschappij," p.26. Kok, Kampen, 1918. Hieruit blyk die algemene minagting van die vrou in die joodse kringe.

wie sy wil, maar net in die Here." 1 Kor. 7 : 39.

Wat die ontknoping van die huweliksband betref, uitgesonder langs die bogenoemde natuurlike weg, neem die Skrif 'n duidelike standpunt in waar dit lui in die 7de gebod: "Jy mag nie eg breek nie." Jesus bevestig dit as Hy sê: "Wat God dan saamgevoeg het, mag geen mens skei nie." (Mark. 10 : 8 - 9)

Dit is die algemene reël, maar nie die volstrekte reël nie. Daar bestaan gevalle waarin uitsondering gemaak mag word.

a. In die geval van owerspel of egbreuk:-

Hierdie grond vir egskeiding word deur Jesus duidelik gestel in Matt. 19 : 9. Op grond van Deut. 24 : 1 het die Fari-seërs 'n reeks gronde vir egskeiding gehuldig en dit is waarteen Jesus met krag opkom en die heiligheid en verhewenheid van die huwelik beklemtoon. Hy ontken dat 'n menslike skeibrief die huwelik kan ontbind. Die eerste huwelik bestaan volgens Christus nog voort, al het die man sy vrou weens ongeldige redes met 'n skeibrief weggestuur. Eers wanneer owerspel begaan is, is 'n wettige egskeiding veroorloof. Is daar 'n verlating of verstoting, sonder dat owerspel begaan is moet die man en die vrou ongetroud bly sodat hulle weer versoen kan raak. (1 Kor. 7 : 11)

b. In geval van kwaadwillige verlating om godsdienstige reds:-

Hierdie grond vir egskeiding is ontleen aan die uitspraak van die apostel Paulus in 1 Kor. 7 : 15. Hy laat hierdie skeiding geheel op die rekening van die ongelowige en verseker die

gelowige eggenoot(e) dat hy of sy nie bekommerd hoef te wees oor die vraag of hulle met hom of haar, wat wil skei, nog egte-lik verbonde is nie. Die huweliksband word deur die verlating van die gelowige om godsdienstige redes verbreek en die verlate- ne kan weer 'n nuwe huwelik aangaan.

Christelike kerke huldig egter 'n ruimer begrip van kwaadwillige verlating en pas dit toe op alle vorme van verla-ting, om watter redes ookal. So 'n verwatering lei dan ook tot verderflike praktyke. Soos vandag in ons egskeidingshowe word kwaadwillige verlating 'n voorafbeplande onderneming om by beide staat en kerk verby te kom. Die verskynsel neem nog steeds toe. In 1947 was "kwaadwillige verlating" die aange- gewe oorsaak in 645, in 1948 van 656 en in 1949 van 744 egskei- dings volgens die statistiek van die Hooggeregshof in Pretoria vir daardie gebied.

Streng genome, laat die Skrif slegs egskeiding en kwaadwil- lige verlating om godsdienstige redes as gronde vir egskeiding toe.

11. Die verhouding van die moeder tot haar kind:-

a. Die betekenis van geslagsgemeenskap en die verlange na kinders.

Die seksuele lewe is geen gevolg van die sondeval nie, maar 'n inherente deel van die skeppingsordinansie: "Hulle sal een vlees wees." Hieruit vloei die voortbring van 'n gesin. Die opdrag van die Here hiertoe vind ons in Gen. 1 : 28: "Wees



vrugbaar en vermeerder en vul die aarde, onderwerp dit en heers"  
.... Eers gee Hy Sy seën oor hulle, en saam ontvang man en vrou  
die opdrag; saam bou hulle die huis op (Rut 4 : 11) Met die  
skepping het die mens die toerusting hiertoe ontvang; hy is nie  
geslagsloos of eenslagtig geskape nie. Dat die geslagsdaad  
uiting is van die drang tot voortplanting, is 'n feit wat veral  
by die vrou tot uitdrukking kom.

Hier het ons te doen met die biologiese funksie van die  
gesin, wat baie nou saamhang met die verhouding tussen die eg-  
wiede en die bestendiging daarvan. „In die menslike lewe speel  
die ouerinstinkte, moederliefde, gehegtheid van die kind aan  
die ouers, ens. 'n baie belangrike rol om daardie band wat die  
bestendigheid waarborg, te skep en te versterk.”<sup>22</sup>

Die Skrif stel moederskap dan ook baie hoog. Uit gods-  
dienstige oogpunt sien die apostel dit waar hy leer dat hoewel  
die vrou verlei is en so die mensheid in sonde gedompel het,  
sy haarself weer kan red deur kinders te baar en in die geloof  
te bly". (1 Tim. 2 : 15) „Eens heeft ze die (eie heerlijkheid)  
gezocht in het leiden, maar het werd verleiden; vandaar dat het  
leiden, het heerschen, haar voor altijd is ontzegt. Niet daar-  
in zal nu haar heerlijkheid liggen, maar in het kinderbaren,  
ondanks de als straf daaraan nu vastgeschakelde smart. Want in  
het kinderbaren is de vrouw de moeder mogen worden van den

---

22. J. de W. Keyter: „Die huwelik en gesin,”

Zaligmaker, het vrouwenzaad",.....<sup>23</sup> Die instelling van die leviraatshuwelik onder die ou verbond (Deut. 25 : 5) toon dat die voortbring van 'n nageslag 'n primêre veronderstelling in die huwelik is. Ontduiking van hierdie plig word met die dood gestraf (Gen. 38 : 8 - 10). 'n Talryke kroos word met dank erken as bewys van die guns van God (Deut. 28 : 4, Ps. 113 : 9, Spr. 17 : 6) terwyl kinderloosheid opgevat word as 'n besoeking van God (1 Sam. 1 : 6) en 'n straf. (Jes. 47 : 9)

Die vrou verlang uit die aard van haar wese meer na ouerskap as die man. Sy sal wel haar kind met smart baar, maar ook dit het in die praktyk die uitwerking dat dit die band tussen moeder en kind verinnig en verstewig.<sup>24</sup> „Bij den man is de voortplantingsdrift wat meer op den achtergrond verskoven; het verlange naar een kind sluiment vaak en ontwaakt pas wanneer hij zijn eersteling in de armen houdt.“<sup>25</sup> Die verlange van die ware moederhart word die duidelikste weerspieel in die geval van die kinderlose Ragel (Gen. 30 : 1) en Hanna (1 Sam. 1:10-11).

---

23. C. Bouma se aantekening by 1 Tim. 2 : 15. Korte Verklaring reeks, Kok, Kampen, 1937.

24. Of pynlose geboortes, wat tans deur die wetenskap moontlik gemaak word, dieselfde uitwerking het, is 'n ope vraag. Op Skrifgronde is dit wel toelaatbaar, want die mens word geroep om die natuur te onderwerp en te beheers. Die beswaar word geopper dat dit in stryd is met die goddelike verordening van Gen. 3 : 16, nl. dat die vrou haar kind met smart sal baar. Die redenering gaan egter nie op nie, want die hele proses van voorgeboorte, ens. gaan met pyn en ongerief gepaard, en die uitspraak van Gen. 3: 16 bly staan as 'n lewensfeit.

25. Dr. A.C. Drogendijk: „Man en Vrouw,“  
Kok, Kampen, 1947.

Treffend is die ooreenkoms van haar dankbare lofsang met die van Maria, die moeder van Jesus. In hierdie jongmeisie van Nasaret is die vrou in ere herstel en moederskap geheilig.

By die studie van die haas beheersende rol wat die vroulike organisme vervul ten opsigte van bevrugting en die voortbring van die nuwe lewe, kan ons nie anders as om haar as die hooffaktor in die voortplantingsproses te bestempel nie.

#### Die vraagstuk van geboortebepanking.

In die verband wil ons graag hierdie moderne verskynsel toets.

Gedurende die afgelope 50 - 100 jaar het onder die volke van die weste die sterftesyfer sowel as die geboortesyfer afgeneem; laasgenoemde egter die vinnigste. In sommige lande was daar nie eens meer 'n aanwas van bevolking nie, want die sterftesyfer het die geboortesyfer ingehaal soos in die geval van Frankryk en feitlik ook in Engeland. Die moeders in Skotland, Duitsland, Hongarye, Oostenryk, Tseggo-Slowakye, Denemarke, Swede, Noorweë, Australië, Nu-Seeland en selfs in die V.S.A. bring nie meer genoeg kinders voort om die huidige bevolkings op 'n permanente grondslag in stand te hou nie. In hierdie lande is die reproduksiesyfer minder as een. Wat ons eie land betref, was in 1921 die getal egte geboortes per 1000 getroude vroue (blankes) tussen 15-45 jaar, 219,25; in 1946 was die getal 176.44. Die westerse lande is vandag sonder uitsondering oor hul kinderarmoede begaan en van die volksmoeders word oral meer

kinders gevra, terwyl die staat ingryp met gesinstoelaes, huweliksvoorskotte, kindersweltaart, wette teen aborsie, ens. En dit alles terwyl die oosterse volke vinnig aanwas deurdat die hoë geboortesifer stabiel bly terwyl die sterftesifer met sukses afgedruk word.

Dit was Thomas Robert Malthus wat uit ekonomiese motiewe sy probleemstelling dat die bevolking in 'n meetkundige reeks toeneem, terwyl die bestaansmiddele in 'n rekenkundige reeks vermeerder, gestel het. (Essay on Population, 1798) Die vooruitgang op landbou en industriële gebied, wêreldvervoer e.a. faktore het egter 'n ommekeer gebring. Die skynprobleem vir Malthus van oorbevolking het na die ander kant van die skaal beweeg as 'n ware probleem van bevolkingsarmoede. Die veranderinge op materiële gebied het helaas ook ons sin vir waardes en norme verander, en vind geboortebeperking vandag deur wetenskaplike en kwaksalwermetodes uit selfsugtige motiewe in haas alle lande plaas. Dit het 'n internasionale, groeps en individuele vraagstuk van die eerste rang geword. "Modern birth control represents one of the most important changes which have ever affected human society - the problem now is one of adjusting individual cases, social classes and cultural lags. The lower classes over-reproduce, the upper classes practise race suicide, the biological quality of the race is threatened and the more able classes are economically burdened to care for the feebleminded."<sup>26</sup>

---

26. J.K. Folsom: "The Family,"  
John Wiley and Sons, London, 1934.

Geboortebepërking het deur die skeiding van die huwelik en die gesin sy beslag gekry. Ook ander faktore, byv. ekonomiese en opvoedingsmoontlikhede, inkorting van persoonlike vryhede, die sieklike sentiment waarmee die verwagterende moeder bejeen word, die vreeskomplekse vir geboorte wat opgewek word ens., lei tot 'n afkeer van swangerskap en die skeiding tussen huwelik en gesin is 'n voldonge feit - 'n verskynsel met abnormale sosiale en persoonlike konsekwensies.<sup>27</sup> Hoewel ons nie die materiële en omgewingsaspekte van die vraagstuk uit die oog wil verloor nie, lê die oplossing veral in die verandering van lewensbeskouing: 'n Hersiening van ons waardes in die lig van Gods Woord het noodsaaklik geword en vereenselwig ons ons met die uitspraak: "I think that we get into a perfectly hopeless muddle of conflicting standards if we take any other than the religious point of view here."<sup>28</sup>

Die Skrif weet niks van 'n willekeurige skeiding van huwelik en gesin nie - ons mag slegs onderskei tussen die twee begrippe. Ondubbelsinnig word teen selfsugtige geboortebepërking opgetree. Dit staan lynreg teenoor die opdrag om vrugbaar te wees en te vermenigvuldig. (Gen. 1 : 28) Die voortbring van 'n nageslag word deurgaans as die natuurlike uitvloeisel van die huwelik en as sodanig as 'n seën beskou. (Gen. 49: 25, Neh.9:23,

---

27. J.de.W.Keyter: Klasaantekeninge, Sos. 111, 1946

28. Uitgespreek deur 'n medikus-sosioloog en aangehaal deur Folsom: "The Family".

1 Tim. 2 : 15.) Ook waarsku die profeet baie direk: "Wee hom wat vir die vader sê: „Waarom verwek u? en vir die vrou: „Waarom het u weë?" (Jes. 45 : 10) Saam hiermee gaan die vertroue in God wat vir die kindertjies sal sorg, want Hy weet wat ons nodig het. (Matt. 6 : 25 - 34)

Waar die Woord selfsugtige en eiewillige geboortebeperking veroordeel, wil dit nie sê dat hiermee alle geboortebeperking uit egte motiewe en 'n deeglike geboortereëling verdoem staan nie. Die mens word geroep om te onderwerp en te beheers, ook op hierdie terrein.

b. Die gesag van die moeder in die gesinsorganisasie.

Diegene wat die patriargale alleenheerskappy van die paterfamilias op grond van die Skrif wil regverdig, moet noodwendig 'n verdraaide en eensydige vertolking van laasgenoemde gee.

As gesagsdraer oor die vrou, volg dit vanself dat die vader ook gesinshoof is en verantwoordelikheid vir die geestelike en stoflike behoeftes daarvan moet aanvaar. Op hom rus die verpligting om te waak vir die eer van die gesin, die eiendom te beheer en die algemene welvaart daarvan te bevorder. So was onder Israel die huisvader se mag wettelik gereël: Hy kon van sy vrou skei, onder bepaalde voorwaardes die geloftes van sy eggenote of dogter repudieer, 'n wees<sup>er</sup>spannige seun na die oudstes van die stad bring, ens. In die Skrif vorm die huisgesin

met die vader aan die hoof, een organiese geheel. Ook diensbodes en slawe word ingesluit. Die opvoeding van die kinders, uit die oogpunt van gesag, berus by die huisvader as sy aangewese taak. Vgl. Spr. 13 : 1, Ef. 6 : 4, Heb. 12 : 7 - 9.

Ons moet hier egter probeer onderskei. In die reël word die "juridiese" gesag in die gesin aan die vader toegeken, terwyl, wat die "sedelike" gesag betref, vader en moeder op gelyke voet staan. Op grond van die 5de gebod verkry die moeder naas die vader die eerbewys van die kind. Haar gelyke gesinstatus blyk verder uit: "Elkeen moet sy moeder en sy vader vrees." (Lev. 19 : 3) Die moeder word hier selfs eerste genoem.

Pas ons hierdie beginsel van onderworpenheid aan die een kant sowel as gelykheid in die praktyk toe, kan ons op Skrifgronde byv. opkom teen die gebruik van ons eie howe om die vader as enigste voog oor die kinders te erken. 'n Juister vertolking is dat die beheer oor die kinders "ouerlik" en nie "vaderlik" moet wees nie. Ouers behoort dus die gesamentlike voogde oor hul kinders te wees, met dien verstande dat die vader die reg moet hê om indien meningsverskille voorkom, oor die geskilpunt te beslis - d.w.s. as hy sy vaderlike verpligtinge nakom.

Dit is vanselfsprekend dat wanneer die eggenoot deur siekte, besigheidsreise, of deur die dood aan die gesin ontnem word, die moeder as gesinshoof in sy plek tree.

---

29. Vgl. vir 'n volledige bespreking oor hierdie saak: Die verslag van die kommissie i.s. die regsonbevoegde van vroue, Staatsdrukker, Pretoria, 1949. p. 19-23.

c. Die moeder en gesinsopvoeding:-

Hier kom ons op die terrein van die kulturele funksie van die gesin.

As gevolg van die veranderinge in die gesinslewe self sowel as in die maatskaplike orde in die algemeen, het die ouerlike opvoeding (die aard daarvan en die geleentheid daartoe) ernstig in gedrang gekom. Om verskillende redes is die herstel van 'n gesonde huislike opvoeding 'n noodsaaklikheid. "The parent-child problem of to-day, like the other problems of the family, may be viewed as a cultural lag. Here again the dynamic force is individuation. The forces working upon children through the school, the community, the movies, tend to differentiate their interests and attitudes. The traditional family culture, on the other hand, calls for assimilation, for homogeneity of attitudes and values within the family group."<sup>30</sup>

Veral in die geval van diemwoorskoolse kind waar fundamente gelê word, is die huisgesin die vernaamste opvoedingsfaktor en hier lê veral die moeder se taak. Die vader se beroep bring in die reël sy uithuisigheid mee. "Gaaf de taak der ouders op in het voeden en opvoeden hunner kinderen, aanvankelik heeft de moeder deze taak schier alleen te vervullen. Onderplicht is dan bijkans alleen moederplicht".....<sup>31</sup> Waar Folsom

---

30. J.K. Folsom: "The Family," p. 522.

31. Geesink: "Van's Heeren Ordinantiën, IV, p. 29.



wys op afwykende kinderpersoonlikhede, kan hy konstateer: "Yet all the studies show that it is the mothers attitude towards the child which counts, and that several different attitudes may be associated either with spending much time or little time with the children".<sup>32</sup> Verstaanbaar is dit wanneer ons Lincoln hoor sê: „Wat ek is, het ek aan my moeder te danke" en Spurgeon die stelling neerlê: „Die meeste mense is waartoe hul moeders hulle gevorm het."<sup>33</sup>

In die Israelitiese samelewing was beide seuns en dogters in hul eerste lewensjare (seuns blykbaar tot hul 5de jaar) aan die sorg van hul moeder toevertrou. Alleen in welaf gesinne is van private onderwysers gebruik gemaak. Die dogter het in die vroulike kwartiere van die huis gebly totdat sy trou — alles feite wat 'n gesonde huislike opvoeding so noodsaaklik gemaak het.

Die Skrif wil die christenmoeder in die eerste plek daarop wys in watter lig sy haar kind moet beskou, nl. nie alleen as vrug van haar liggaam nie, maar ook as 'n skepseltjie van God, (vgl. Ps. 139 : 13 - 16) wat helaas ook deur die sonde bedorwe is en die voorwerp moet wees van Gods verlossende genade. Ook moet sy as gelowige glo dat haar kind 'n verbondskind is en derhalwe heilig. 1 Kor. 7 : 14.

- 
32. J.K. Folsom: "The family and democratic society", p.337.  
John Wiley and Sons, New York, 1945.
33. Aangehaal in die Christelike Encyclopaedie IV. p.234.  
Kok, Kampen, 1925.

Hieruit volg dat sy deur voorbeeld, onderrig en gebede haar kind sal beïnvloed. Wat die onderrig betref, het dit in die Skrif veral betrekking op die godsdienstige en morele lewe. In Eunice woon die krag van die geloof en sy voed haar seun Timotheus, die held vir die Evangelie, daarin op (11 Tim. 1 : 5, 3 : 14-15). Steeds word die ouerlike onderrig gestel as noodsaaklik vir die voortgang van die bondevolk-gedagte by Israel en in die Nuwe Testament vir die voortsetting van die christelike lyn, en word dit aan die ouers opgedra om hul kinders met betrekking tot bestaande denkwyses te indoktrineer; veral moet dit dien as 'n bolwerk teen invloede van buite. In hierdie reusetaak moet die ouers in alle opsigte 'n eenheidsfront vertoon, en kan huwelike tussen gelowiges en ongelowiges, of selfs tussen persone van verskillende belydenis, volksverband, ens. tragiese komplikasies meebring.

Hiermee hang die innerlike aanvoeling van die ware moeder saam. Die vader is die hoof, maar die moeder die hart van die gesin. Haar lewe deurtril die lewe van haar kind. Tussen moeder en kind lê 'n misterieuse band wat geen koue wetenskap ooit kan peil nie. So vergelyk die Here Homself met 'n moeder wat haar suigeling nie kan vergeet nie en spreek Jesaja van die moeder as die vertrooster van haar lydende kinders. (66: 13)

Die Skriftuurlike standpunt is dat die hoogste en uitnemendste waardigheid van die vrou in haar optrede as moeder lê. Vir die christenmoeder is haar huis 'n heilige plek waar sy vir kerk en volk 'n onberekenbaar gewigtige roeping te vervul het.

d. Die moeder en die stoflike gesinsbehoefte:-

„Wie kinderen in het leven wekt, moet ze ook in het leven houden.”<sup>34</sup> Ook die liggaamlike behoeftes van die gesin is aan die sorg van die moeder toevertrou. Die beste voorbeeld van moedertrou wat nie die verderwing van selfs die doofe liggame van haar kinders kon aanskou nie, is die geval van Rispa, die bywyf van Saul. (11 Sam. 21 : 8 - 12).

Wanneer ons die terrein van die huislike lewe (in die sin van die lewe binne die huis) betree, kom ons in die ware koninkryk van die vrou. Haar koninginskap vloei voort uit haar natuurlike aanleg en die Skrif erken haar as die sentrum van die huislike lewe.

Gen. 2 : 24: „Daarom sal die man sy vader en sy moeder verlaat en sy vrou aankleef.“.....

1 Tim. 5 : 14: „Ek wil dan hê dat die jong weduwees moet trou, kinders baar, hulle huise regeer.....

Die moeder moet oor die interne huislike sake toesig hou op 'n vrye en onafhanklike wyse. Talle voorbeelde hiervan tref ons in die Skrif aan. Sy spin en voorsien in die behoefte van kleding vir die gesin (Spr. 31 : 13, 19, 21); sy berei maaltye voor (Luk. 10 : 40, Gen. 18 : 6); sy nooi gaste uit en trakteer hulle (Joh. 12 : 2) ens. As beste prototipes van die sorgsame vrou wat voorsien in liggaamlike behoeftes, geld hulle wat vir Jesus tydens Sy omwandeling vergesel en blykbaar in hierdie be-

---

34. B. Wielenga: „De Huwelijk als inzetting Gods,” p.140.

hoefte voorsien het, (Luk. 8 : 3) asook die gesin van Betanië wat hul huis vir die Meester oopgestel het. (Luk. 10 : 38.)

Daarom het die vrou in haar huis 'n belangrike ekonomiese taak. Sy is die hoof faktor in die peil van lewenstandaard wat die gesin kan bereik. "The wage income alone does not indicate the level at which the family is maintained. Much depends upon the intelligence and organization with which that income is used."<sup>35</sup> Dit gaan hier dus om die begrip en kennis van gesinsbegroting en gesinsinkomste, wat nie net eenmaal bereken en vasgestel kan word nie, maar wat van tyd tot tyd kan wissel om by veranderde maatskaplik-ekonomiese toestande aan te pas.

Die daarstelling en uitvoering van 'n gesinsbegroting stel veral aan die moeder hoë eise. Hoewel dit van gesin tot gesin verskil, dien die volgende beginsels in ag geneem te word: a. 'n Langtermyn-skema moet uitgewerk word; b. noukeurige uitvoering moet aan voorgenome planne gegee word, wat strenge dissiplinering vereis veral omdat die huidige behoefte aan weelde dikwels die noodsaaklike behoeftes oorskadu; c. daar moet vooruit vir die onvoorsiene moeilike tye gespaar word; d. krediet moet tot 'n minimum beperk word, veral wat die primêre lewensbehoefte betref, ens.<sup>36</sup> As verbruiker oefen die huisvrou dus 'n belangrike invloed op die hele ekonomiese struktuur uit en word dit bereken dat sy in Suid-Afrika ongeveer 90% van die ver-

---

35. M.C. Elmer: "The Sociology of the Family," p.245.

36. Jo Prinsloo: "Die Vrou in die ekonomiese wêreld".  
Artikelreeks in "Die Volksblad", dagblad, Nasionale Pers,  
Bloemfontein, 1. Julie 1948.

bruiking van alle kleinhandelsgoedere beheer. Die huisvrou as groep besluit daagliks hoe 'n kolossale som geld bestee moet word.<sup>37</sup> Die behartiging van werbruikersbelange dien deur die bestaande vroueorganisasies aangepak te word.

Verder is dit die taak van die moeder om die huislike milieu, die atmosfeer in die huis, te skep en te veraangenaam. Dit is veral haar taak om die huis die middelpunt in die lewens van die gesinslede te maak; en dit kan alleen waar haar persoonlike invloed beheersend is.

Die vraagstuk van die getroude vrou in beroepsarbeid:-

Daar ons hier met die sleutelprobleem van die plek van die vrou in die gesinslewe te doen het, verdien dit aparte behandeling (Hoofstuk IV) waar die feit, die oorsake en gevolge van vrouearbeid in verband gebring moet word met die huidige krisis waarin die huwelik en gesinsinstelling verkeer. Hier konstateer ons dus slegs die Skrifbeginsels wat ons daartoe bring om prinsipieel die verskynsel van die getroude vrou in lonende buitenhuisse beroepsarbeid te bestry:

a. Soos reeds daarop gewys, leer die Skrif dat die eggenoot die hoof en gesagsdraer in die gesin is. Hy is geroep as broodwinner (Gen. 3 : 17-19). Ons eerste beswaar is dat die ekonomies selfstandige vrou in die huwelik teenoor haar eggenoot in 'n posisie geplaas word wat nie met sy gesagsposisie in die

---

37. Anna Louw: "Die vrou en die handel". Artikel in "Die Huisgenoot", wêeklikse tydskrif, Nasionale Pers, Kaapstad, 12 September 1947.

gesin gerym kan word nie.

b. Die Skrif leer dat die huis en die reëling daarvan (1 Tim. 5 : 14) die taak van die moeder is. Die man se ekonomiese roeping lê na buite, die van die vrou na binne. In Spr. 31 word die taak van die moeder as huisvrou geteken en hieruit blyk haar oorheersende rol in die huisekonomie. (Verse 13, 15, 17, 19, 21, 27.) Waar ons in die Skrif die vrou besig vind met buitenhuse werk, byv. Rebekka die waterputster of Ragel die herderin, staan dit steeds in verband met die huis en sy behoeftes.

c. Die voortbringing van kinders is volgens die Skrif die hoogste roeping van die vrou (Gen. 1 : 18, 1 Tim. 5 : 14.) Dit impliseer nie alleen die verwekking van nuwe lewe nie, maar ook die versorging en opvoeding van die kind wat die persoonlike invloed van die moeder nie kan ontbeer sonder dat groot skade berokken word nie. Deur beroepsarbeid buite die huis om word die moeder in hierdie roeping in 'n besondere mate gestrem.

d. Waar die eggenote tog op terreine beweeg wat haar uithuisigheid meebring, moet dit bestaan in liefdediens teenoor God en haar medemens; terreine wat verband hou met haar hoogste roeping en waar sy haarself as vrou kan uitleef. So vind ons die vroedvroue in die tyd van Moses, Febe, die gemeentearbeidster in Kenchreë, Dorkas, die vrou oorvloedig in aalmoese en goeie werke, ens. As voorbeelde van sodanige arbeidsterreine vir die vrou van ons dag dien liefdadigheidsdienste, opvoedingsaange-

leenthede, voedingsprobleme, gesinsake, e.a.

111. Die verhouding van suster en broer:-

Dit is die derde grondverhouding in die gesinslewe waar-  
in die vroulike geslag betrokke is. Hier is van gesag geen  
sprake nie, daar die gesag van die ouers broers sowel as susters  
betrek.

Die band tussen broers en susters is minder sterk as die  
tussen eggenoot en eggenote of ouer en kind, maar is tog van  
die grootste belang. Op samelewing is heel die menslike geslag  
ingerig en daarvoor lê die saamlewe van broers en susters ten  
grondslag. Op klein skaal ontstaan in die gesin 'n saamlewe  
tussen meerdere persone, tussen oud en jonk, tussen kundiges en  
minder begaafdes, tussen seuns en dogters - maar in hierdie  
kring voel 'n mens as vanself nie in die eerste plek sy selfstan-  
digheid as individu aan nie, maar meer sy samehørigheid tot an-  
der. Hier in die gesin heers 'n onderlinge vertrouë, 'n gevoel  
van aaneensluiting, soos 'n mens dit aanvanklik teenoor andere  
nie kan besit nie. "Any group of people living together would  
react upon each other. The home intensifies such responses  
and gives them added meaning because of the closeness of the con-  
tact and the attitudes each person takes towards the group life"<sup>38.</sup>  
Op die wyse vorm die saamlewe van broers en susters onder die ge-  
sag van die ouers 'n voorbereidingskool vir die lewe.

---

38. E.R. Groves: "Social problems of the Family", p.195.  
Lippincott Company, Philadelphia,  
1927.

Gepaard met die algemene veranderinge met betrekking tot die instelling van die huwelik en gesin, het die verhouding tussen broers en susters meer ingewikkeld geword. Die band het in ons moderne gesin baie verslap en Groves wys daarop dat "the family as a group experience is even less stable than the family as an institution. Indeed, it is the unstable character of the specific family that forces the institution to change."<sup>39</sup>

Daar is so baie faktore wat die huislike organisasie beïnvloed, soos ouderdomme van ouers en kinders, verhouding tussen ouers, kindergetal, mate van uitoefening van ouerlike gesag en opvoeding, aanleg van kinders, gesinstatus, ens; faktore wat die hegtheid van die band tussen die kinders bepaal. Hierby kom nog dat die huislike sfeer nie die enigste woord in die lewe van die kind spreek nie, en dit is waar as Groves praat van "childhood is largely a battleground. Each one that touches his life becomes a source of reaction and stimulation,"<sup>40</sup> nie slegs positief nie, maar ook negatief.

'n Groot deel van die huidige problematiek in die ouers-kind verhouding val egter weg indien 'n gesonde wisselwerking tussen die kinders onderling bewerkstellig kan word.

In die lig van die Skrif kan ons in die eerste plek die stelling neerlê dat die suster die reg het op die broer se beskerming, teenoor buitestaanders sowel as teenoor medegesinsgenote. Sy is die swakkere en kan haarself dikwels nie handhaaf

---

39. Idem,

p.194.

40. Idem,

p.218.



nie. So het die seuns van Jakob 'n sedelike verpligting teenoor hul suster aangevoel toe hulle haar eer gewreek het; (Gen. 34) 'n gebaar wat ons moet aanprys afgesien van die huigelagtige metodes wat hulle gebruik het. Ook Absalom besef as oudste broer sy verpligting om sy suster Tamar se eer te wreek teenoor sy broer Amnon (11 Sam. 13.)

Aan die ander kant vind ons loflike voorbeelde van liefdediens en opoffering van die kant van die suster teenoor haar broer: Die teenwoordigheid van gees by Mirjam spaar die lewe van haar broertjie Moses; (Ex. 2 : 5); Maria en Martha doen moeite om die Here Jesus te laat weet en dit lei tot die opwekking van hul broer Lasarus. (Joh. 11 : 3)

So vind die wisselwerking tussen broers en susters in die huislike sfeer plaas en so slyp die een die ander. Die Skrif sê ook 'n besondere plek in die huis aan die eersgeborene toe, hetsy broer of suster.

#### Gevolgtrekkings:\*

Uit die voorafgaande ondersoek van die Bybelse uitsprake oor die huwelik en gesin vind ons dan die volgende algemene riglyne wat ons as norme moet aanwend om die posisie van die vrou in hierdie verband te beoordeel:-

1. Die gesin lê ten grondslag van die hele sosiale struktuur en daar dit tans in 'n krisis verkeer, is ons genoodsaak om prinsipiële riglyne op te stel om sodoende rigting te gee aan 'n maatskappy wat grootliks sy sin vir lewenswaardes verloor het.

11. Die goddelike instelling van die huwelik en gesin, die verhewe elemente daarvan en die strenge monogamie dien benadruk te word; dit is noodsaaklik ook omrede van die belang van die huwelik vir die versekering, beskerming en ontplooiing van die persoonlikheid van die vrou.

111. In die egtelike verhouding moet ons rekening hou met die wisselwerking van twee aspekte, nl: a. As eggenote moet die vrou haar aan die gesag van haar eggenoot onderwerp in dieselfde sin as wat die gemeente aan die outoriteit van Christus onderworpe is. Die roeping van die eggenoot is om sy gesag en leiding in ooreenstemming met Gods Woord suiwer te hou en sy eggenote lief te hê soos hy sy eie liggaam het. b. As moeder dra die vrou teenoor die kinders gelyke gesag met die vader. Sy is ten dele vir hul opvoeding en geheel vir die versorging van die liggaamlike behoeftes van die gesin verantwoordelik uit middele wat die vader <sup>deur</sup> sy arbeid aan die huis besorg. As sentrum van die gesinslewe gee sy die ware toon in die huis aan.

1V. Die huwelik is in beginsel onverbreekbaar, behalwe in die geval van ontrou wat bestaan in owerspel, en kwaadwillige verlating om godsdienstige redes.

V. In die uitvoering van die biologiese funksie van die gesin is die eggenote die hoofpersoon. Hier het sy haar hoogste roeping te vervul, nl. dié van eggenote en moeder; en enige ander terrein waarop die vrou haar mag begeef wat indruis teen

of skadelik is vir hierdie roeping, moet afgewys word.

Vl. 'n Gesonde verhouding onder toesig en gesag van die ouers dien tussen broers en susters gehandhaaf te word ten einde die bande wat die gesinslewe aanmekaar bind, te verinnig en te verstewig.

## HOOFSTUK 11.

### DIE VROU IN DIE KERKVERBAND.

Inleiding: Die begrip kerk en haar sosiale roeping.

Wanneer ons die wese van die kerk wil benader, is dit voor alles nodig om na te spoor onder watter benaminge dit in die Skrif voorkom.

In die Ou Testament vind ons twee woorde wat die betekenis van ons woord „kerk” weergee. Die eerste tref ons aan in Ex. 12 : 3 wat vertaal word deur „vergadering van Israel” en wat wys op die samekoms van die volk Israel as die volk van God. Die ander woord druk meer die begrip van eenheid uit en kan vertaal word met „gemeente”. (Ps. 22 : 23) Hierdie woorde dui op „die gemeenskap van almal wat die teken van die besnydenis ontvang het en dus deel uitmaak van die volk van die verbond.”<sup>1</sup>

In die Nuwe Testament is die woord ekklesia (Matt.16 : 18) die benaming vir die gemeente van Christus. Dit is afgelei van 'n woord wat „saamroep” beteken. Ons woord „kerk” kom van die Grieks kuriaké en beteken: Die Here Jesus syne. Met hierdie woorde wil die Skrif ons leer dat die kerk van die nuwe bedeling die vergadering is van almal wat deur God geroep is tot geloof in Christus, en dus die gemeenskap van hierdie uitmaak. Hier-

---

1. Die Christelike Encyclopaedie, onder redaksie van Groshede o.a., Kok, Kampen, 1925. Deel 111, p.333.

die Skrifgefondeerde wesensbepaling is nodig wanneer ons die organisasie van die kerk benader en sal ons behoed vir wanvoorstelling met betrekking tot haar wese en optrede na buite. So sien die staat in die kerk 'n blote „maatskappy" en behandel haar as sodanig. Sommige rigtinge onder invloed van die "social gospel"-idees, het weer geen oog vir die kerk as heilsinstituut nie en wil haar inrigting en boodskap slegs sosialiseer.

In verband met die vorme waarin die kerk openbaar word, onderskei ons tussen die sigbare en die onsigbare gestalte daarvan. Laasgenoemde is die geestelike ideële syn wat slegs die voorwerp van geloof kan wees; dit is onsigbaar omdat die bestaan en die geestelike goedere daarvan nie gesien kan word nie. Op hierdie vlak is daar geen verskil tussen man en vrou nie - in die geloof staan alle mense voor God gelyk. (Vgl. Gal. 3 : 28) Die sigbare kerk is die gemeenskap van gelowiges soos ons dit sien fungeer in hierdie wêreld as instituut en as organisme.

Waar ons die saak sosiologies benader, het ons slegs 'n oog vir die sigbare kerk in haar institutêre vorm met haar inrigtinge, ampte en bedieninge. Sodanige inrigting van die kerk vind ons reeds in die Ou Testamentiese tydperk, waar die ampte van priester en profeet, talryke seremonies, en seremoniële handeling bestaan. In die teokratiese Israëlietiese maatskappy was staat en kerk so nou verenig dat burger en gelowige, nasie en volk van God saamgeval het. Daar was één goddelike wet wat die hele lewe van die volk Israel beheers het. „In Israel kon

men zeggen, dat heel de kerk ook heel het volk was, al wisten de Godsgetuigen zeer wel dat niet alle zonen en dochters Abrahams ook in geestelijke zin kinderen waren van den vader der geloovigen."<sup>2</sup> Met die ballingskap en die latere verstrooïing van Israel word staat en kerk geskei. Die sinagoge word almeer die middelpunt van die religieuse lewe en word selfstandig georganiseer. Christus laat sy kerk ook nie ongeordend nie, maar stel die apostolaat in en in die apostoliese tydvak volg die ampte van diaken en ouderling. So word die kerk as 'n selfstandigheid midde in die sosiale lewe georganiseer en bevestig, en vind sy haar plek as 'n instelling wat in die sosiale organisasie 'n verhewe roeping het.

Gespaard met die suiwere wesenbepaling gaan die suiwere siening oor die rol wat die kerk moet vervul in die sosiale orde. Die vraag is of die kerk ook 'n sosiale taak het, of staan sy buite en verhewe bo die maatskaplike lewe van die gemeenskap? Reeds deur middel van haar gewone verrigtinge soos prediking, katekisasie, huisbesoek, armesorg, ens., vorm die kerk 'n mag in die samelewing. Sy kan nie buite die maatskaplike vraagstukke bly nie, omdat sy midde in die maatskappy staan. "De maatskappy is een organisasie van menschen met regeling van hun onderlinge verhoudingen, rechten, plichten. De kerken zijn organisaties van diezelfde menschen met regeling van hun onderlinge

---

2. C. Smeenk. "Christeljk# Sosiale Beginselen 1, p. 188.  
Kok, Kampen, 1934.

verhoudingen, rechten, roeping. Nu kunnen zij immers niet buiten elkaar omgaan."<sup>3</sup> Die woord wat die kerk moet uitdra, ontsteek lig vir elke terrein van die lewe; en naas haar hoofdoel om mense daartoe te lei om hulle met God te versoen, staan die roeping van die kerk om die Raad van God vir alle lewensterreine te verkondig. Die Evangeliese boodskap raak immers nie alleen die lewe hiernamaals nie. Daarom moet die kerk die kans (binne haar grense) begryp, haar sosiale taak vervul en haar kragte mobiel maak. Uit die aard van haar roeping volg dat sy voortdurend in aanraking kom met maatskaplike kwessies wat sy nie kan ignoreer nie.

Hierdie sosiale taak mag egter nie meebring dat die kerk haar aan maatskaplike toestande akkommodeer nie. Seifert wys op die ernstige gebrek in die hedendaagse kerke, nl. "its reluctance to practice social nonconformity. The church has not been immune to the temptation to make its own structure the important end..... To gain the favour of contemporary society, we have accommodated ourselves to its sins."<sup>4</sup> Die kerk mag nie revolusionêr wees omdat tye revolusionêr is nie, maar dan moet juis haar reformatoriese krag na vore kom. „De kerk, als zij weet wie zij is, oriënteert zich niet aan de tijd, hoe schokkend

- 
3. J. R. Slotemaker de Bruine: „Christeljk Sociale Studiën II, Ruys, Utrecht, 1924. p. 14.
  4. Harvey Seifert: "Fellowships of Concern", Abingdon - Cokesbury Press, New York, 1949. As voorbeeld hiervan geld die verslapping van die Kerklike tug in hedendaagse kerke. p. 20.



die ook is. Zij heeft haar marchbevelen van elders."<sup>5</sup>

Waar ons dus vir die kerklike instituut in die maatskaplike orde bestaansreg opeis, moet veral teen twee uiterstes ge-  
waak word: Die een uiterste is die van die Roomse Kerk, wat alle sosiale aksie onder die leiding en gesag van die kerk wil dwing. So eis hulle in Nederland met betrekking tot die arbeidsbeweging: „Wil een katholieke werklidenvereniging gedijen, dan moet zij geleid en geregeerd worden door het katholiek Episcopaat, dat de Heilige Geest gesteld heeft tot het bestieren der kerke Gods."<sup>6</sup> Vandaar dat hierdie kerk op sosiale terrein gebied, terwyl die protestantse kerke alleen getuig. Die ander uiterste is dié van Rothe, Dörries e.a. (in navolging van Luther wat byv. onderwys en armesorg slegs aan die staat oorleet) wat die kerk slegs as „Cultusgemeinde" regverdig.<sup>7</sup> Die kerk mag haar, volgens hulle, nie inneng met sosiale aangeleenthede nie en moet haar slegs bepaal tot die erediens en godsdienstige onderrig; sy mag slegs 'n oog hê vir die „jenseit" van die graf.

Hierteenoor handhaaf ons dat die kerk die beginsels van die Woord wat ook vir die sosiale lewe geld, met krag moet verkondig. Talryk is die Skriftuurplase wat handel oor die huwelikslewe, oor die maatskaplike verhoudinge, oor die regte waardering van stoflike goedere, oor die owerheid, ens. Die betekenis van die verlossing deur Christus is, volgens die Skrif,

---

5. H. Kraemer: „De roeping der Kerk", p.14.  
Daamens Uitgevers, Gravenhage, 1945.

6. Aangehaal deur Slotemaker de Bruine in bogenoemde werk, p.79

7. Slotemaker de Bruine: Christelijk Sociale Studien," p.20.



wêreldomvattend. Verder moet die kerk dié beginsels op haar eie terrein toepas, byv. in haar armesorg, stryd teen sosiale euwels, ens. Sy mag egter nie ingryp in die praktiese lewe nie. So word die kerklike instituut byv. geroep om die christelike ideale verhouding tussen werkgewer en werknemer in haar prediking voorop te stel, dog nie om self vakbonde te stig nie. Dit sou haar buite haar terrein voer.

In die samelewing kom dit veral aan op die gesindheid of geesteshouding eerder as op die onmiddellike daad; en eersgenoemde is juis die terrein waarop die kerk en haar boodskap beweeg. Seifert beweer dat "our important social dilemmas are at bottom due to the lack of spiritual foundations. The social choices which will aid or blight men for generations to come are expressions of the values to which men give allegiance. For example, will there be war or world organizations? The answer to a great extent will be determined by our loyalties. Are they ethnocentric or inclusive? The decision to be made by democracy and dictatorship involves our basic view of man. Whether we shall experience an era of plenty or of depression depends largely on the extent of our selfishness or altruism."<sup>8</sup> Hoewel ons Spiele<sup>9</sup> moet toegee dat die veelheid van kerklike institute die opvoeding van die volksgewete bemoeilik, is dit tog waar dat die breër beginsels van Skrif en christendom deur die

---

8. H. Seifert: "Fellowship of Concern". p. 13.

9. B. Spiele: "Kerk en maatschappelijk geweten". Van Gorcum en Kie., Assen, 1932.

pluriforme kerk<sup>10</sup> in so 'n mate uitgedra word dat ons daarvan kan praat as die „maatskaplike gewete“ indien sy haar roeping as lig van die wêreld en sout van die aarde nakom. Die kerk moet haar lede toerus en uitstuur om (as organisme en nie as instituut nie) die Skrifbeginsels wat sy verkondig, in die praktyk toe te pas. „De menschen, die uit de kerken komen, komen terug in het maatschappelijk leven. En zij doen daar iets; zij handelen. En zij passen dus toe of passen niet toe, wat zij in de kerken hebben beleeden, gezongen, gebeden, gehoord.“<sup>11</sup>

Ten einde hierdie ideaal te bereik, is voer alles die integrasie van die individuele gemeentelid 'n onontbeerlike vereiste. Veral in die stede is die maatskaplike betrekkinge losser en ontbindend; die individu verdwyn in die massa en die kerk verloor houvas op haar lede. Vereensaamde mense het 'n probleem geword en die kerk se sosiale funksie in hierdie opsig is om haar lede vas te snoer in 'n hegte maatskaplike en geestelike verband.

---

10. In verband met die pluriformiteit van kerke moet ons onderskei tussen sondige verskeurdheid van die liggaam van Christus, en die Godgewilde verskeidenheid onder mense wat meebring dat hulle aan verskillende kerke behoort. Aan elke mens is die vryheid gegee om die Woord self te ondersoek, volgens eie insig te verstaan, en derhalwe aan te sluit by die kerk wat na sy oordeel naaste aan die Skrif lewe. Soos in die geval van 'n wêreldstaat, sal ook 'n wêreldkerk nie sonder kunsmatigheid, geweld en onderdrukking van die individuele gewete tot stand gebring kan word nie.

11. Slotemaker de Bruine: „Christelĳk Sosiale Studiën,  
11.

Deur die toename van sektes<sup>12</sup> in ons eie land word die groter kerke tot herorganisasie gedwing. Die voorsprong van die sekte op die kerk is veral aan die sosiale element wat by hom aanwesig is, te danke. „Die lewe in die meeste kerke is massaal. Dit is groot en breed. Werklike „gemeente“-gevoel, gemeenskapsgevoel, word haas onmoontlik; terwyl juis die opwaking van die religieuse 'n opwaking inhou van die drang na intieme, gelykgevoelende kringe.“<sup>13</sup> Die eksklusiwiteit van die sekte maak hom aantreklik; daar groot hulle mekaar, noem mekaar broeder en suster, reik mekaar by die kom en gaan broederlik die hand, die vreemdeling in hul midde word met vertroulikheid tege- moet getree. By die moederkerk kom die lede nie met mekaar in voeling nie, ken dikwels gladnie mekaar nie, en na afloop van die diens ontbind die band tussen hulle as vanself. Verder word in die sektebyeenkoms ruim geleentheid gebied om te voldoen aan die drang tot selfekspresie wat in elke mens sluimer - elke hoorder is ook prediker. Teenoor hierdie sosiale element mag die kerke nie onverskillig staan nie. Kenners is daarvan oor- tuig dat dit sterker is as die leerstellige faktor in die ver- breiding van die sekte. „In der Austrittsbewegung ebenso wie

---

12. Vgl. die verbascende groei van byv. die Apostoliese Ge- loofsending in ons eie land. Volgens die Unie Jaarboeke het hulle in 1921 7,742 lede getel, in 1926 15,544, in 1936 31,765, en in 1946 58,872. Hul proseliete word ver- al uit die groot N.G. Kerk getrek.

13. J.J. Müller? „Die christelike Sektewese,“ p.148.  
Nasionale Pers Bpk., Kaapstad, 1936.

in der Uebertrittsbewegung <sup>zu</sup> ~~zij~~ den Sekten ist das soziale Moment überwiegend, nicht die Ueberzeugungskraft der Lehre."<sup>14</sup>

Die verkleining van die gemeentes is dus absoluut noodsaaklik, ook uit sosiologiese oogpunt. „Meer intensiewe bearbeiding is in 'n klein gemeente moontlik en veel minder gevaar bestaan vir 'n afgedwaalde, onbekende, en dus onbearbeide groep, wat spesiale pogings behoef om hulle terug te bring."<sup>15</sup> Die krag van die kerk as geheel lê in die effektiwiteit van klein groepe, self deurdrenk met die heilsboodskap, saamgesnoer en toegerus vir geestelike werk. Die Evangelisasie-pogings van die Kaapse en Transvaalse N.G. Kerke, met die doel om die individuele gelowige se roeping met betrekking tot geestelike werk voorop te stel, bied heilsame vooruitsigte. Verder word die drang tot selfekspresie ontmoet deurdat sommige gemeentes daartoe oorgaan om die weeklikse bidure in Bybelstudie-kringe om te skep waar voldoende geleenthede is vir intieme samespreking en gebed. Van sulke kringe merk Seifert op: "A gift of the cell to the individual participant is group support. One member observed: "When you join such a group, you discover it exerts a pressure upon you in right direction. Because they expect so much of you, you tend to live up to their expectations." As the group adopts certain standards, the individual who feels his relation-

---

14. M. Römer, soos aangehaal deur Müller: „De Christelike Sektewese," p. 18.

15. „Kerk en Stad", deur die Federale Armsorgraad, p. 95.  
Pro Ecclesia-drukkery, Stellenbosch, 1948.

ship to that group important finds it easier to live up to those standards even in an hostile environment."<sup>16</sup>

Aan die begin van die christelike era was die vrou heg geïntegreer in die kerklike lewe en lees ons in die Skrif van leidende vroue soos Priscilla, Febe, Lydia, vroue wat saam met die apostel stry vir die Evangelie, e.a. Deur die opkoms van die biskopsamp is die leke-element almeer die swye opgelê. In die Roomse kerk het die amp die ware gemeenskap van gelowiges verdring, en is ook die vrouelidmaat almeer op die agtergrond geskuif. Selfs die protestantisme kon die nawerking hiervan nie uitwis nie. Op die kerklike terrein toon die Skrif aan die vrou haar eie, unieke plek, en ontginning van hierdie sluimerende kragte kan vir die kerk en haar saak verrykend werk. Waar oor die arbeidsterrein, wat deur die manlike gelowiges bearbei moet word, vrywel eenstemmigheid heers, is dit asof daar geskroom word om ook vir die vrou 'n helder omlýnde arbeidsveld wat beantwoord aan die eise van beginsel en praktyk, uit te stippel. By gebrek aan 'n goeie organisasie is die gevaar, dat allerlei buitekerklike beweginge met werksaamhede wat oorvleuel tot stand kom, geensins denkbeeldig nie, en bly die vrou op kerklike gebied passief. Die integrasie van haar vrouelede het vir die kerk van ons dag 'n eersterangse probleem geword en sy word gedwing om haar inrigting sodanig aan die hand van Skrif te wysig dat die probleem oorbring kan word.

---

16. H. Seifert: "Fellowship of concern,"

1. Die plek van die vrou in die kerklike inrigting:-

In die algemeen is dit 'n onloënbare feit dat geen organisasie sonder orde en reël kan bestaan nie. 'n Huisgesin sonder 'n hoof, 'n volk sonder 'n owerheid of 'n vereniging sonder 'n bestuur is ondenkbaar. Om dus te beweer dat Christus Sy kerk gestig het sonder enige organisasie, regering of mag,<sup>17</sup> is 'n standpunt wat nóg met die Skrif, nóg met die lewenswerklikheid rekening hou. Inteendeel, die kerk het vanaf die eerste oomblik van haar bestaan (na die sondeval) 'n sekere inrigting gehad; eers in die patriargale gesinne, daarna in die volk Israel, en sedert die koms van Christus in die verskillende buitengewone en gewone ampte wat Hy in Sy gemeente ingestel het. Die gewone ampte hang saam met die drievoudige amp van die Middeelaar as Koning, Profeet en Priester - deur die ampte van ouderling, leraar en diaken regeer, lei en vertroos die Koning Sy kerk op aarde.

By die behandeling van die probleem van die vrou ~~en haar~~ aandeel in die kerklike ampte neem ons "amp"<sup>18</sup> nie in die meer algemene sin waarin gesprek word van 'n amp van alle gelowiges<sup>18</sup> nie, maar in die sin van die deur Christus ingestelde besondere ampte, wat verbind is aan die plaaslike gemeente en wat, al is hulle ten dienste van die gemeente ingestel, die draers daarvan

---

17. Dit is die beskouing van 'n sektariese rigting soos die "Plymouth Brethern".

18. Soos H. Bavinck dié uitdruk: "De gemeente zelve is profetesse, en alle christenen zijn de zalving van Christus deelachtig en geroepen tot belijdenis van des Heeren Naam." "Gereformeerde Dogmatiek" IV, p. 399. Kok, Kampen, 1930.

tog bo die gemeente laat staan terwyl hulle deur Christus self geroep is. Die vraag moet dus onomwonde gestel word of die vrou as ampsdraer in die gemeente mag optree; of sy met amptelike gesag mag leer, regeer en barmhartigheidswerk doen.

Deur die sukses wat die vrouebeweging veral in die vorige eeu op staatsterrein behaal het, is die kerk ook betrek. „In die kerk luidt de vrouwenvraagstuk aldus, of de vrouw inzonderheid bij de verkiezing van ambtsdragers, tot het uitbrengen van haar stem gerechtigd is, of ook misschien zelve tot het ambt verkiesbaar is.”<sup>19</sup> Hoewel die resultaat van hierdie strewe in die algemeen nie skitterend was nie, is dit nog nodig om ons in hierdie opsig prinsipieel te verantwoord.

Noewel die vrou in die kerklike lewe wat in die Skrif normatief geteken word, geïntegreer was, vind ons geen gegewens wat daarop dui dat vroue in die offisiële ampte bevestig was nie. Tot die beklee van 'n amp in die vroeg-christelike kerk was o.a. nodig 'n offisiële verkiesing of aanstelling in die amp, (vgl. Titus 1 : 5) deurmaak van 'n proeftyd (1 Tim. 3 : 10), en die oplegging van hande. (1 Tim. 5 : 22) Van vroue wat op sodanige wyse bevestig is, maak die Skrif geen melding nie. Die hele Skrifgedagte lei ons om te konkludeer dat die kerklike ampte vir die vrou 'n geslote terrein is. Dit vloei uit haar gesagsonderworpenheid aan die man in die huwelik wat deurwerk op alle lewens-

---

19. H. Bavinck: „De Vrouw in de hedendaagsche Maatschappij,” Kok, Kampen, 1918.

terreine. Dit bring egter geen passiwiteit op kerklike gebied vir haar mee nie, en dui die Skrifgegewens daarop dat sy geintegreer moet word as hulpdiens vir die ampte. Dit is die hoofbeginsel wat in die heroriëntering van die kerklike inrigting voorop moet staan.

a. Die vrou met betrekking tot die lerende amp:-

Hierdie veld is veral deur die Metodisme vir die vrou geopen. Dié beweging het spoedig die lekeprediking ingevoer en van vroue gebruik gemaak. So het Lady Huntingdon (1707-1791) 'n groot rol gespeel en staan sy algemeen bekend as die koningin van die metodisme. 'n Veel breër plek vir die vrou in lerende werksaamhede is ingeruim deur die Heilsleër wat die gelykheid van man en vrou in hul openbare getuienis vir Christus met beroep op Skrifgedeeltes soos Joël 2 : 28 en Galate 3 : 28 verdedig. In 1934 is mej. Evangeline Booth, die 68 jarige dogter van die stigter van die beweging as "hoofgeneraal" van die Heilsleër benoem. Na 1860 het die vraag oor die reg van die vrou om as prediker op te tree, meermale op sinodes van die Amerikaanse kerke ter sprake gekom. Hoewel baie hulle hierteen uitgespreek het, het die Universaliste en die Unitariërs die beslissing ten gunste van die vrou geneem. Laasgenoemde kerk het in 1904 reeds 71 vroulike leraars onder haar geledere getel. Die kwessie van die vrou in die lerende amp is self in die Engelse kerkernage-roer, maar het nog steeds sterk teenstand ondervind. In die Verenigde kerk in Kanada is reeds 17 geordende vroue, terwyl die



aantal vroulike studente in die teologie in alle lande toeneem. In ons eie land het mej. J. Fourie geskiedenis gemaak deur die eerste Afrikanervrou te wees wat 'n voltydse teologiese kursus deurloop het. Hoewel geen geordende nie, was sy vanaf die voltooiing van haar studies in 1950 werkster van die kerk onder die studentedames van die Universiteit van Pretoria. Aan die begin van 1951 is mej. E. Knobel as admissiestudente aan die Universiteit van Stellenbosch ingeskryf. Met betrekking tot hierdie verskynsel merk Bavinck op: "Op zichzelf moge er niets tegen zijn dat eene vrouw bij uitzondering theologie studeert... .. Men moet erop rekenen dat er straks na volbrachte studie geen beroep volgt, want der geest der gemeenten is noch altijd zeer ingenomen tegen een vrouwelijke predikante. Er werkt daarin nl. nog altijd de oude gedachte na, dat de kerk eene bijzondere instelling is met een eigen ambt en bediening, onderscheiden in oorsprong en wezen van een godsdienstig genootschap of van eene vereeniging tot onderlinge stichting, <sup>wanneer</sup> deze gedachte over de kerk radicaal wordt prijsgegeven en het godsdienstig leven alleen uiting zoekt in eene door eigen wil opgerichte vereeniging, vervalt ook het principiële bezwaar tegen het optreden der vrouw als predikant."<sup>20</sup>

Ons vind duidelike taal wanneer ons die Skrif op hierdie punt naslaan. Onder die bondsvolk het van tyd tot tyd profetesse soos Mirjam, Debora, Hulda, Anna e.a. opgetree wat groot in-

vloed gehad het. "A prophetess was not trained for office, but inspired and compelling respect by her gifts and the power of her utterances. No law forbade her to speak; no custom hindered her from rising to a position of great influence."<sup>21</sup> Die optrede van profetesse was egter nie reël nie, want tot die gereelde amp van profet, die profeteseuns, het slegs mans behoort. (1 Kon. 20 : 35, 2 Kon. 2 : 3) Ook die twaalf disiepels van Jesus was slegs mens en so blykbaar die sewentig wat Hy uitgestuur het om te preek. Die apostel tree op teen die vroue wat in die gemeente van Korinthe vryelik preek in die samekomste met die verbod: "Julle vroue moet in die gemeente swyg, want dit is hulle nie toegelaat om te spreek nie, maar om onderdanig te wees, soos die wet ook sê. (1 Kor. 14 : 34) Die verskil tussen die geslagte kon hier tot uitdrukking; die vrou moet swyg, want dit is 'n bevestiging van haar gesagonderworpenheid. Hierdie voorskrif moet egter nie in absolute sin opgeneem word nie, want dan sal die vrou ook belet moet word om te antwoord op doop en belydenisvrae. Calvyn stel dit raak: "Die amp van prediking gaan gepaard met superioriteit in die kerk, en is dus uit die aard van die saak teenstrydig met onderworpenheid. Wat 'n onhoudbare toestand sal dit wees as iemand wat onderworpe is aan sommige lede van 'n vergadering, sou presideer oor die hele vergadering. Dit is dus 'n argument uit teenstrydighede: as 'n

---

21. J. Hastings: "A Dictionary of the Bible" IV. p. 934.  
T and T Clark, Edinburgh, 1902.

vrou onderworpe is, is sy uitgesluit van die gesag om te leer<sup>22</sup>

Hoewel die lerende amp dus vir die vrou geslote is, het sy as hulpdiens in hierdie opsig 'n groot taak. Ook hierin gaan die Skrif ons voor. Deur vroue is die opstandingswaarheid aangekondig (Luk. 24 : 10); die apostel vermeld „vroue wat met my saamgestry het in die Evangelie” (Filip. 3 : 4), wat impliseer dat hulle hul getuienis moes aflê. Priscilla was 'n belangrike figuur wat saam met haar man, die begaafde Apollos, „noukeuriger die weg van God uitlê”. (Hand. 18 : 26) Hierdie gegewens sien op die prediking deur vroue kragtens die algemene amp van gelowiges en nie kragtens 'n leeramp in engere sin nie.

„De oude kerk maakte van deze hulpdienste een rijk gebruik; de Roomsche Kerk organiseerde ze in hare orden, congregaties en vereenigingen, maar de protestantsche kerken wisten er weinig partij van te trekken; eerst door den arbeid der in- en uitwendige zending zijn de vrouwelijke diensten weer eenigermate in hun eere hersteld.”<sup>23</sup>

In die huidige kerklike organisasie dien die beginsel van vroulike hulpdiens vir die lerende amp verder ontwikkel te word, en is sy volkome op haar plek as Sondagskoolonderwyseres, Kinderkransleidster, Bybelkringleidster, as hulp in Evangelisasiewerk, lektuurverspreiding, binne en buitelandse sendingwerk, ens.

---

22. Aangehaal deur D.P.M. Beukes: „Die posisie van die vrou in die kerklike lewe,” M.Th. Verhandeling, Kweekskool, 1940 p. 74.

23. H. Bayanck: „De Vrouw in de hedendaagsche Maatschappij.” p.145.

b. Die vrou met betrekking tot die regerende amp.

Die amp van ouderling of opsiener het spoedig in die kerk van die apostoliese tyd tot verwerkliking gekom. Hierdie amp was reeds bekend aan alle joodse christene uit die praktyk van die sinagoge. Die pligte van die ouderling kom kortliks neer op die handhawing van die bug, die toesig oor die leraar en die gemeentelede in die algemeen, huisbesoek, ens. Hier het ons te doen met die regerende amp in die christelike kerk.

Slegs individuele stemme het in die verlede opgegaan om die pleit vir die vrou in die ouderlingsamp te voer, hoewel Mary Emcy, wat Engeland betref, die vraag: "Are women filling their proper place in the councils of the church" 'n "much discussed enquiry" noem. Sy haal die sienswyse van Picton Tuberville aan wat betoog dat "because a woman is debarred from exercising her spiritual powers in the functions of the priesthood - with its accompanying sacramental authority in the church of christendom - she is thereby denied the exercise of those powers in their entirety."<sup>24</sup>

As uitvloeisel van die posisie wat die Skrif aan die vrou in die huweliksfeer toewys, staan dit vas dat die reggeramp in die kerk vir haar geslote is. Nêrens is die verskynsel van vrouelike ouderlinge in die Skrif aanwysbaar nie, hoewel sy as hulpdiens ook vir hierdie amp geroep word.

---

24. Mary Emcy: "Woman's place in life,"  
Allenson Ltd., London.

In 1 Tim. 5 : 9 - 10 is sprake van die kiesing (eintlik „inskrywing“ volgens die Griekse woord) van weduwees nie jonger as 60 jaar nie; d.w.s. vroue wat in die reël nie weer in die huwelik tree en 'n gesin opbou nie. Selfs die vrou se kerklike werk mag nie inbreuk maak op die gesinslewe nie. Daarom laat die apostel nie jong weduwees kies nie, want hulle „moet trou, kinders baar . . . . hulle huise regeer.“ (Vers 14) Uit die aard van die eise wat daar gestel word, kan ons aflei dat hierdie „kerklike“ weduwees werk moes doen wat aansluit by die van die ouderlinge, nl. besoek aan krankes en armes, versorging van weeskinders, die gee van raad en leiding aan jonger vroue, ens.

„Bejaarde weduwees oefende as „vrouwelike oudsten“ toezicht op de vrouwelijke leden, inzonderheid op de weduwen en weezen.“<sup>25</sup>

Afgesien van die praktiese ~~verhoudings~~<sup>voorvalle</sup> hieraan verbonde, het die maatskaplike omstandighede in die vroegste kerk die aanstelling van vrouehulpsters nodig gemaak. Die omstandighede was van so 'n aard<sup>26</sup> dat dit vir die ampsdraers moeilik was om in alle gevalle die nodige kontak met die vroulike lidmate te vind sonder om onaangename suspisies te wek. Die oud-kerklike literatuur vermeld duidelik die aard van die werk wat hierdie weduwees verrig het:<sup>27</sup> Hulle is deur die gemeente onderhou en het by die slui-

---

25. Christelike Encyclopaedie V, Kok, Kampen, 1929. p.698.

26. Die kerk moes optree in die sedelik korrupte milieu van heidense volkere, en laster in verband met die sedelike toestande in die geslote samekomste van die christene was algemeen.

27. P. Biesterveld, J. van Lonkhuijzen, R.J.W. Rudolph: „Het Diaconaat,“ Hilversum, J.H. Witzel, 1907. p.264.

ting van huwelike adviserend opgetree. In die gemeentelike saamkomste het hulle 'n ereplek gehad, dog het nie opgetree nie. Volgens Beukes<sup>28</sup> wys verskeie sitate daarop dat tot die belangrikste werk van die weduwees die gebed vir die gemeente gereken is. Dit het egter steeds hulpsdiens gebly, nie amptelike werk geword nie.

In hierdie opsig lê 'n hele veld braak in die kerklike lewe van ons dag, veral met die onmiddellike doel om die bejaardes, aan ondervinding rype vrou te integreer en te gebruik. Hiermee word geen nuwe kerklike vrouevereniging bedoel nie, maar slegs 'n deur die kerkraad benoemde onderkomitee<sup>29</sup> wat voorligting kan gee met betrekking tot aktuele gesinsprobleme en alles wat daarmee saamhang, verder die besoek van nuwe intrekkers, siekes, en beproefdes, die bestuur vorm van 'n tehuis vir bejaardes wat in 'n gemeente nag bestaan, ons. Die reeds bestaande vrouebidure wat in die reël uit bejaardes bestaan, kan maklik in hierdie rigting gestuur en die ideaal van belydende, dog werkende gemeentelede bereik word.

Terloops verwys ons na die groot invloed wat die oudste vroulike lidmaat soms op grond van agting en sentiment in 'n gemeente het, sonder dat hierteen prinsipiële beswaar in te bring is.

---

28. D.P.M. Beukes: „Die posisie van die vrou in die kerklike lewe,“ p. 14.

29. Vgl. die „Kerkmoeder“-komitee in die Transvaalse kerklike vrouevereniging waarop dien leraars- of sendelingsvroue, ouderlingsvroue en susters van jare en ondervinding. Artikel in „Die Kerkbode“ 17 Mei 1950 deur Ds. L.N. Botha.

c. Die vrou met betrekking tot die diakonale amp:-

Hierdie amp vind sy Skriftuurlike grondslag in Hand. 6 : 1 - 6 en behartig die insameling en besteding van die vrywillige gawes van die gemeente ten bate van hulpbehoewendes. In die latere Roomse kerk het dit geheel en al in verval geraak, maar is deur die Calvinistiese hervorming in ere herstel. Dat hierdie arbeid 'n integrerende deel van die kerklike aksie moet vorm ten einde laasgenoemde te laat bloei, leer die geskiedenis baie duidelik. Selfs Harnack (wat heel krities teenoor die christendom gestaan het) erken onomwonde dat die christelike geloof oor die heidendom geseëvier het nie deur die grofgeskut van argumente of deur die krag van welsprekendheid nie, maar deur die diens van barmhartigheid wat die kerk besiel het.<sup>30</sup>

In hierdie arbeid het die vroue in en deur die kerk 'n groot arbeid verrig volgens die getuienis van die Nuwe Testament self (Rom. 16 : 1, 1 Tim. 3 : 11) en die kerkvaders. Harrenstein konkludeer nadat hy die Skrifgetuienis teen mekaar opgeveeg het: „In elk geval word aan die vrou een werkkring in die gemeente toegekend, die niet meêr het karakter van vrijwilligen liefdearbeid draagt, maar die vroue als behulpsel naast die diakone doct optreden.“<sup>31</sup> Hierdie diakonesse het egter slegs hulpdiens verrig. Ons vind nêrens gegewens wat op amptelike werk dui nie.

---

30. Aangehaal deur P. du Toit in die tydskrif „DIE Gereformeerde Vaandel“, Junie 1951. p. 98.

31. W.G. Harrenstein: „Het arbeidsterrein der kerk in de groote steden,“ Bijlage J, Kok, Kampen, 1913. p. 20.

Veral onder invloed van die askese is hierdie hulpdiens vir die vrou spoedig gestuit.<sup>32</sup> Die Roomse kerk het van die diakonesse nonne gemaak wat die wêreld ontvlug en hulle in kloosters bevind het. Die hervorming het vroue hier en daar in amptelike sin naas die diaken gestel. Die Konvent van Wezel (1568) bepaal dat vroue van beproefde geloof en eerbare lewenswandel, wat van gevorderde leeftyd is, tot die amp van diaken benoem kan word. Algemene navolging het dit egter nie gevind nie en uit vrees vir ontaarding het die Sinode van Middelburg reeds in 1581 teen die benoeming van die vrou in amptelike hoedanigheid besluit, hoewel die hulpdiens van vroue in kerklike barmhartigheidsdiens deur die sinode gehandhaaf is. In die vorige eeu het <sup>Fliedner</sup> ~~Plüder~~ die diakonesseamp met die stigting van "diakonessehuise" in 1836 te Kaiserswerth herstel, dog dit is tereg deur gereformeerde kerke prinsipieel veroordeel hoewel dit prakties tot groot nut dwarsdeur Europa was.

In ons dag is die diakonie in vervál en kom van christelike barmhartigheidswerk in ons gemeentes weinig tereg: "Want wel heeft de Gereformeerde Kerken het ambt der diaken hersteld, maar zij heeft zijn plaats en dienst niet behoorlijk geregeld en zijn werkzaamheid niet tot ontwikkeling gebracht."<sup>33</sup> As redmiddel is die nadruk op sinodale armesorgkommissies gelê waarvan die werksaamhede weens oororganisasie vandag hoofsaaklik bestaan

---

32. Vgl. vir hierdie historiese oorsig die Christelike Encyclopaedie I, Kok, Kampen, 1925. p.586.

33. H. Bavinck: "Gereformeerde Dogmatiek" IV, Kok, Kampen, 1930. p.409.



in die onderhouding van inrigtings en steun aan hulpbehoewende gemeentes. Bavinck bepleit die in ere herstel van die diakenamp en noem as een van die middele om diè doel te bereik „dat de dragers van dit ambt .... zich bedienen van de hulp van diakonessen .... dat zij hunne gaven uitdeelen in Christus Naam.”<sup>34</sup>.

Dat die hele vraag na die instelling en arbeidsveld van 'n diakonessehulpdiens tans meer as van teoretiese belang is, blyk uit die onderhandelinge van die Kaapse en Transvaalse N.G. Kerke met die bestaande maatskaplike vrouevereniginge in die betrokke provinsies.<sup>35</sup> Gedurende die afgelope halfeeue het hierdie organisasies hoogtes bereik, maar die gevolge van hierdie aparte ontwikkeling was vir die kerklike armesorg 'n gevoelige verlies: Die mobilisering van haar vrouewerkkragte vir kerklike armesorg het agterweë gebly; aan ware opbouende gesinsorg - afgesien van geestelike hulp - kon die kerk weinig doen; die vroulike lidmaat het weens gebrek aan kerklike kanale met verdeelde lojaliteit haar gewig by vereniginge buite die kerk ingewerp en dus as lidmaat passief gebly. Die kerk het ook geldelike verliese gely, want die enorme somme geld wat hierdie vereniginge byeenbring, kom uit die sak van haar lidmate. Om hierdie redes is die behoefte aan 'n kerklike vrouekorps vir diakonale hulpdiens deur die armesorgsekretarisse<sup>36</sup> sterk gestel en

---

34. Idem, p.410.

35. Dit is die A.C.V.V. in Kaapland en die S.A.V.F. in Transvaal. In die Vrystaat bestaan die O.V.V. en in Natal die N.C.V.V. p.

36. J.R. Albertyn, P. du Toit en H.S. Theron in „Kerk en Stad,” Pro Ecclesia Boekhandel, Stellenbosch, 1947. p. 272-287.

die kerke, <sup>het</sup> begin optree. Die Raad van Kerke het op 10 Maart 1948 met die Federale Vroueraad beraadslaag en 'n ooreenkoms is gesluit waarby albei kante sekere toegewings moes maak. Die A.C.V.V. en die S.A.V.F. het hul weg nie oopgesien om as kerklike vrouevereniging ingeskakel te word nie, terwyl die O.V.V. en die N.C.V.V. meer toegeneë tot nouer samewerking was.<sup>37</sup> Na die mislukking van die onderhandelinge met die S.A.V.F. het die Transvaalse kerk oorgegaan tot die stigting van 'n kerklike vrouevereniging met 'n eie hoofbestuur. Die kongres vorm die hoogste gesag in die vereniging, maar alle kongresbesluite rakende beleidsake word aan die kerklike liggaam (deur die sinode beneem) vir bekragtiging voorgelê.<sup>38</sup> Die jongste sinode van Kaapland besluit om nie oor te gaan tot die stigting van 'n kerklike vrouevereniging nie, maar nooi die A.C.V.V. uit om „in te skakel by ons kerk met behoud van eie identiteit en beheer oor eie fondse ... sodat voldoen sal word aan die behoeftes van die kerk.“<sup>39</sup>

Hieruit blyk dat, hoewel die kerke die behoefte aan 'n georganiseerde kerklike vrouehulpdiens besef, groot verwarring en meningsverskil oor die metode van daarstelling bestaan. Weens die belang van die saak is dit nodig om oor die juiste verhouding tussen diakonessehulpdiens en maatskaplike vrouevereniging te besin ten einde die plek en taak van die vrou as hulp-

---

37. „Die Kerkbode“, 17 Mei 1950, p.1009.

38. Ds. L.N. Botha in „Die Kerkbode“, 7 Junie 1950. p.1162.

39. „Handelinge van die Sinode“, 1949, p. 81 en 431.

diens vir die diakonie te bepaal.

Eerstens moet ons duidelikheid kry oor die vraag watter instelling bevoegd en geroepe is om volksorg te beoefen. Soos Dr. E.A. Vente<sup>40</sup> dit tereg stel, het drie instellinge hier 'n taak te vervul, nl. kerk, staat en maatskappy. Hierdie drie is elk 'n eiesoortige instelling wat (in ooreenstemming met sy wese) 'n eiesoortige, onvervangbare en Godgegewe taak ontvang het op die gebied van volksorg. Hulle mag nie met mekaar vermeng of verwar word nie: die staat is iets anders as 'n vereniging; die kerk mag nie die funksie van die staat oorneem nie; 'n maatskaplike volksorganisasie kan nooit by 'n kerk inskakel nie."<sup>41</sup> Die vrye maatskaplike vereniging het dus nie alleen bestaansreg nie, maar ook 'n positiewe, onmisbare taak. Georganiseerde liefdediens wat byv. opkom uit nasieliefde, en die hele volksgemeenskap omvat, mag nie gestrem word nie. As skakel tussen die Volkswelnsynsdepartement van die staat en die plaaslike behoefte is nie die diakonessehulpdiens nie, maar die vrouevereniging op sy plek. Weliswaar het die kerk ook hier 'n roeping teenoor haar eie lede wat aan die vrouevereniging behoort om te waak oor die beleidsrigting en werkmetodes daarvan, maar dit staan vas dat 'n maatskaplike volksorganisasie nooit 'n kerklike hulpdiens kan word nie, want ons het hier met wesenlik onderskeie instellinge te doen. Die neiging om alle maatskaplike aksie on-

---

40. "Die Kerkbode", 7 Junie, 1950,

41. Idem.

der leiding en gesag van die kerk as instituut te dwing, is 'n Roomse dwaling wat geen plek laat vir die kerk as organisme en individuele inisiatief nie.

Tweedens moet die verskil tussen kerklike en maatskaplike welsynswerk duidelik gestel word. Dat daar verskil is, volg uit die wesensverskil tussen die betrokke instellinge. Waar die kerk 'n stigting van Christus is met 'n ewigheidsbestemming, is welsynsvereniginge skeppinge van die verstand waarvan die bestaan berus op tydelike utiliteitsoorweginge. Hulle mag dus nooit as soortgelyke en gelykwaardige groothede naas mekaar geplaas word deur wedyersyds regte toe te ken of verpligtinge op te lê nie. Terreinafbakening is dus noodsaaklik, hoewel geen gemaklike taak nie. By benadering gestel, moet die kerklike hulpdiens as naaste doel hê die integrasie van die vrouelidmate op die terrein van plaaslike direk geestelike welsynswerk. As hulpdiens vir die priesterlike amp sal die diakonesse, onder leiding en samewerking met die diakonie, belas wees met geestelike opheffing van die minderbevoorregtes, die opwekking tot christelike barmhartigheid, reëling van kerklike insamelingsfunksies - kortom, optrede as hulpdiens op die terrein wat die diakonie binne die gemeentlike grense alleen onder gemeentelêde, behartig. Die diakonesse sal volgens die beskouing en daaruit voortvloeiende metode van die kerk die uitbreiding van God's koninkryk beoog. Hiernaas (nie hierteenoor nie) staan die vrye vrouevereniging wat 'n oog het vir die organiese volksgeheel met al sy elemente, en wat as lede toelaat almal wat daartoe bereid is om die breë-

opgesette grondslag en doel te onderskryf.<sup>42</sup> 'n Sodanige organisasie dien dan as bemiddelaar tussen die staat en die plaaslike behoefte, rig wolsynsinrigtings op, bestry sosiale ewels op die breë volksterrein, behartig algemene gesinsorg, reël werk-klasse vir vroue, ens. Op dié wyse vul die diakonessehulpdiens en die vrouevereniging mekaar aan. Die oplossing lê nie in inskakeling of integrasie nie, <sup>maar</sup> in die erkenning van eiesoortigheid en verskeidenheid. As algemene verdelingsbeginsel kan geld dat die amptelike-geestelike werk die roeping van die kerklike instituut is, terwyl die vorming en bewaring van die christelike-sosiale op die breë volksterrein die taak van die maatskaplike vereniging ~~is~~.

Derdens handhaaf ons ~~dit~~ met betrekking tot d'e daarstelling van die diakonessehulpdiens dat die kerkraad organiserend moet optree en nie die sinode of hoofbesture nie. Indien 'n selfstandige of aparte organisasie met takke, besture, kongresse en hoofbestuur (soos die in geval van die Transvaalse kerklike vrouevereniging) tot stand kom, is die besondere doel van 'n hulpdiens vir die plaaslike amp in beginsel verydel. Harrenstein handhaaf tereg dat: „Coöptasie door de vrouwen zelf, waarbij de diakenen geen beslissende invloed hebben, komt mij ongewenscht

---

42. .Vgl. die A.C.V.V. konstitusie wat as grondslag aandien: „Die A.C.V.V. staan op christelik-protestantse grondslag”. Inderdaad is 'n enger, meer omskrewe grondslag nie moontlik met die oog op die hele Afrikaanse volksgemeenskap nie. Heel anders sal die saak by die diakonessehulpdiens staan wat die duidelik omskrewe konfessionele grondslag van die betrokke kerk moet aanvaar.

voor; vrouwen die als behulpssels der diakenen optredes, behooren ook door de diakenen verkozen te worden, onder goedkeuring van den kerkeraad."<sup>43</sup> Alle nadruk moet dus op die plaaslike val, hetsy die werk individueel of korporatief aangevoer word. Die verwesenliking van 'n gemeentelike diakonessehulpdiens sal die tans bestaande Christelik-Maatskaplike Rade oorbodig maak. Die sinode, by monde van sy armesorgkommissie, tree adviserend op en werk koördinerend in die nouste voeling met die kerkrade. Verder behartig dit gemeenskaplike belange soos die oprigting en instandhouding van inrigtings vir die opleiding van kerklike werksters soos die te Wellington.

Uit die bogenoemde oorsig isndit duidelik dat die Skrifgegewens met betrekking tot die roeping van die vrou in die kerklike lewe die plek van hulpdiens vir die ampte <sup>aan haar</sup> toes<sup>e</sup>. Hiervolgens word sy as 'n werkende lidmaat op 'n wyse ingeskakel wat aansluit by haar vroulike gawes en vermoëns. In hierdie opsig lê die velde nog braak.

#### Die vrou as kerklike amptenaar.

Hiermee word bedoel dat vroue in gesafarieerde kerklike betrekkinge diens doen as orreliste, skriba en/of kassier, koster, kerklike welsynswerkster, ens. In sover dit duidelik gemeld word, is daar volgens die Jaarboek van die Gefedereerde Ned. Geref. Kerke<sup>44</sup> vir 1851 461 vroulike orreliste, (opvallend is

---

43. W.G. Harrenstein: "Het arbeidsterrein der Kerk in de groote steden," p.165.

44. Uitgegees deur die Nasionale Pers, Kaapstad, 1950.

die oorweldigende meerderheid getroude vroue) 18 vroulike kosters, 16 vroulike kassiers en/of skribas en 2 welsynswerksters in diens van kerkrade.

Prinsipieel is teen die vroulike amptenaar geen beswaar nie, mits die werk nie bo haar kragte uitgaan nie, en dit nie inbreuk maak op haar gesinsroeping nie. Reeds in die Ou Testament vind ons die verskynsel „van diensdoende vroue wat by die ingang van die tent van samekoms gedien het" (Ex. 38 : 8). Wat die spesifieke werk van hierdie vroue was, is onseker. Uit die verband blyk dat dit waarskynlik 'n soort kosterwerk was.

Verdere aandag verdien die indiensname deur die kerkraad van 'n opgeleide maatskaplike werkster. Ons het reeds gewys op die noodsaaklikheid van 'n diakonessehulpdiens, wat ongesalarieerde liefdediens veronderstel. Van gesalarieerde hulp sal dus gebruik gemaak moet word waar die vrywillige arbeid van die gemeentevroue ontoereikend is. Laasgenoemde beskik oor die algemeen nie oor voldoende tyd en kennis van probleme nie en moet daarom bygestaan (nie vervang nie) word deur 'n permanente vir die doel opgeleide werkster. Die nodige wetenskaplike voorligting en organisasie van die werk van die diakonesse sal dus haar taak wees.

## 11. Prinsipiële uiteensetting van die optrede van die vrou in gemeentelike samekomste:-

### 1. Die openbare gebed:-

Oor die vraag of die vrou aan die openbare gebed, byv. in 'n gemeentelike biduur, mag deelneem, heers groot verskil.

Sommige, veral met beroep op 1 Kor. 14 : 34, kom met krag daarteen op; ander probeer 'n middeweg inslaan deur die skynbaar teenstrydige uitsprake van 1 Kor. 11 : 5 en 14 : 34 met mekaar te versoen. 'n Derde groep maak hiervan geen beginselsaak nie en laat die christelike gewete die deurslag gee.<sup>45</sup>

Behandeling van hierdie eksegetiese kwessies val buite ons bestek. Dit staan vas dat die apostel in bogenoemde Skrifgedeeltes die optrede van die vrou in openbare samekomste in die oog het, waar die besondere geestesgawes van profesie en glossolie gangbaar was. Hieraan het die lede in die eerste gemeentes vry deelgeneem; die leraarsamp het in die vroeg-christelike era nog nie tot verwerkliking gekom nie. Deur 'n valse emansipasiesug (waarskynlik deur misverstand van die apostoliese prediking van die gelykwaardigheid van die geslagte in Christus teenoor die tradisionele heidense opvatting van die minderwaardigheid van die vrou) het die vroue in die gemeente van Korinthe daartoe gekom om op gelyke voet met die mans te onderrig. Hierop volg die apostoliese verbod: „Julle vroue moet in die gemeentes swyg... maar as hulle iets wil leer, laat hulle tuis hul eie mans vra, want dit is lelik vir vroue om in die gemeente te spreek.” (1 Kor. 14 : 34 - 35) Soos reeds daarop gewys, gaan lering met gesag oor die hoorders gepaard; daarom word hierdie aksie vir die vrou op grond van haar gesagsonderworpenheid aan

---

45. Hierdie drie rigtinge het duidelik aan die lig gekom toe ons die beskouinge van Kweekskoolstudente met betrekking tot hierdie vraag ingewin het.



haar man verbied. Ons moet dus onderskeid maak tussen profesie of prediking en die gebed van die vrou in die gemeentelike samekoms. Die verbod van die apostel in 1 Kor. 14 het, blykens die verband, betrekking op die vrou in lerende hoedanigheid, terwyl die openbare gebed geen superioriteit of gesag oor die hoorders impliseer nie.

Ons konkludeer dus dat op Skrifgronde die openbare gebed vir die vrou nie geweier mag word nie. Steeds moet egter gewaak word teen die sug om te lei en te oorheers; maar dit geld vir die man in gelyke mate. Die christenvrou sal ook in hierdie opsig haar plek ken.

#### 11. Stemreg in 'n gemeentevergadering:-

Oor die vraag of die vrou reg het om haar stem in 'n gemeentevergadering uit te bring, heers ook die grootste verskil, selfs onder kerke wat van dieselfde kerkregtelike beginsels uitgaan. In die Christelik Gereformeerde Kerk in die V.S.A. het vroue geen kerklike stemreg nie, behalwe in enkele gemeentes in die ring van Hackensack, terwyl in die gereformeerde Kerk in Hongarye dié voorreg aan weduwees en selfstandige vroue toegesê word. In die United Free Church van Skotland het mans en vroue gelyke kiesreg in die benoeming van ampsdraers. In ons land verskil die metodes in benoeming van ampsdraers, maar die kwessie van vrouestemreg het nog nie aktueel geword nie.<sup>46</sup>

Die hele vraag na kerklike vrouestemreg hang saam met die

---

46. Gegewens veral ontleen aan D.P.M. Beukes: "Die posisie van die vrou in die kerklike lewe,"

beskouing oor die kerkregtelike status van die gemeentevergadering. Die gereformeerde beskouing word deur Bouwman as volg weergegee: „Een gemeentevergadering kan alleen door den kerkeraad als het bestuur der gemeente worden samegeroepen. Het ligt voor de hand, dat op deze vergadering de Kerkeraad zijn kwaliteit of zijn karakter niet verliest. De gemeentevergadering mag niet op eigen initiatief vergaderen, en daartoe een eigen bestuur kiezen..... Een gemeentevergadering is een vergadering van den kerkeraad met de gemeenteleden waarin de kerkeraad de leiding heeft, en bepaalde zaken met de gemeente bespreekt, en waarna de kerkeraad rekening houdend met het oordeel der gemeente, zelfstandig eene beslissing neemt.“<sup>47</sup> Die besluite van 'n gemeentevergadering het dus geen regs krag nie, maar moet beskou word as adviserend vir die kerkraad. Die regeermag in die kerk kom alleen die ampte toe, en dit is vir die vrou geslote. Ook met betrekking tot die verkiesing van kerkeraadslede in pasgestigde gemeentes beveel die gemeentevergadering slegs aan; dit bly die kerkraad wat bekragtig en in die amp bevestig.

Vir die veroordeling van vrouestemreg in die adviserende gemeentevergadering bestaan geen deurslaggewende prinsipiële gronde nie. Vroue is net sulke lede van die kerk as die mans en het net soveel belang in die bediening van Woord en sakrament, in die kerklike regering en tug en in die versorging van

---

47. Aangehaal deur F.E. O'B Geldenhuys: „Die regsposisie van Kerkraad, Ring en Sinode,“ J.L. van Schaik, Pretoria, 1951.

hulpbehoewendes. „Wel is waar is de vrouw in het huisgezin aan den man ondergeschikt, en werk dit onderscheid ook in de gemeente door; maar als leden, afgezien van het ambt van leraar en ouderling, ontvangen zij dezelfde weldaden en hebben zij dezelfde rechten.”<sup>48</sup> Volgens Bavinck was vroue in die kerk van die eerste eeue by die aanwysing van persone vir die biskopsamp en met betrekking tot ander kerklike aangeleenthede nie uitgesluit nie.<sup>49</sup>

111. Vroulike kleredrag in die gemeentelike samekoms:-

In die vroeg-christelike gemeente te Korinthe het die vroue, as uitvloeisel van hul emansipasiegedagte, die dra van 'n sluier as 'n onhoudbare subordinasieteken aangevoel en wou dit eenvoudig uitban. Ten einde hierdie daad reg te begryp, is dit nodig om te wys op die gebruike onder die Griekse vroue van daardie tyd. By Plutarchus vind ons die stelreël: „Vir die vrou is dit meer paslik om gesluierd, vir die man om ongesluierd in die publiek te verskyn”. Wat nou Korinthe betref, moet ons in gedagte hou dat die vroue aldaar oorgegee was aan die verering van Afrodite in so 'n mate dat duisend jong dames elke dag aan die heidense tempel as prostitute verbind was om sodoende hul eer en reinheid aan hul godin toe te wy. Oor die algemeen was hulle wellustige ligsinniges, daarop uit om minnaars aan te lok deur hul gelaatstrekke en liggame ten toon te stel. In dié

---

48. H. Bavinck: „De Vrouw in de hedendaagsche Maatskap-  
pij,” p.150.

49. Idem, p.152.

korrupte stad was dit beskou as 'n elegante gewoonte - iets wat nog in die onderbewussyn van die gemeentevroue kon geleef het. Hulle was maar so pas tot die christendom bekeer. Deur dié situasie word die dra van 'n sluier 'n prinsipiële kwessie in die kerk. Vir die apostel is dit 'n simboliese uitdrukking van die posisie van die vrou teenoor haar eggenoot.

In 1 Kor. 11 : 3 - 15 handhaaf die apostel dat die man geen hoofbedekking in die samekomste hoef te dra nie, „omdat hy die beeld en heerlikheid van God" is. Die vrou moet egter gesluierd wees omdat sy „die heerlikheid van die man" is, aan sy gesag onderworpe. Hiervan is die „aanwysing van gesag op die hoof" die simbool.

Die gebruik dat vroue hoede in die eredienste dra, is dus meer as 'n kwessie van smaak of mode. Die aanduiding van die onderworpenheid aan die gesag van die man is hier die essensiële; die bykomstige is dat die vorm en styl van die hoofbedekking saamhang met tydsomstandighede en gebruike.

In die innerlike verborge lewe wat uiting vind in dienende liefde, lê die ware versiering van die vrou en nie in uiterlike nitspattighede en grootdoenery nie (1Petr. 3 : 3 - 4). Dit sal vir die vrou wat die aard van haar Sondagsklere in die lig van die Skrif wil bepaal, voorop staan.

Gevolgtrekkings:-

Op grond van die voorafgaande uiteensetting stel ons dan die volgende wat as norme aangewend moet word om die status en

roeping van die vrou in die kerklike instituut te bepaal:-

1. Ten einde haar roeping te vervul, word die kerk van ons dag o.s. daartoe gedwing om ernstige aandag aan die inskalkeling van die vrou as aktiewe lidmaat te gee.

2. Op kerklike gebied word die vrou geroep as hulpdiens vir die regerende, lerende en diakonale ampte en nie tot die amp self nie.

3. Hoewel die vrou dus al die geestelike voorregte wat die kerk aanbied ten volle kan gebruik en ook haar kragte tot diens moet stel, is daar in die liturgie vir haar simboliese handeling en in die kerkinrigting geslote terreine wat hul grondslag vind in haar onderdanigheid aan die man in die huweliksfeer.

HOOFSTUK 111.

DIE VROU IN STAATSVREKAND.

Inleiding:

Die staatslewe is in ons tyd baie gekompliseerd. „Het grondprobleem blijft immer gezeg en vryheid of liever: het recht der overheid en het recht der verskillende levenskringen op het grondgebied waarever de overheidsmacht zich uitstrekt“<sup>1</sup>. Die eenheidsbeginsel wat byv. in die gesin sterk op die voorgrond is, vervaag in die massa en botsende groepsbelange werk ondermynend in die sosiale organisasie. Waar ons moderne staatslewe so kosmopolities geword het, het spontane samewerking en lojaliteit almeer verdwyn en kan ons nie daarop staatmaak dat 'n eensgesinde nasie die grondslag van die staat vorm nie. Dit word dan ook allerweë gevoel dat ons ons vrae oor die staat nie kan oplos deur ons blind te staar op overheid en onderdane nie, maar dat ons moet begin deur duidelikheid te kry oor die wese van die staat as sodanig en daaruit tot sy roeping in die sosiale orde konkludeer. „Wil men van het verwikkelde leven iets terecht brengen, dan is juist de eerste voorwaarde het werkelyk wezen zijner verskillende structuren duidelyk te leren onderscheiden, ten einde de taak van elk daarvan zuiver te houden.“<sup>2</sup>

---

1. „Wijsbegeerte en Levenspractijk“ onder redaksie van  
N.J. en J.H. Spier, Kok Kampen, 1948.

p. 79.

2. Dieselfde,

p. 79.

*Staatsleere*"

In sy „Allgemeine ~~Staatsrechte~~“ verklaar Rehm dat oor die vraag wat 'n staat eintlik is, nooit eenstemmigheid bereik sal word nie. As definisie stel Stahl<sup>3</sup> voor: „Die Staat is die verband van 'n volk onder 'n owerheid tot beskerming en tot ontwikkeling van die stoflike en geestelike goedere, hieronder veral die handhawing van reg en geregtigheid.“

a. Die oorsprong van die staat en sy gesag:-

Vooraf moet tussen „staat“ en „owerheid“ onderskei word. Eersgenoemde is 'n breër begrip en vind in die praktyk sy uitdrukking onder leiding van die owerheid, in watter vorm laasgenoemde ookal bestaan. Die owerheid is dus die leidende werkende beginsel in die staatslewe van 'n volk of groep.

Die vader van die huidige mees gangbare staatsbeskouing is Thomas Hobbes. (1588 - 1679) Volgens hom ontleen die staat sy bestaan alleen aan die menslike individue binne die landsgrense. Hy gaan uit van 'n oorspronklike natuurstaat waar die individue in volle vryheid en gelykheid geleef het maar tog weens onderlinge wrywing die behoefte aan owerheids-gesag voel. By wyse van 'n sosiale kontrak het die individue hul vryheid en gelykheid geheel of ten dele prysgegee om deur 'n owerheid regeer te word. Volgens hierdie standpunt is die individu soewerein en die gesag van die owerheid word aan die volkswil ontleen<sup>4</sup>. Ander weer soek die grondslag van die staatsgesag

---

3. Aangehaal deur C. Smeenk: „Christeljk Sociale Beginselen,“ Kok, Kampen, 1934. p. 28.

4. Vgl. J.M. Spier: „Inleiding in de Wijsbegeerte der Wetsidee,“ Kok, Kampen, 1946. p.185.

in die menslike kultuur. Laasgenoemde, deur tegniek en wetenskap bewerk, is die hoogste wat bestaan. Van hierdie kultuurreg was die staatsgesag die draer en terwille van die kultuur het die mens daartoe gekom om die staatsgesag onverbiddelik en onvoorwaardelik te gehoorsaam.<sup>5</sup> Rashdall vind die basis van owerheidsgesag in die doel wat die staat beoog, nl. goedheid en deug, en stel sy "utilitarian theory of political obligation." Praktiese nuttigheid is vir hom die laaste bron van staatsgesag.<sup>6</sup>

Wie in die lig van die Skrifopenbaring teosentries wil dink, kan geen wrede hê met bogenoemde humanistiese beskouinge (wat histories baie wankelend staan) nie. Volgens Rom.13:1-7 bestaan daar geen ander absolute mag as die van God nie, en die aardse magte wat daar is, is deur Hom ingestel. Steeds moet in die oog gehou word dat die apostel sy brief aan die gemeente te Rome skryf in die regeringstyd van Nero - die owerheid was toe beliggaam in 'n wrede heidense keiser. Elke mens, skryf die apostel, is onderworpe aan die magte wat oor hom gestel is - daarom ook die christene van Rome, al was die keiser 'n heiden want ook die mag wat deur hom uitgeoefen word, vind sy oorsprong in God.

Die staatsverband is histories gefundeer, hoewel 'n bepaalde geskiedkundige punt waar dit ingestel is, nie aangetoon kan word nie. Aan die begin van die geskiedenis vind ons 'n

- 
5. Vgl. H. Colijn: "Toelichting op het Anti-revolutionair Beginselprogram," "De Standaard" Drukkery, Amsterdam, 1934. p. 59.
6. "Good Citizenship", edited by J.E. Hand, George Allen, London, 1899. p. 13.



huisgesin, maar geen staat nie. Na alle waarskynlikheid het die owerheidsgesag in die eerste drie eeue na die sondvloed nog byna geheel in die patriargale lyn verloop<sup>7</sup>. Met die toringbou van Babel word 'en mensegroep in meerdere groepe gesplits wat die owerheidsinstelling losmaak van sy patriargale vorm; volk kom nou teenoor volk te staan. „De eerste overgang van de overheidsinstelling uit de patriarchale in de staatkundigen vorm moet van militairen aard zijn geweest..... Hoofd zijn betekende held zijn.”<sup>8</sup> Hierdie feit blyk veral uit die Rigterperiode en die vroeë koningskapstyd in Israel. Deur die natuurlike uitbreiding en verspreiding van die bevolking moes die owerheidsgesag gedentraliseer word en verkry dit sy selfstandige en meer saamgestelde vorm. Waar aanvanklik die wil van die lewende hoof geheers het, ontstaan nou die behoefte om sekere reëlinge vas te lê in wette waarvolgens almal hulle moet gedra. So kom 'n vastheid van regering tot stand wat onafhanklik van vorstelike suksessie voortbestaan. Die wet kom so in swang.

Die owerheidsgesag, met sy diepste grond in die wil van God, het in die storie tot verwerkliking gekom.

b. Die vooropstaande algemene taak van die staat.

Die owerheidsgesag is nie primêr dienend nie, dog heersend, omdat dit in die swaardmag gefundeer en juridies gekwalifiseer is.<sup>9</sup>

---

7. Volgens A. Kuyper: "De gemeene Gratie" lll, is dit die redelikste verklaring in die lig van die Skrif besien.  
Kok, Kampen, p. 63.

8. Kuyper: "De gemeene Gratie" lll, p. 64.

9. J.M. Spier: "Inleiding in de Wijsbegeerte der Wets-  
idee."<sup>10</sup> p.209.

In Rom. 13 sê die apostel dat die owerheid ingestel is tot beskerming van die goeie en tot bestraffing van die kwade. In die vervulling van hierdie taak tree hy op as die dienaar van God en dra hy die swaard om te beskerm en te straf, nie tevergeefs nie. Colijn<sup>10</sup> wys tereg daarop dat „goed en kwaad” hier nie in religieuse sin nie, maar in algemeen etiese sin opgeneem moet word. Die begrip „staat” hou dus in dat daar 'n van Gods weë met gesag beklede owerheid is wat kan gebied en verbied; m.a.w., sy taak het 'n positiewe en negatiewe aspek.

Die staat behoort, net soos die gesin en die kerk, tot die menslike samelewingsverbande. Dit is egter 'n instelling wat geroep word om in die reëling van die sosiale organisasie gesag te beoefen. Met mag en reg as sy hooffaktore, verstaan ons „dat het publieke verbandrecht van de staat is een evenwichtige harmonisering van alle belangen, die zich binnen de landsgrenzen doen gelden..... De rechtsgemeenschap van die staat toont een heel enige universaliteit te zijn, een universeel rechtsverband, die in zekeren zin alle andere samelevingsverbande overkoepelt.”<sup>11</sup> In die disharmoniese samelewing word die owerheid, volgens Kuyper,<sup>12</sup> geroep om:-

1. by botsing tussen gemeenskapskring en gemeenskapskring oor en weer eerbiediging vir mekaar se grense af te dwing;

- 
10. H. Colijn: „Toelichting” ..... p. 101.  
11. J.M. Spier: „Inleiding in de Wijsbegeerte der Wetsidee,” p. 191.  
12. Aangehaal deur C. Smeenk: „Christelijk Sociale Beginselen,” Kok, Kampen, 1934. p. 42.

2. die enkele persone en die swakkeres in die kringe teen misbruik te beskerm en so te versterk dat almal hul goddelike roeping kan vervul;

3. die maatskaplike kringe te help om organisatoriese vorme te vind wat 'n seënryke ontplooiing moontlik maak;

4. tot stand te bring wat deur almal se medewerking tot stand kan kom;

5. die hoër eenheid te midde van die verskeidenheid te bewaar, die algemene welsyn te bevorder, en almal te dwing tot wat nodig is vir die bloei en die ontwikkeling van die staatslewe.

c. Die pligte van die staatsburger:-

In die algemeen kan ons sê dat dit eerstens die plig van die burger is om hom aan die owerheidsgesag te onderwerp. Dit stel die apostel in Rom. 13 baie duidelik. Wie hierdie gesag nie gehoorsaam nie, weerstaan die ordinansies van God en haal oor homself 'n oordeel. Natuurlik word hiermee nie bedoel dat alle verset teen die owerheidsbeleid verdoem staan nie, want die Skrif leer ons ook om God meer gehoorsaam te wees as mense.

(Hand. 4 : 19) Paulus wil tans, veral met die oog op die joodse christene wat opgevoed was in die gedagte dat dit vir hulle as saad van Abraham onbetaamlik is om onderworpe te wees aan 'n heidense owerheid, die eis duidelik stel dat dit 'n plig is deur God self opgelê. „Wij schamen ons niet te gehoorzamen aan menschen die over ons zijn gesteld..... mits een ding vaststa, dat

die dragers van overheidsgezag niet tot ons komen met de aanmatiging dat zij gezag over ons komen uitoefenen krachtens eigen titel of aanspraak, maar dat zij ons de geloofsbrief toonen dat Godself hen heeft gemagtigd om over ons heerschappij te voeren.<sup>13</sup> Hierdie onderworpenheid is egter geen blote passiwiteit nie. So moet die burger met die oog op die instandhouding van die owerheid sy belastings en heffinge betaal „want hulle is dienaars van God wat juis hiermee voortdurend besig is.” (Rom. 13 : 6) Verder vloei hieruit voort dat die burger die owerheid moet bystaan in die uitoefening van sy plig „om die kwade te straf”, deur self nie die wette te oortree, die reg te vermink of die maatskaplike dissipline te veronagsaam nie. Ook moet hy in tye van krisis, byv. oorlog, wanneer die volksbestaan bedreig word, gewillig wees om sy eie lewe op te offer vir die behoud daarvan.

Tweedens het die burger 'n belangrike taak in verband met die daarstelling van die regerende mag. Daar die aandrif tot die vorming van state uit die sosiale natuur van die mens opkom, moet die owerheid nie van bo af nie, maar vanuit die volk opgebou en saamgestel word. Mense is nie geskape as losse, naas mekaar staande individue nie; waar hulle ookal gevestig is, bestaan 'n organiese verband. Daarom sê Calvyn tereg dat die hoogste volksvryheid daar gevind word waar selfs die laere owerhede deur die volk self by wyse van vrye keuse aangestel word.<sup>14</sup>

---

13. H. Colijn: „Toelichting” . . . .

p. 55.

14. Aangehaal deur A. Kuyper: „De gemeene gratie” lll, p. 91.

Hierdie beginsel vind ons in die Skrif weerspieël in die benoeming van die sogenoemde „oudstes“ in die Israelitiese maatskappy. So vind ons oudstes van die hele land (2 Sam. 5 : 3) en vir die afsonderlike stede (Rut 4 : 2) waaruit desentralisasie van regering blyk. Hulle was nie draers van die teokrasie nie, maar van die volksregte en vryhede. Dit wil egter nie sê dat hulle op een lyn te stel is met die deur die volk verkose verteenwoordigers soos ons dit vandag ken nie; Israel se stamverwantskap het sterk voorop gestaan, sodat iets soos meerderheid van stemme daar seker weinig te vinde was. Kragtens hul naam skyn dit asof die oudstes op grond van geboortestatus aangewys is.

In die ideale staat besit die burger dus burgervryhede wat 'n groot verpligting op hom plaas, byv. vryheid in gesinslewe, bedryfsluwe, geloof, ens. Van hierdie burgervryhede vorm stemreg in die ontwikkelde staatslewe 'n belangrike aspek waar die burger die reg en ook die plig het om mee te help om 'n owerheid aan bewind te bring en dit weer te toets na 'n bepaalde tyd. Hiertoë het hy o.a. nodig: kennis van die politieke instellinge van sy eie land, en tot 'n minder mate die van ander lande, kennis van die gewone gang van sake, en kennis van die primêre elemente van staatsinrigting.<sup>15</sup> Volgens sy gewete moet die burger sy stem uitbring en nie onder verpligting soos tans

---

15. Volgens M. Stewart in "Education for Citizenship" deur die "Association for Education in Citizenship", Oxford University Press, London, 1945. p.109.

in kommunistiese lande waar met oop stembrieffies gestem moet word, geskied nie. Die enkeling behoort die sedelike reg te hê om niks te doen teen sy gewete nie, al lok dit druk van staatsweë uit; maar beskou ons die saak vanuit die standpunt van die owerheid, moet die openbare orde, die publieke eerbaarheid en die belange van die groep as geheel uitgaan bo die belange van die individu.

Nie slegs deur middel van stemreg nie, maar ook van die pers, openbare vergaderinge en protes, het die individu die reg en plig om die owerheid te korrigeer.

Uit die bogenoemde grepe blyk dat elkeen 'n plig op die terrein van die staatslewe het. As 'n belanghebbende besit die onderdaan regte, vryhede en verantwoordelikhede. "As citizens we occupy a twofold relationship to that larger political whole which we call the state; for in the first place, the state is what we make it, and in the second place, whatever it is, we are compelled to obey it."<sup>16</sup> Oor die vraag wat die posisie is wat die vrou in hierdie verband moet inneem, bestaan die grootste meningsverskille en verwarring wat veral na die eerste wêreldoorlog sy hoogtepunt bereik het. As belanghebbende persoonlikheid kan die vrou nie tot passiwiteit gedwing word nie; maar aan die ander kant mag ons nie die enkeling sien as 'n op sigselfstaande individu nie, dog veeleer as 'n lid, wat met ander lede 'n geheel vorm.

---

16. J.E. Hand: "Good Citizenship", bls. 7 van die inleiding.

Die Vrouebeweging: Ontwikkeling en suksesse.

Wie die hand hou op die pols van die geestesrigtinge in die loop van die geskiedenis, kan nie ontken dat die waardeoordele oor die vrou wat in die heidense Grieks-Romeinse kultuurlewe gangbaar was, die denke tot na die middeleeue beheers het nie. So wys graaf de Gasparin daarop dat dit 'n ou oorlewing is om die vrou as die mindere aan te sien: „De scherts der dichters van Griekenland en Rome, de kluchtspelen uit de middeleeuwen, de sermoenen en preeken, geheel de stroom van de Renaissance, van Rabelais tot Voltaire en Beranger, dat alles vormt een doorlopende ironie, die zonder ophouden hare kracht heeft gebruikt ten koste van de eene helft van het menschdom.”<sup>17</sup>

Selfs die christendom wat toe uitgedra is deur die kerk van Rome waarin die amp oorheers en die leek geen plek vind nie, kon in die praktyk hierdie waardeoordele nie verdring nie. Gedurende die 18de eeu egter, kom 'n kentering as gevolg van die individualisme aan die een kant en die rasionalisme aan die ander kant „Zoodra nu het individualisme de organische beschouwing van gezin, maatschappij en staat vervangt, komen vanzelf ook de rechten der vrouw aan het woord.”<sup>18</sup>

Hierdie individualisme vorm die agtergrond van die feministiese beweging, en elke stryder vir vroueregte het as sentrale uitgangspunt die stryd om die erkenning van en eerbied vir

---

17. Aangehaal deur H. Bavinck: „De vrouw in de hedendaagsche Maatschappij,” Kok, Kampen, 1918. p. 71.

18. H. Bavinck: „De Vrouw in de hedendaagsche Maatschappij,” p. 72.

die vrou as persoonlikheid. In die woorde van Katherine<sup>19</sup> is „die herstel van die vrou se selfrespek die kern van die feministebeweging..... As die hele lys van objektiewe aanwinste volledig is; as die skole oopstaan vir dames, die klare fâtisch verbanne is, staats-moederassuransie ingevoer is; wetsbeskerming gewaarborg is vir moeders en kinders of dit al in of buite die huwelik is; die ekonomiese onafhanklikheid van die vrou verseker is en sy politieke kiesreg verkry het - die som van al die beskawende oorwinnings sal meer dan nodig wees om die sielkundige oorblyfsel van onderwerping in die individuele vrouesiel uit te veeg..." Die beweging wil in die eerste plek die emansipasie van die vrou as persoonlikheid en die uitvloei sel hiervan het in die praktyk die stelling van Stead bewaarheid, nl.: "Admit that a woman has a soul and you have to admit everything else."<sup>20</sup>

Soos Bavinck tereg daarop wys, is hierdie ontwaking tot selfbewussyn en 'n gevoel van eiewaarde by die vrou 'n element in die vrouebeweging wat nie „onbepaald te veroordelen is."<sup>21</sup> Die Skrif leer ook duidelik dat die mens (man en vrou) na die beeld van God geskape is en die suiwere christendom is dan ook by uitstek die godsdiens wat die persoonlikheid eerbiedig en klem lê op die persoonlike verhouding tussen Skepper en skepsel.

---

19. Aangehaal deur Marie du Toit: "Vrou en Feminist",  
Nasionale Pers, Bloemfontein, 1921.

p. 36.

20. Aangehaal deur Marie du Toit,

p. 40.

21. H. Bavinck: "De Vrouw in de hedendaagsche Maatschappij,"

p. 74.



„En in het licht der historie beschouwd, moet het geene verwondering baren, dat ook de vrouwen buiten en in het huwelijk zich allengs van hare perzoonlijkheid bewust worden en voor haar eigen rechten gaan pleiten. De ziel der vrouw is ontwaakt, en geen macht ter wereld brengt haar terug tot de onbewustheid van weleer.“<sup>22</sup>

Die vrouebeweging het nie oral in dieselfde rigting beweeg nie. In België en Italië val dit grotendeels met die stryd van die arbeidsters saam; in Amerika het die strewe na politieke gelykstelling met die man voorop gestaan, terwyl in Griekeland, byv., die beweging beperk is tot die verbetering van die sosiale posisie van die vrou in die algemeen. Op staatsterrein het die stryd in alle lande sentreer om die eis: Vrouestemreg. So roep Marie du Toit die vroue in S.A. tot aksie: „Die vrouekwessie moet vir vroue van eerste belang wees totdat hulle eers stemreg het...“<sup>23</sup> Frantz fundeer sy eis om vrouestemreg weer op die beskouing dat as persoonlikhede alle mense gelyk staan en konkludeer hy: „Die Frauen müssen auf die Wahlliste kommen, order es gibt kein Gerechtigkeit in der Welt“<sup>24</sup> Hoewel vrouestemreg nie die enigste, selfs nie die verneamste onder die vraagstukke is wat die posisie van die vrou in die maatskappy raak nie, vorm as uitgangspunt vir die stryd om vroue-

- 
22. H. Bavinck: „De Vrouw in de hedendaagsche Maatschappij.“ p. 78.  
23. Marie du Toit: „Vrou en Feminist,“ p.117.  
24. Aangehaal deur A. Kuyper: „De erepositie der Vrouw, Kok, Kampen, 1932.“ p. 10.

regte die toekenning van aktiewe en passiewe stemreg.<sup>25</sup>

Onder invloed van die Franse revolusie het die vrouebeweging eerste in Frankryk tot openbaring gekom; 'n neiging wat deur die opvoedkundige Jean Jacques Rousseau in krasse taal bestry is. In sy „Emile” beskryf hy (in die figuur „Sophie”) sy ideaal van wat 'n vrou moet wees en hoe sy opgevoed moet word. Dit lok die reaksie van die Engelse dame Mary Wollstonecraft uit en in 1792 verskyn haar werk: "Vindication of the rights of Woman," 'n boek wat deur Holtby<sup>26</sup> "the Bible of the women's movement in Great Britain" genoem word. Nou het 'n koor van stemme om vroueregte in alle lande weerklank en die vrouebeweging kon oorwinning op oorwinning boekstaaf.

In Amerika het, onder leiding van persone soos Abigail Smith, Lucretia Mott e.a., die staat Wyoming daartoe oorgegaan om in 1869 vrouekiesreg in te stek. Ander lande het weldra hierdie voorbeeld gevolg.<sup>27</sup> In Nu-Seeland kry vroue stemreg in 1893, in Suid en Wes Australië in 1895 en 1900 respektiewelik, in Nu-Suid-Wallis in 1902, in Finland in 1906, in Engeland in 1918 ens. In ons eie land is op 11 Feb. 1921 'n monsterpetisie

---

25. In verband met stemreg in die algemeen word onderskei tussen aktiewe en passiewe stemreg. Eersgenoemde beteken die reg om te stem vir 'n kandidaat en laasgenoemde om voor gestem te word; m.a.w. om as kandidaat verkiesbaar te wees. Waar die burger beide voorregte besit, word dit algemene stemreg genoem soos dit in ons land ook vir vroue vanaf 1930 bestaan.

26. W. Holtby: "Women", John Lane, London, herdruk 1941.

p. 41.

27. Gewens weral ontleen aan M. du Toit: "Vrou en Feminist",

p.115 -  
122.

met 54,598 naamtekeninge met "'n indrukwekkende seremonie" aan die parlement voorgelê en in 1930 is algemene stemreg aan die Afrikaanse blanke vrou toegeken. Na ons wete besit die vrou van die westerse wêreld oral stemreg, behalwe in Switserland en gedeeltelik in België.

Is vrouestemreg, soos ons dit ken, 'n voldonge feit, is die pad vir die vrou na verteenwoordigende liggame oop en begin sy met die man kompeteer op die politieke platform, in plaaslike rade en in Laer en Hoërhuis. In Maart 1921 is mev. Cowan verkies as die eerste vrouelid van die Australiese parlement. In dieselfde jaar was in Duitsland 27 vroue lede van die Reichstag terwyl in Finland tussen 1907-12 14 tot 24 vroue parlamentslede was. In 1929 was daar in Engeland 13 vrouelede in die Laerhuis, in die V.S.A. 8 en in Nederland 7 in die Tweede kamer. Ons verwys verder na vroue wat tans 'n leidende rol speel in die V.V.O. vergaderinge soos mevr. Roosevelt, Pandit, Belie, Lindstrom<sup>28</sup> e.a.; die drie vroue in ons eie Volksraad wat hul weldeeglik laat geld; die vroue in ons provinsiale rade, munisipaliteite, selfs as burgermeesteresse. Selfs vind ons in oorsese lande vroue in ministeriële poste. Koninginne kan ons buite rekening laat, daar hulle nie deur vrye verkiesing nie maar deur opvolging die trone bemagtig.

So het die vrouebeweging met die wind van veranderde

---

28. Opvallend is die feit dat hulle, behalwe mev. Roosevelt, skynbaar almal getroude vroue is. Vgl. artikel van Elsa Joubert: "Die Huisgenoot", 14 Jan. 1949.

lewensuitkyk, toetrede van die vrou in die industriële wêreld en ander sosiale faktore in sy seile, sy stryd met klinkende welslae bekroon.

Prinsipiële beoordeling van aktiewe en passiewe vrouekiesreg.

Soos Bavinck tereg daarop wys, moet die eis om vrouestemreg nie in die abstrakte beskou word nie, maar in verband geplaas word met die verandering en ontwikkeling „die er onmiskenbaar plaas greep in het leven der vrouw en die er den grondslag en de drijfkracht van uitmaakt. Het verlangen naar politiek stemrecht is dus bij de vrouw niet een inval of grill; maar het komt op uit het ontwaakte zelfbewustzijn, uit de idee van persoonlikheid en vrijheid die zich van haar heeft meester gemaakt; het vindt steun in de inkrumping van den gezinsarbeid, in het bedrijfs en beroepsleven waartoe haar leven zich heeft uitgebreid, in de veranderde positie welk zij ten opzichte van het openbaar leven is gaan innemen; en het hangt zamen met het belang dat zij persoonlijk gekregen heeft bij het bestuur des lands en met de belangstelling, welke zij daarom is gaan gevoelen voor de publieke zaak. Het gaat niet meer aan en druischt tegen de werkelijkheid in, de werkring der vrouw te beperken tot de vijf K's (kamer, keuken, kelder, kinderen en kleeren); de ontwikkeling der maatschappij drijft haar op nieuwe banen.”<sup>29</sup> Die maatskap-

---

29. H. Bavinck: „De Vrouw in de hedendaagsche Maatschappij,”

py open vandag vir die vrou die deure tot alle rigtinge in die onderwys, fabriek en kantore, en die gevolg is dat die moeder en die dogter al net so deel is van die openbare lewe as die vader en die seun. Die eis om stemreg volg as 'n natuurlike konsekwensie van al die verowering wat die vrou sedert die helfte van die vorige eeu op heel die terrein van die openbare lewe gehad het. Hierby kom nog dat die staat almeer beheer opgeeis het in verband met sosiale vraagstukke wat spesifiek tuis hoort op die terreine van vroueverenigings en liggeme, en die vrou het gevoel dat sy haarself moet laat geld ook in regeringskringe.

Wanneer ons die posisie van die vrou in die staatslewe prinsipieel benader, gaan ons van die volgende Skrifbeginsels uit:-

1. In die huwelik en gesinsfeer lê die vrou se hoogste en primêre roepingsterrein. Die Skrif plaas haar van die begin af as die sentrum van die huwelik en die huislike sfeer, (Gen. 2 : 24) en in die uitvoering van die goddelike opdrag aan die mens om vrugbaar te wees en te vermeerder, is die eggenote die onvervangbare hoofpersoonlikheid. Christus bevestig hierdie skeppingsordinansie in Matt. 19 : 5-6. Ook die apostel Paulus voel bekommerd oor die jong weduwees wat in ligsinnigheid verval en beveel: „Ek wil dan hê dat die jong weduwees moet trou, kinders baar, hulle huise regeer....." (1 Tim. 5 : 14) So verwys die hele Skrif die vrou na die huwelik en gesinsfeer as haar hoogste roepingsterrein. Die bedoeling is sekerlik nie

dat haar belangstelling slegs tot die vyf K's beperk moet bly nie, maar hoofsaak is dat die gesin die primêre is en dat buite-huislike arbeid in die vrou se lewe as sekondêr moet geld.

11. Die gesagsonderworpenheid van die vrou aan haar eggenoot in die huweliksverband (vgl. Ef. 5 : 22-24), werk ook deur op ander lewensterreine. Daarom laat die apostel die vroue nie toe om ongesluit te bid of te profeteer nie, maar moet sy " 'n aanwysing van gesag op die hoof hê." (1 Kor. 11) Soos hierdie beginsel van huweliksgesag vir die kerklike lewe geld, geld dit ook vir die staatslewe. Indien die getroude vrou byv. in 'n burgerlike posisie is waar sy teenoor haar man in 'n leidende of gesagsposisie staan, sou dit bots met laasgenoemde se gesagsposisie in die huwelik.

111. Die saak staan egter moeiliker met die ongetroude, mondige, selfstandige dame van ons dag. In verband met hierdie kategorie van vroue vind ons geen direkte voorskrifte in die Nuwe Testament nie. Die Grieks-Romeinse kultuurwêreld in die dae van die apostels het die ongetroude selfstandige dame nie geken nie. Die opvoeding van elke meisie was op die huwelik ingestel en dit het reeds heel jonk (14 - 16) jaar plaasgevind, met die gevolg dat verginiteit en die selibaat in die praktyk heel weinig voorgekom het. Waar die apostels dus aan die vrou dink, is dit steeds van toepassing op die getroude vrou.<sup>30</sup> Vir ons doel moet ons in die oog hou dat die ongetroude vrou haar

---

30. Vgl. N.J. Hommes se afdoende artikel in "De Gereformeerde Weekblad," 27 Mei 1949, ~~bls.~~ p.380.

teenwoordige staat as tydelik moet beskou en steeds ingestel wees op die gesinslewe waar haar hoogste roeping as vrou lê. Ons kom dus op ook teen enige burgerlike faktore wat die vrou mag verhinder om tot 'n huwelik oor te gaan.

IV. Die Skrif leer ons dat die vrou op staatsterrein nie passief is nie. Tot die regerende magsposisie het slegs twee vroue dit in Israel gebring, nl. Debora, wat saam met Borak die volk in die kryg teen Jabin lei (Rig. 4, 5 : 7), en Atalia, wat 'n skrikbewind in Juda gevoer het en so tragies haar einde moes vind. (2 Kon. 11) Dadelik voel 'n mens dat hierdie twee abnormale gevalle was en nie as reël kan dien nie. Tog het vroue by die maghebbers groot invloed gehad. Die heks van Endor speel 'n groot rol in Saul se kritieke oomblikke; (1 Sam. 28) vroue verlei Salomo tot afgodery en bewerk sy ondergang; (1 Kon. 11 : 1-13) Ester verseker die toekoms van haar volk deur haar moedige optrede by die koning (Ester 7 en 8) ens. In oorlog en tye van woeling speel die vrou ook haar rol in die openbaringsgeskiedenis: Ons verwys na Ragab, wat Josua se verespieders versorg (Jos. 2 : 1-21); Jael, wat die generaal Sisera met lis vermoor (Rig. 4 : 21); deurdad Joseba Joas steel, stuur sy die geskiedenis van die vorstehuis in 'n ander rigting (2 Kon. 11 : 12) ens. In sy geheel genome, kan ons konkludeer dat die vrou nie op Skrifgronde in die staatslewe tot passiwiteit gedwing kan word nie.

Fas ons hierdie beginsel toe, kan teen die toekenning van

die aktiewe stemreg aan die vrou geen deugdelike besware ingebring word die. Kuyper<sup>31</sup> bestry vrouestemreg veral op grond van sy veroordeling van die individualistiese staatsbekouing; maar soos Bavinck daarop wys, bly dit by vae teoretiese terme. „Van het individualistiese kiesrecht is in het afgetrokkene niets godds te zeggen, want het abstraheert van elke qualiteit, ziet in den mensch een nummer en legt de beslissing in de handen van de helft plus één. Doch als het toegepast wordt, wordt het verleend niet aan abstracte wezens, maar aan menschen van vleesch en bloed, aan concrete, levende personen, aan een kleiner of grooter aantal burgers, die zekere overtuigingen en inzichten koesteren, die bepaalde belangen hebben, en die met alle vezelen van hun leven gebonden zijn aan de toestanden, die in een gegeven tijd onder een volk bestaan.”<sup>32</sup> 'n Burger van die staat ontvang stemreg nie om sy sosiale of ekonomiese posisie nie, maar alleen op grond van sy burgerskap; die persoonlikheid het vir ons in hierdie opsig meer waarde as stand of geld en goed. As dit van die man waar is, moet dit van die vrou ook waar wees, want as persoonlikhede staan hulle gelyk - albei is na Gods beeld geskape as redelike en sedelike mense.

Die toekenning van die aktiewe vrouestemreg bots ook nie met die bogenoemde Skrifbeginsels nie. Dit beïnvloed nie haar

---

31. In sy boek: „De Erepositie der Vrouw,” Kok, Kampen. 1932.

32. H. Bavinck: „De Vrouw in de hedendaagsche Maatschappij,”



roeping as eggenote en moeder nie; dit tas ook nie die gesag van die eggenoot aan nie, want „het uitbrengen van zijn stem (voor de kiezer) is geen machts oefening, die immers alleen aan de Overheid toekomt; maar, naast de kwijting van plichten, doelt op een waken voor rechten en een opkomen voor belangen, waarvan die handhaving hem, met anderen saam, is toevertrouwd.”<sup>33</sup> Volgens die Nederlandse hoogleraar Buys is die konstitusionele vorm van regering 'n regering van belanghebbendes; 'n feit waaruit vrouestemreg in ons dag outomaties vloei. Verder skakel dit ook die dualistiese onderskeiding tussen getroude en onge- troude vrou met betrekking tot die kiesreg uit 'en spoor haar aan tot belangstelling en aktiwiteit op staatsterrein. Haar stem is ook nodig ten einde die wetgewende liggame te beweeg tot optrede met betrekking tot haar spesifieke terreine van gesins en welsynsaangeleenthede, byv. wetgewing in verband met gesins- bestaansbeveiliging, kinderversorging, vroue en kinderarbeid, ens.

Die vrouebeweging het in die verlede egter te veel verwag van vrouestemreg. Haas alle feministe het voorspel dat daar 'n revolusionêre omwenteling ten goede in die sosiale lewe sal kom indien die vrou net kan stem, maar vandag is hulle teleurge- steld. Geen rekening is gehou met die hele sosiale struktuur asook met die feit dat die politieke lewe vir die vrou slegs van sekondêre belang moet wees nie. M.E.R. stel dit raak as sy ons

---

33. So neem die christelike antirevolusionêre party in Nederland die stemreg op. Aangehaal deur Bavinck, p.126.

eie omstandighede opsom: „Die vroue kan die politiek beïnvloed - so het die Afrikanervrou gemeen - deur hulle stem en deur hulle werk as parlamentslede. Wat die stem betref, kan ons vandag na die proefneming oor die jare net sê dat die vroue die stemkrag vergroot het - niks meer nie. Dit was ook wat die mans beoog het; hulle het gereken dat hierdie vergroting die partystemkrag aansienlik sou verhoog. Die vroue het egter gemeen dat hulle die politiek werklik kon beïnvloed ten bate van byv. sosiale wetgewing. Die mans se berekening, soos vandag blyk, was heeltemal reg; die van die vroue, heeltemal verkeerd. By die betreding van 'n nuwe en onbekende terrein kan 'n mens maklik mis reken.“<sup>34</sup> Die geagte skryfster stel dan ook voor dat die vrou moet soek om haarself te laat geld op maatskaplike eerder as op politieke gebied.

'n Ander voorgestelde program wat ons aandag verdien, is die gesinshoof-stemreg. Weliswaar kom die organiese op die voorgrond,<sup>35</sup> dog dit neig ons insiens te veel na die verabsoluttering van die manlike gesag oor die eggenote en is vreemd aan die christelike ideaal van die man-vrou verhouding. Verder moet dit soveel uitsonderinge toelaat dat dit in die praktyk nie deug nie.<sup>36</sup> Bavinck wys daarop dat die antirevolusionêre par-

---

34. M.E.R.: „Het die vrou ons wetgewing beïnvloed?“

Artikel in „Die Huisgenoot,“ 18 Mei 1951. *Weekblad, Nasionale*

35. Sien Christelike Encyclopaedie III, Kok, Kampen, 1925.

*Pers, Kaapstad*  
p.390.

36. Dit blyk uit hoe Colijn met die probleem worstel in sy werk „Toelichting op het antirevolutionair Be-ginselprogram“, Selfs diegene wat van dieselgde prinsipiële standpunt uitgaan, verskil.

p.183 v.v.

ty in Nederland (wat op hiordie standpunt gstaan het) dit al spoedig moes uitbroi tot weduwees as gosinshoofde, asook tot ongetroude mans wat „als zelfstandige personen krachtens aanstelling of beroep in het maatschappelijk lewen optreden,“<sup>37</sup> met die konsokwensie dat ook selfstandige werkende dames tot die stembus toegelaat moes word. Dan is dit slegs die getroude vrou wat op nonaktiwiteit geplaa word, wat waarlik nie bereken is om die huwelik in krediet te bring nie.

Heel anders val dit uit wanneer ons die bogenoemde Skrifbeginsels op die passiewe kiesreg vir die <sup>vrou</sup>toepas:-

1. Wanneer die getroude vrou benoem word as lid van regerende liggamo,<sup>38</sup> bring dit mee dat sy nie haar roeping met betrekking tot die huisgesin, waarvan sy die middelpunt is, na reg kan volbring nie. Hiordie feit het ook koningin Juliana van die Nederlande aangevoel. Met haar troonsbestyging het sy verklaar dat die volk moet onthou dat sy nie slegs hul koningin nie maar ook moeder van vier Nederlandse dogters is wat haar moedersorg en opvoeding nie kan ontbeer nie.

Dit is sekerlik nie die opsetlike doel van die feminisme om die vrou los te maak van die huislike kring nie. „Die vrou sal nie die huwelik wat haar enigste proteksie is, en die huislike lewe wat grotendoels hulle werk is, laat vernietig nie.

---

37. H. Bavinck: „De Vrouw in de hedendaagsche Maatschappij.“

p.125.

38. Met regerende liggamo word bedoel liggamo wat direk in verband staan met die heersende funksie van die staat, byv. volksrade en provinsiale rade; en nie besturo van veronigings wat veral 'n organisatoriese doel dien nie.

~~p.125.~~

Dit sou eers dom wees."<sup>39</sup> Dit is egter die noodlottige konsekwensie wanneer die moeder van kinders of die potensiele moeder 'n leidende rol in die politieke lewe speel. Sy moet dan indien daar kinders is, hulle grotendeels aan die sorg van 'n ander oorlaat, of indien daar nog nie is nie, hul koms vir 'n onbepaalde tyd uitstel.

Wanneer vroue benoem word op byvoorbeeld regeringskommissies in verband met sake wat haar spesifieke terreine (byv. welsynswerk) raak, is dit gerade om die beginsel van die apostel in ag te neem waar hy bepaal dat vroue wat as hulp vir die ouderlingsamp verkies word, nie jonger as 60 jaar moet wees nie - d.w.s. vroue wat nie meer die volle verpligtinge wat die gesinslewe impliseer, dra nie. (1 Tim. 5 : 9-10). Geen politieke wins wat deur die optrede van 'n moeder bewerkstellig word, kan vergoed vir haar verlies vir die gesin nie.

II. Verder bring die verkiesing van 'n getroude vrou tot regerende liggame (die staat is juis die instelling met die heersende funksie) haar tot haar eggenoot in 'n verhouding wat nie gerym kan word met sy gesagsposisie in die huwelik nie.

III. Ook vir die ongetroude dame is dit gerade om haar te onthou van politieke loopbane, daar dit meebring dat sy nie op die huwelik ingestel is nie.

IV. Waar ons in beginsel die passiewe stemreg vir die vrou teenstaan, impliseer dit egter nie dat sy passief is met

betrekking tot staatsake nie. Sy kan aktief wees deurdat sy haar stem vir manlike kandidate uitbring, deur middel van vrouevereniginge en ander organisasies haar stem by die regering laat hoor, benoem word op adviserende regeringskommissies mits dit nie bots met haar gesinsroeping nie, ywerig help met organisasie en insameling van fondse vir haar politieke party, ens.

Die eintlike roeping van die vrou met betrekking tot staatsake bestaan in beïnvloeding. „Vroue moet probeer om deur beïnvloeding die regering van 'n land te verbeter en nie deur self daaraan deel te neem nie.“<sup>40</sup> Hierby kom nog die oorweging dat die sosiale arbeid van die vrou in rigtinge moet gaan wat aanpas by haar besondere temperament en vermoëns; en dit val sterk te betwyfel of die politieke platform ook hier in die gesigskring kom. Waar die vrou in ons eie land reeds vir 21 jaar die passiewe stemreg besit, is dit seker nie te veel gevra as ons soek na haar spore in veral die sosiale wetgewing nie. Wat dit betref, merk M.E.R. tereg op: „Daar was wel sedert die toekenning van vrouestemreg sosiale wetgewing, en op administratiewe terrein is daar 'n geweldige toename van maatreëls vir volkswelsyn. Het die vrouelede van ons parlement dit aan die gang gesit? Rigting daaraan gegee? Sou dit sonder hulle anders gewees het? Of gladnie geskied het nie? Het die vroue hierdie wetgewing en reëlings by verkiesings van die kandidate geëis? Het die paar vroue in die Volksraad dit met die opdrag

---

40. 'n Dosent aan 'n opstandige burgeres in „Dienares“,  
Feb. 1949.

van die vrouekiesers aangevoer en gevorm? Vir my, so van buite beskouende, lyk dit of sodanige vrou óf „nee" vir antwoord kry óf die vraagtekens bly staan. Ek weet nie.<sup>41</sup> Veeleer het ons welsynswetgewing onder druk van dringende veranderde sosiale toestande tot stand gekom, as deur die bemoeiinge van die vroue in die Volksraad.

Waar ons dus aan die vrou aktiewe stemreg toeken sonder prinsipiële besware, meen ons tog om die passiewe stemreg op grond van Skrifbeginsels van haar te onthou.

Die privaatregtelike posisie van die vrou:-

Die kwessie van die regsonbevoegdheids van vroue het in die wetboeke van alle eeue neerslag gevind. In die ou Romeinse reg<sup>42</sup> vind ons die „tutela sexus", 'n voogdy waaronder alle vroue uit wetsoogpunt gestaan het en waarvan alleen die Vestaliese maagde vrygestel is. Ten spyte van Justinianus (527-565 n.c.) kon 'n vrou geen voogdes wees oor ander behalwe haar eie kinders en kleinkinders nie; sy kon nie 'n getuie in die deurvoering van aktes wees of vir iemand borgstaan nie. Ook in die oud-Hollandse reg vind ons die vrou as sodanig in haar burgerlike regsbevoegdheids baie beperk; so moes in die middeleeue alle vroue, getroud of ongetroud, 'n vaste voog hê. Die Code Napoleon,<sup>43</sup> deur Napoleon in 1804 ingevoer, behels o.a. dat die ondersoek na vaderskap in die geval van buite-egtelike kinders verbode is,

---

41. In haar artikel in „Die Huisgenoot," 15 Mei 1951, p. 52.

42. „De Vrouw, de Vrouwenbeweging en het Vrouwenvraagstuk"- Encyclopaedisch Handboek, uitgegee deur Elzevier Uitgevers Maatschappij, Amsterdam, 1914. p.622 v.v.

43. Vgl. H. Bavinck: „De Vrouw in de hedendaagsche Maatschappij,"

dat 'n vrou geen eiendom mag besit nie en dat die man haar wettige voog is, dat 'n vrou geen reg op haar kinders het nie, dat sy nie as getuie by die burgerlike stand mag optree nie, dat 'n man sy vrou mag doodmaak as hy haar op 'n daad van ower-  
spel betrap, en dat die vrou geen burgerlike of politieke regte besit nie. Napoleon ag die vrou alleen goed om kinders te baar, en dit het duidelik in sy wetgewing geblyk.

Sodanige wetgewing wat die vrou in die algemeen as 'n minderwaardige wese beskou wat nie vir haarself kan dink en dus onder voogdy geplaas moet word, is dikwels verdedig met beroep op die Skrif. Ons insiens berus hierdie uitkyk op 'n eksegetiese misvatting van Skrifgedeeltes soos 1Kor. 11 : 3. Dit word dan aanvaar dat die vrou as wese onder die gesag van die man as wese geplaas word.<sup>44</sup> Wie egter gesonde eksegetiese beginsels toepas en Skrif met Skrif vergelyk, vind dat 'n voorskrif soos die in 1 Kor. 11: 3 betrekking het op die maritale mag van die eggenoot in die huweliksverband; slegs in die huwelik is die vrou onder die gesag van die man geplaas en die Skrif gee ons geen reg om hierdie gesag te veralgemeen nie. Weliswaar werk dit deur in ander verbande, maar die eintlike gesag van man oor vrou geld slegs die huwelik. Op grond hiervan, behoort die ongetroude selfstandige dame in die privaatreg dieselfde bevoegdhede en pligte as die manlike staatsburger te besit, byv. belastings betaal, ens.

---

44. Dit is ook die standpunt van D.P.M. Beukes in sy werk "Die posisie van die vrou in die kerklike lewe," M.Th verhandeling, Kweekskool, Stellenbosch 1940. p.50-51.

Heel anders staan die saak wanneer ons die privaatregtelike posisie van die getroude vrou benader. Die huidige streepe is om bogenoemde gelykheidsbeginsel sonder meer op die getroude vrou te betrek, en hui dit byvoorveeld in die Verslag van die kommissie insake die regsonbevoegdhede van vroue dat die kommissie benoem is om "in te gaan op die ongelykheid wat daar volgens die bepalings van die reg nog tussen mans en vroue bestaan, in sonderheid met betrekking tot die huwelik... en verslag te doen oor watter maatreëls vir die verwydering van sodanige ongelykheid getref behoort te word."<sup>45</sup> Hier kom die maritale mag van die eggenoot ernstig in gedrang, en die Christelike Staatskunde word geroep om in die bepalinge van die huweliksreg sy normatiewe beginsels uit die Skrif te put.

Selfs uitgesproke feministe<sup>46</sup> erken dat al sou "die dogma van die maritale mag" wegval, daar terreine in die gesinsverband oorbly "waar wij ons geen volkome rechtsgelykheid tusschen man en vrouw kunnen denken," nl. wat betref die opvoeding van kinders en die keuse waar die gesin sy woonplek sal hê. "Inderdaad, hier is een rechtsongelykheid, die, zoover wij zien, geen wetgever zal kunnen opheffen, daar ze voortvloeit uit de onmogelykheid om op hetzelfde gebied aan twee personen een gelyk zeggingsrecht te geven." Die beginsel van die maritale mag van die man is een van die grondslae van die huwelik. Wie

---

45. "Verslag van die kommissie insake die regsonbevoegdhede van Vroue," Staatsdrukker, Pretoria, 1949. p. 1.

46. Byv. mev. van den Hoek-Kok in "De Vrouw, de Vrouwenbeweging en het Vrouwenvraagstuk." p.638.



die Skrif as geopenbaarde waarheid van God erken, moet ook hierdie beginsel aanvaar. Wat ons omtrent die gesag van die eggenoot in Ef. 5, Kol 3 en 1 Petr. 3 geleer word, is nie vir tweërlei uitleg vatbaar nie. Daar vind ons uitdruklike positiwiese voorskrifte. Colijn<sup>47</sup> wys daarop dat hierdie beginsel nie tot strekking het om die man te bevoorreg nie. „Reeds zijn Schriftuurlijke oorsprong sluit zulk een gedachte uit . . . . Het betreft hier allermins een aangelegenheid van achterstelling van de vrouw of van bevoorrechting van den man. Deze opvatting kan alleen maar opkomen bij hen, die den man en de vrouw slechts als individu zien, die hen blijkbaar niet kunnen zien als op te gaan in een hogere eenheid: de gezin.” Lewis stel dan ook 'n waarheid as hy sê dat rondom die vraagstuk van die gesin alle ander vraagstukke van politieke en sosiale aard saamkom.<sup>48</sup>

Met hierdie twee Skriftuurlike beginsels, nl. die gesag van die man oor die vrou in die huwelik, en die strewe om die gesin se belange te bevorder en te bestendig, kan ons die neiginge in die wetgewing met betrekking tot vroueregte in die huwelik normeer. „De gezinseenheid moet beschermd en het gezinsbelang op den voorgrond worden gesteld. Daarmede dient men tevens het belang der vrouw . . . . zij wordt geschaad, wanneer in de plaats van het gezinsbelang het persoonlijke recht van de vrouw wordt geschoven: Het geluk ligt niet in

---

47. H. Colijn: „Toelichting op het antirevolutionair Beginselprogram,” p.333.

48. Aangehaal deur Colijn in bogenoemde werk, p.336.

het verscheuren van alle natuurlike banden."<sup>49</sup>

In die lig van die ware karakter en doelstelling van die huwelik, skyn die sluiting daarvan in die gemeenskap van goedere die naaste aan die ideaal te staan. Nie alleen word die egte-linge "een vlees" nie, maar ook een in die besit en verwerwing van stoflike besittinge. Tereg wys die Pretoriase tak van die S.A. Genootskap van universiteitsvroue daarop dat "die huwelik in gemeenskap van goed die vroue in die laerbesoldigde groepe tot beskerming en voordeel was; d.w.s. wat ongeveer 80% van die vroue in die land betref."<sup>50</sup> Dit hou dus, volgens verskillende vroueliggame, ook praktiese nut vir die vrou in; hoewel die wet haar behoort te beskerm indien die eggenoot nie sy roeping nakom nie, byv. waar 'n man sy vrou verlaat met wie hy in gemeenskap van goedere getroud is, sy nie aanspreeklik gehou moet word vir sy skulde nie.

Moeilik is die vraag i.v.m. die reëling van die huweliks-eiendomsreg. Voetius<sup>51</sup> sit die reg van Holland, wat trouens die van ons is, as volg uiteen: "In Holland kan die man, uit hoofde van die maritale mag sowel sy eie roerende en onroerende eiendom as dié van sy vrou, selfs teen die wens van sy vrou en ongeag of hulle gemene afstammeling het, al dan nie, hetsy hy meerderjarig is, al dan nie, vervreem." Hierdie hele aange-

---

49. H. Colijn: "Toelichting op het antirevolutionair Beginselprogram," p.333.

50. "Verslag van die kommissie insake die regsonbevoegdhede van Vroue," p. 11.

51. Soos aangehaal deur bogenoemde. Verslag van die kommissie, p. 14.

leentheid het in ons dag aktueel geword daar talle getroude vroue in lonende beroepsarbeid staan. Die vraag kom dan op of die eggenoot op grond van sy maritale mag die reg moet hê om die salaris, loon of ander besoldiging wat sy vrou verdien, in te vorder. Die kommissie insake die regsonbevoegdhe van vroue beveel aan dat die man die reg ontnem moet word.<sup>52</sup> Sêos Bavinck egter tereg daarop wys, word die goederegemeenskap in die huwelik almeer beperk en die vrou almeer selfstandig teenoor die man gemaak.<sup>53</sup> „Steeds losser word die vermoegensrechterlike band tusschen de echtgenooten, totdat dit o.i. overal zal uitloopen op wat in Engeland reeds voltrokken is: het verdwijnen van elken invloed van het huwelik op de vermogens der echtgenooten.”<sup>54</sup> Op hierdie wyse word die goederegemeenskap van die huwelik verander tot 'n private kontrak wat 'n mens kan aangaan of verbreek buite die wetgewer om, en die konsekwensie hiervan is dat daar 'n nuwe aandrang is op vergemakliking van egskeiding. Die strewe om die vrou binne die huwelik ekonomies selfstandig te maak, druis direk in teen die eggenoot se gesag, hoeseer elkeen wetgewing wat beskerming verleen in abnormale gevalle, verwelkom. Min. Swart<sup>55</sup> het ook in die Volksraad daarop gewys dat die aanbeveling van die kommissie, hierbo genoem, die

---

52. „Verslag van die kommissie insake die regsonbevoegdhe van Vroue,” p.15.

53. H. Bavinck: „De Vrouw in de hedendaagsche Maatschappij,” p. 83.

54. „De Vrouw, de Vrouwenbeweging en het Vrouwenvraagstuk,” p.634.

55. Volgens die verslag van „Die Burger”, dagblad, Woensdag, 8 Maart 1950.

onderhoud van die gesin uit die oog verloor en hy vra: " 'n Man is miskien sieklik en die vrou verdien baie meer as hy. Is sy dan nie ook verantwoordelik vir die huwelik en die koste van die gesinslewe nie?"

Opsommend kan ons dus sê dat ons in beginsel alle regsreëlings teenstaan wat die man nie as hoof van die gesin erken nie, sowel as dié wat die bande wat die gesin aanmekaar hou, laat verslap. Maar helaas werk die sonde steurend en vernietigend ook op die heilige huweliks en gesinslewe in en betrek die regspleging die man, vrou en kind wanneer die huwelik abnormaal verloop. Daarom mag die staat hom nie onttrek aan hierdie instelling nie. Die eggenoot wat ontrou is aan sy roeping as hoof van sy vrou en kinders, (byv. wanneer hy hulle verlaat en onderhoudskoste probeer ontduik) moet tean opgetree en die veronregtes beskerm word, en omgekeerd. "Die grootste sorg moet egter gedra word dat die abnormale gevalle nie die huwelikswetgewing gaan beheers en die normale gaan verdring of in gevaar stel nie. In die gewone loop van sake is die liefdesbeginsel die beslegter van huweliksgeskille en nie die juridiese beginsel nie."<sup>56</sup> Tussenkoms van buite moet so min as moontlik in die heiligdom van die gesinslewe geld.

'n Tipiese voorbeeld van uiterstes waarin voorvegters vir vroueregte kan verval, waar nie rekening gehou word met die natuurlike aard en vermoëns van die vrou en afbakening van ter-

---

56. F.N. van Niekerk in die tydskrif, "Die Gereformeerde Vaandel," Sept. 1947.

reine nie, is die aanbevelings van die kommissie in sake militêre diens en die benoeming van vroue as jurielede onder die hoof "Burgerlike regte."<sup>57</sup> Veral wat die kwessie van jurielede betref, het min Swart in die Volksraad tereg betoog<sup>58</sup> dat "daar dikwels smerige sake in die howe behandel word en as ordentlike vroue dae lank daarna moet sit en luister," hy dit nie kan goedkeur nie. Die ondervinding toon ook in ons land dat vroue hulle kragtens die bestaande wetgewing baie min op die Jurielyste laat plaas. Ons insiens behoort hierdie terreine nie tot die sekondêre roepingsfeer van die vrou nie, hoe moeilik dit ookal bly om manlike en vroulike werk af te baken.

Gevolgtrekkings:-

1. Die vrou is op geen lewensterrein passief nie. Dit sou 'n miskenning wees van haar gekkapenheid na die beeld van God as 'n redelike en sedelike wese. Op grond van haar besondere vermoëns en aanleg het sy egter besondere arbeidsterreine, veral opheffings en welsynswerk in die algemeen. Dit mag egter nooit daartoe kom dat dit met haar primêre roepingsterrein, die gesin, in botsing kom nie.

2. As|belanghebbende by die regering van die land bestaan daar geen prinsipiële besware om aan die vrou aktiewe stemreg toe te ken nie.

3. Passiewe stemreg vir die vrou druis in teen die Skrifbeginsels wat hier van toepassing is, met as belangrikste

---

57. Verslag van die kommissie insake die regsonbevoegdhede van Vroue,

58. Volgens die verslag van "Die Burger", Woensdag, 8 Maart 1950.

beswaar dat die belange van die gesin ingeboet word. „Vir baie vroue het dit 'n keuse geword tussen die kind of hul sosiale aktiwiteit, en die keuse het ten ongunste vir die kind uitgeval.“<sup>59</sup>

4. As uitgangspunt vir wetgewing wat vroue as groep raak, moet dien die bevordering en bestendiging van 'n hegte gesinslewe en die erkenning van die maritale mag van die man.

---

59. Van Ryssen, Kruger en de Klerk: „Die Selfmoord van 'n Nasie,“ H.A.U.M., Kaapstad, 1944. p.55.

HOOFSTUK IV.

PROBLEEMSTELLING EN RICLYNE.

Uit die voorafgaande benadering van die plek van die vrou in die gesin, die kerk en die staat, blyk dit duidelik dat die Skrif die gesin as haar primêre roepingsfeer aanwys. Wanneer die vrou haar op terreine begeef (hoe goed ookal in sigself) wat meebring dat sy óf nie op die huwelik ingestel óf haar roeping as eggenote en moeder bevredigend kan volvoer nie, staan sy nie alleen teenoor die ordinansies van God nie, maar word ook 'n misdaad teenoor die maatskappy gepleeg. Op ander terreine kan die vrou wel, maar in die gesin kan sy deur niks vervang word nie. Haar optrede op die terreine van kerk en staat is dus sekondêr, en bly die gesin die primêre instelling met betrekking tot die status van die vrou in die samelewing.

Die gesin, „'n konstante individuele liefdesgemeenskap op die grondslag van die natuurlike bloedbande tussen ouers en kinders,"<sup>1</sup> is die grondpilaar van die tydelike samelewing. Meer as eenmaal is tereg daarna verwys as „die kiemcel van die maatskappy," hoewel ons daarteen moet waak om die gesinsverband te verabsoluteer deur te verklaar dat heel die samelewing aan die gesin as kiem ontspruit. Die ander verbande besit hul eie struktuur met hul eie normatiewe beginsels, wat in die goddelike

---

1. Definisie van J.M. Spier: „Inleiding in de Wijsbegeerte der Wetsidee," Kok, Kampen, 1946.

wêreldorde veranker is en nie aan die struktuurprinsiepes van die gesin opoffer kan word nie.<sup>2</sup> Die funksies van die gesin bly egter van fundamentele belang vir enige maatskappy in minder of meerdere mate. Uit die oogpunt van die status van die vrou is dit dubbel waar dat rondom die vraagstuk van die gesin alle vraagstukke van politieke en sosiale aard saamkom. Tans beleef ons krisistye wat daarna roep dat al die ander instellings moet saamspan om die monogame gesin te red. So moet byv. die staat met sy maatreëls met betrekking tot behuising, loonsreëling en ekonomiese verpligtinge soos belasting, gesondheid, bestryding van euwels soos drankmisbruik en sedelike misstande, sy bydrae lewer, terwyl die kerk se bydrae pedagogies van aard is deurdadig dat sy die christelike ideale met krag verkondig en toepas. Die Skrif, die geskiedenis van die opkoms en verval van beskawings, leer ons dat die gesin as faktor in die opbou van 'n volk en 'n bloeiende samelewing nooit vervang kan word nie.

Hoewel die oorweldigende gevare daarvan reeds gevoel word, staan ons magteloos teenoor die ontbindende faktore wat tans op die huwelik en gesin inwerk. "The decline of the contractual relationship in the family . . . manifests itself in a progressive disintegration of the contractual family as a social sanctioned union of husband and wife, of parents and children, and of the circle of relatives. The disintegration shows itself in many forms: the tie binding husband and wife into one



entity, normally for life, has weakened and is therefor sundered more and more frequently by divorces and separations. The bond uniting parents and children has likewise become weaker and weaker: first, because of an increasing percentage of marriages without children, and second, because children now separate from their parents earlier than formerly..... As a union of relatives beyond the circle of husband and wife and parents and children, the family is virtually nonexistent nowadays, in contradistinction to the medieval family or even that of a century ago. As it has become more and more contractual, the family of the last few decades has grown even more unstable, until it has reached the point of actual disintegration."<sup>3</sup>

Die grootte en funksie van die gesin is, veral sedert die eerste wêreldoorlog, radikaal beperk.

In ons eie land vind ons, wat eersgenoemde betref, dat die blanke bevolking besig is om oud te word. In 1904 (net na die oorlog!) het jongmense onder 30 jaar 69% van die bevolking uitgemaak, maar in 1941 het hulle skaars 57% getel. In 1904 het oumense bokant sestig 3 $\frac{1}{2}$ % van die bevolking bedra en 8.6% in 1941. In 1904 was die aantal jaarlikse geboortes per 1000 getroude vroue tussen 15 en 45 jaar 276, terwyl dit in 1941 170 was. Gesaghebbendes voorspel 'n verdere agteruitgang as gevolg van die trek na die stede. „Alle westerse lande is begaan oor hul kinderarmoede. Van die volksmoeders word oral meer

---

3. P.A. Sorokin: "The Crisis of our age,"  
E.P. Dutton and Co., New York, 1946.

kinders gevra. In Rusland is aan die moeders met 'n groot kroos medaljes toegeken; in Frankryk is gesinstoelaes beskikbaar gestel om die geldelike laste van die groot gesinne te help verlig; in Duitsland is streng maatreëls getref om vrugafdrywing teen te gaan; huweliksvoorskotte is beskikbaar gestel; in Amerika word besondere aandag aan kindervelvaart in die wydste betekenis van die woord bestee; ook Italië, Swede en ander lande het hulle vir geboorte bevordering beywer. Die kreet „Staak die stortvloed kinders" het oorbodig en selfs gevaarlik geword. In die plek daarvan sou die eertydse bevel „Wees vrugbaar en vermonigvuldig en vul die aarde" vandag op die weste meer toepasliker gewees het." 4

Nie alleen word die gesinsgetal kleiner nie; maar in die uitoefening van sy primêre funksies word die moderne gesin tot breekpunt toe gestrem. As basiese opvoedingsinstelling van die kind word dit beperk, daar die kind reeds op vroeë stadium die invloed van die gesin moet mis en afhanklik is van die creché, kleuterskool, dagskole en kolleges. Die gesin het ook as die opvoeder van volwaardige lede van die maatskappy, arm geword. Sorokin sien hierdie gebrek as volg: "At present thus vital mission is performed less and less by the family. Those with children perform it more and more inadequately: first, because the young are turned over at a very early age to such agencies

---

4. J.M. le Roux: „Bevolkingstendense en wêreldonrus." Artikel in Die Huisgenoot, weekblad, Nasionale Pers, Kaapstad, 1948. Presiese datum verlore.

as nursery schools and kindergartens; second, because an increasingly unstable family is a poor school for socialization. Instead of inculcating in its offspring a strong sense of moral and social integrity, it teaches them lessons of moral laxity and loose relationships, of antagonism and conflict between parents, of purely sensate egotism, and the like."<sup>5</sup> Verder word die gesin al minder 'n godsdienstige instelling. In die pater familias was die vader as hoof van die gesin ook sy priester. In hierdie tyd van godsdiensafval word dié gesinsfunksie hoogstens deur die Sondagskool vervul. Ook die ekonomiese gesinsfunksie het radikaal verander, selfs verdwyn, want in die stad nuttig die gesinslede minstens een maaltyd per dag in die kafee, die brood kom van die bakkery, die wasgoed word deur die droogskoonmakers gedoen, klere word klaar gemaak gekoop, ens. Waar die gesin ook vroeër vir die ontspanning van sy lede gesorg het, neem hulle tans in hul vrye tyd die toevlug na die bioskoop en ander ontspanningsplekke.

Deur al die bogenoemde faktore word die gesin van ons dag almeer onstabiel en is dit moeiliker as ooit om vader, moeder en kinders in 'n gelukkige geslote eenheid saam te bind. "Less and Less does it furnish even pleasure and comfort - the primary objectives of the sensate contractual family. When an institution finds itself in such a situation, it is in process of decay."<sup>6</sup>

---

5. Sorokin: "The Crisis of our age,"

p. 190.

6. Dieselfde.

p. 192.

Wanneer ons vra na die aandeel van die vrou in die toestandkoming van hierdie disorganiserende gesinskrisis, moet teen eensydigheid gewaak word. Veelvake faktore het tot hierdie toestand bygedra en die stroom van die tyd het niemand en niks gespaar nie. Die standaard wat die gesin egter bereik, hang af van die standaard van lewe wat die huisgenote voer. Die mens is nie 'n blote speelbal van omstandighede nie, en moet hy as redelike en sedelike wese ook die verantwoordelikheid vir sy dade dra.

Uit die oogpunt van die vrou beskou, moet veral twee faktore, 'n uiterlike en 'n innerlike, skuldig pleit as bydraes vir die onstabiele stand van die moderne gesin:-

1. Die toetrede van die eggenote tot buitenhuisse beroepsarbeid:-

Die feit van vrouearbeid is nie die gevolg van die Industriële revolusie nie. Die vrou was in die verlede steeds betrokke in produktiewe arbeid en haar bydrae is as onontbeerlik aanvaar. Dit was egter tot die huis en sy behoeftes (bewerking van landerye, skape oppas, maal van graan, spin en weef, sorg vir kinders en toesig oor die huishouding) beperk. Hierin bring die Industriële revolusie 'n radikale ommekeer. Vrouearbeid word stadigaan aan die huis ontworstel. Arbeid en werkgeleenthede word nou gekonsentreer in die fabriek, en talle jong vroue (ook kinders) wat tevore óf alleen vir die huislike produksie óf in die huisindustrie hul lewenstaak gevind het, word daarheen getrek. Dit is 'n proses wat tans nog in volle

swang is, en ook in ons land met sy toenemende industrialisasie in omvang toeneem. "The woman as well as the men, work outside the home to an increasing extent.... With the increased mechanization of the home, and the increasing demand, opportunity and need for women to work outside the home, an ever-advancing transformation is taking place."<sup>7</sup> Volgens die Unie-Jaarboek<sup>8</sup> het die departementele en magistratatswerkverskaffingsburo's in 8 stede in 1947 van „volwasse vroue" 28,222 aansoeke om werk ontvang.

Teen vrouearbeid as sodanig is prinsipiëel geen besware in te bring nie. Trouens, arbeid is onontbeerlik vir elkeen se lewensbevrediging - ook van die vrou. „Die siel van die mens groei nie van die loon nie, maar van die arbeid wat die loon verdien."<sup>9</sup> Die moderne ontwikkeling het gemaak dat die jongmeisie in die ouerlike gesin weinig of geen arbeid kon vind, en word sy verplig om die oop deure van die beroepswêreld te betree. Verder word die jong dame uit die werkende stand tot loonarbeid gedwing, nie alleen omdat haar ouers nie in staat is om vir haar te sorg totdat sy in die huwelik tree nie, maar ook omdat haar familie in baie gevalle afhanklik is van haar verdienste. "Some female workers undoubtedly support dependents..... The extent to which this exists is not known, although such in-

---

7. M.C. Elmer: "The Sociology of the Family," Ginn and Co., Boston, 1945. p. 233.

8. Unie-Jaarboek, 1948, Staatsdrukker, Pretoria. p. 263.

9. Uitspraak van Multatuli, Ôrens in 'n dagblad raak-geloop

formation as does exist indicates that it is widespread among gainfully occupied women whether in industrial, professional or other work of whatever type."<sup>10</sup>

Om „manlike“ en „vroulike“ werk af te baken, is 'n praktiese onmoontlikheid. Tog moet, indien moontlik, by die beroepskeuse rekening gehou word met die natuurlike aanleg en die gesinsbestemming van die vrou. Voorhuwelikse arbeid wat hierdie bestemming enigsins in die weg lê, dien met alle krag bestry te word. Gelukkig is die huwelik nog die algemene reël onder jong dames in beroepsarbeid.

Vir die stabiliteit van die gesinslewe en vir die bevredigende volvoering van die gesinsfunksies, is die beroepsarbeid van die getroude vrou egter 'n struikelblok. In die stede het dit reeds 'n alledaagse verskynsel geword. "In 1920 one of every 22 married women worked outside the home, in 1930 one in 8, and in 1940 just under one in every five."<sup>11</sup> Dit is vir die V.S.A. - dog ook in ons land is die algemeen. Reeds in 1947 het die Unieregering 'n beweging teen die indiensneming van getroude vroue in die staatsdiens geloods, dog die nywerhede en privaat ondernemings se arbeidstekorte is so groot dat die aanbod aan getroude vroue nie gedaal het nie. Die meeste jong paartjies, veral in die stad, is van oortuiging dat hulle nie

---

10. Volgens die jaarlikse rapport van die Dept. van Arbeid, 1938, en aangehaal deur L.F. Freed: "The problem of European Prostitution in Johannesburg," Juta & Kie, Johannesburg, 1949.

p. 189.

11. M.C. Elmer: "The Sociology of the Family,"

p. 238.

kan trou tensity die eggenote ook werk nie en dit is vandag meer reël as uitsondering dat die bruid sommer na die wittebroodsdae haar werk hervat. Op die oomblik is binne die grense van die N.H. of Ceref. gemeente Rosettenville, wat 482 Afrikanergesinne omvat, 154 eggenotes in buitehuisse loonarbeid betrokke.<sup>12</sup>

Wanneer ons vra na die oorsake wat die eggenote daartoe bring om buite die huis te gaan werk, staan ons voor 'n probleem wat van geval tot geval verskil. As belangrikste moet die ekonomiese faktor vermeld word. Navrae deur 'n dagblad in Bloemfontein<sup>13</sup> het bevestig dat die lewenskoste vandag so hoog is dat vroue verplig is om deur hul verdienste die salaris van die man aan te vul. Van alle getroude mans wat deur die verslaggewer genader is, is daar slegs 25% by wie die maandelikse inkomste die uitgawe oortref. Ook sal baie jongmense die huwelik moet uitstel weens ekonomiese redes indien die dame nie na die huwelik haar beroep voortsit nie. In hoeverre dit egter soms die sug na weelde en gemak as motief het, laat ons daar. Hierby kom nog die woningnood sodat die egpaar verkies om, óf gedwonge moet losser eerder as om hul eie huis te begin. Hierdeur word die beroepsarbeid van die getroude vrou in die hand gewerk. Verder heers daar tans tekorte aan werkkragte op so baie gebiede (vgl. die onderwysprofessie) dat die getroude vrou geroep word om haar gewig by onontbeerlike maatskaplike dienste in te gooi. Hiernaas is ook gevalle, waar die man tydelik of permanent 'n

---

12. Volgens die gemeenteblad „Die Kerktoring“, Oktober 1951.

13. „Die Volksblad“, 12 en 13 Januarie, 1948. Nasionale Pers, Bloemfontein.

invalide is of sy gesin verwaarloos, en die vrou dan met te waardere energie poog om haar gesin in die nodige te voorsien sonder die hulp van staat of kerk.

Die ekonomiese is 'n belangrike oorsaak, dog 'n meer geestelike faktor is nie weg te redeneer nie. Die tydgees raak almeer teen die gevestigde gesinslewe gekant. Die vrou met 'n "loopbaan" tel vir die moderne maatskappy dikwels meer as die moeder wat op die agtergrond haar roeping teenoor God, haar gesin en haar volk met toewyding vervul. Die feit dat die huisvrou nie genoeg erkenning ontvang vir haar essensiële dienste as eggenote en moeder nie, bring haar daartoe om buite die huis soek te presteer. Die vrou word te veel as 'n vanselfsprekende deel van die man se onderneminge opgeneem. "Ons universiteite skenk jaarliks eregrade aan seuns van ons volk wat presteer het. Geen universiteit het nog ooit daarvan gedroom om 'n bejaarde vrou <sup>met</sup> 'n eregraad te vereer omdat sy as moeder gepresteer het nie, al is daar miskien onder haar kinders. professore, vername onderwysmanne, geneeshere of staatsmanne."<sup>14</sup> Die eggenote is die grootste bondgenoot in die stryd om die gesin, te herstel, en die opvoeding van die publieke opinie om haar waarde en diens te erken, is die eerste stap in die verkryging van haar aktiewe bondgenootskap.

Die nadelige gevolge vir die gesin wanneer die eggenote in beroepsarbeid betrokke is, kan ons as volg tabuleer:-

---

14. Louise Behrens in "Die Brandwag," weekblad, Afrikaanse Pers, Johannesburg, 21 Mei 1948.



1. In die algemeen gesproke, is dit nie bevorderlik vir die gesondheid van die vrou nie. Dit het in die praktyk die gevolg dat sy na haar beroepsarbeid, die menigvuldige huispligte moet nakom. Aan haar aanpassingsvermoë word die hoogste eise gestel: sy moet haar aanpas by haar beroepsomstandighede én by haar huislike atmosfeer en pligte, terwyl die man slegs in een rigting opgaan. Die gevolge is senuspanninge en nurose. Verder is aan haar beroepswerk verenigings, vakbonde, lesings, ens. verbonde wat haar kragte verder opeis. Anna Baetjer kom in haar studie van die gesondheid en werkvermoë van vroue in nywerhede tot die volgende gevolgtrekking: "Women are ill more frequently and loose more time from work because of sickness  $\neq$  than men, but their absences are shorter. The average number of days lost per year due to sickness alone has been reported to be from 7 to 11 days per woman in comparison with 2 to 7 days per man, an excess of 50 - 100 per cent . . . . Married women appeared to have somewhat higher sickness rates than single women. This may be due to the fact that married employees usually have more household duties than single women, which places an extra strain on them and leads to greater fatigue."<sup>15</sup>

2. Tweedens het die verskynsel van die eggenote in beroepsarbeid nadelige gevolge vir die man-vrou verhouding. Die ekonomiese onafhanklikheid van die vrou in die huwelik kan nie gerym word met die gesag van die man as hoof van die gesin nie,

---

15. Anna M. Baetjer: "Women in Industry - Their health and efficiency", W.B. Saunders, Philadelphia, p.250 - 1946. 251.

en lei dit dikwels tot onverantwoordelikheid en ontduiking van sy pligte as huisvader, veral indien sy eggenote meer as hy verdien. Dit bring ook in die reël onnodige spanninge tussen die egpaar mee wanneer besluit moet word wie wat moet betaal en op wie se rekening noodsaaklike gesamentlike uitgawes moet kom. Geen vrou, wat saans laat tuiskom, afgemat na liggaam en gees, is in staat om 'n atmosfeer van kalmte en orde te skep en 'n bron van besieling vir man en kinders te wees nie. Hoe meer oorspanne sy raak, hoe meer sal sy soek na afleiding buite haar huis, en hoe groter word die gevaar van gesinsverbrekking.

3. Derdens is hierdie praktyk 'n groot struikelblok in die uitvoering van die biologiese gesinsfunksie, d.w.s. met betrekking tot die voortbrenging van nuwe lewe. Die eggenote buitenhuis beteken selfmoord vir 'n volk. Swangerskap veronderstel minstens 'n onderbreking van die vrou se beroepswerk, en die gevolg is dat die koms van die kind radikaal uitgestel indien nie afgestel word nie. Indien die kind dan wel ondanks alle voorbehoedmiddels in die wêreld kom, word dit as ongewens beskou. Hierdie reeds aanvaarde gewoonte van die uitstel van die kind tref die huweliksverhouding self; daarom toon opnames dat tweederdes van die egskeidings in die Unie voorkom by gesinne sonder kinders of met slegs een kind.<sup>16</sup> Die seën van kinders wat stabiliteit en diepte aan die egtelike verhouding gee, word maklik vir die werkende egpaar 'n las en die gevolge

---

16. J.R. Albertyn, P. du Toit en H.S. Theron: "Kerk en Stad," Pro Ecclesia Drukkery, Stellenbosch, 1947. p.213.

is verreikend en vernietigend. Die volk wat wil lewe, moet nuwe lewe verwek; en die eggenote in beroepsarbeid strem hierdie fundamentele lewensproses in 'n besondere mate.

4. Vierdens benadeel hierdie verskynsel die uitvoering van die kulturele funksie van die gesin. Indien daar reeds kinders is, bring die wegtrekking van die moeder uit die gesinsfeer hul verwaarlosing, na liggaam en gees, mee. Die kind word gewoonlik aan die sorg van 'n bediende oorgelaat en van ouerlike opvoeding en tug kom weinig tereg. So ernstig het die probleem van onversorgde kinders geword dat stadsrade daartoe oorgaan om in die stede sogenaamde „speelsentra" in die nabyheid van skole op te rig. Hier ontvang die kinders 'n warm maaltyd en word daarna met speletjies, ens. besig gebou sodat wanneer hulle tuis kom, die moeders ook al terug is van hul werk. Hoewel ook ander faktore op die spel is, is dit insiggewend dat die Gluecks in hul ondersoek van delinkwente vroue gevind het dat in 55.7% van die gevalle, die moeders gedurende hul dogters se adolossentjare in loonarbeid betrokke was.<sup>17</sup> Ook Freed vind in sy studie van 43 gesinne in Johannesburg waaruit prostitute spruit, dat 13 of byna 30% van die moeders loonarbeid buite die huis verrig.<sup>18</sup>

Vir die moeder self bring die daaglikse verwydering van haar kinders die nadeel mee dat sy nie as moeder tot haar reg

---

17. Sheldon en Eleanor T. Glueck: "Five hundred delinquent Women". Alfred en Knopf, New York, 1934.

18. L.F. Freed: "The problem of European prostitution in Johannesburg,"

kom nie. Want die vrou is moeder, nie alleen deurdat sy aan haar kind die lewe skenk nie, maar veral, deurdat sy al die deugde van moederskap eers deur die daaglikse versorging van haar kind tot ontwikkeling bring.

5. Vyfdens is die toetrede van die moeder tot beroepsarbeid 'n faktor wat die ekonomiese funksie van die gesin eensydig laat ontwikkel. In hoofsaak is die moeder verantwoordelik vir die daarstelling en handhawing van die lewenstandaard of peil van die gesin. Die eensydige veronderstelling waarvan baie werkende moeders uitgaan, is dat die grootte van die inkomste alleen die lewenstandaard van die gesin bepaal. Die praktyk leer egter anders, want sy vergeet dat die gesinsuitgawe deur haar afwesigheid met spronge toeneem. Behalwe vir die maatskaplike gevolge van 'n onversorgde huis en kinders, word alle ekonomiese voordeel van die werkende vrou dikwels uitgewis deur die groter uitgawe. Dink byv. aan vervoerkoste; gebruik van blikkieskos weens gebrek aan tyd om vars, goedkoop etes voor te berei; die koop van klaargemaakte klere terwyl sy dit self baie goedkoper kon vervaardig, ekstra bediendes,<sup>19</sup> ens. Die stille oorleg en besparing deur die sorgsame moeder dra saam met die grootte van inkomste by tot die lewenstandaard van die gesin, en hierdie plig kan sy nie sonder nadelige gevolge vir die gesinsekonomie op 'n ander, miskien 'n bediende, afskuiwe nie.

---

19. Jo Prinsloo: "Die vrou in die ekonomiese wêreld," III. Artikelreeks in "Die Volksblad," 1 Julie 1948.

Uit bostaande blyk die praktiese gevolge vir die gesin wanneer die hoeksteen daarvan, die moeder, ander belange het. In 'n ander verband is reeds die bedenking teen vrouearbeid op grond van Skrifbeginsels aangetoon. Dat ons hier te doen het met 'n belangrike faktor in die totstandkoming van 'n onstabiele gesinslewe, ly geen twyfel nie.

## II. Die algemene veroppervlakking van lewenswaardes by die vrou-

Dit is algemeen bekend dat die najaag van persoonlike vryheid, die strewe na onafhanklikheid, hetsy persoonlik, sosiaal of ekonomies, die karakteristieke kenmerk van die moderne geemansipeerde meisie en vrou is. Die basiese element van vroulike opvoeding, nl. die voorbereiding vir haar spesifiek vroulike lewenstaak (huwelik en gesin) het geheel en al op die agtergrond getree en is vervang deur 'n individualistiese siening. "The typical girl of to-day absorbs a freedom-living and ego-centric philosophy of life from earliest childhood. Her books, her companions, her social milieu, her school, frequently the home itself - all conspire to impress upon her a view of life which leaves on one side the functional aspect of womanhood. The ideal of the modern girl is to live her own life, to be independant, to make a career, to challenge men in the work of the world."<sup>20</sup>

Dat die skool nie in staat is om hierdie geesteshouing

---

20. Meyrick Booth: "Woman and Society," Allen en Urwin, London, 1929.

te bestry nie, staan voor ons as 'n feit. Ons gebrek aan waardering vir die moeders van ons volk blyk uit niks duideliker as uit die byna algehele afwesigheid van doelbewuste opvoeding tot moederskap nie. Dit wil egter nie sê dat die leerplan vir dogters slegs uit Moederkunde en Huishoudkunde moet bestaan nie - daarvoor is die lewe en sy eise aan die vrou te veelsydig. Dog die lewenswaardes wat die swaarste weeg, moet eerste kom en die regte gesindheid en roepingsbewustheid moet ingeskerp word. Opvoedkundiges is dan ook van mening dat die dogter van vandag, wat die moeder van môre is, nie toegerus is vir haar taak wanneer sy die skool verlaat nie.<sup>21</sup> Sy leer die tikmasjien gebruik, sy leer snolskrif en kan 'n derde taal praat; maar daar is weinig geleentheid vir naaldwerk, kookkuns, siekeverpleging en kinderversorging - met die gevolg, dat haar ingebore neiging tot hierdie dinge afstomp en verflou. Wilson kom tot die konklusie dat 'n universiteitsdame, wanneer 'n huisvrou word, meer moeilikheid gee as al die ander huisvroue saam; daar is egter een uitsondering wat meer moeilikheid maak; die vrou wat haar onderrig aan 'n meisieskool ontvang het!<sup>22</sup> "It is hence no matter for surprise that we now breed, by thousands, a type of girl who is entirely lacking in the sense of womanly function. A large proportion of modern girls are trained almost wholly with a view to celibate careers. Their entire

---

21. Thos Blok: Inleidingsartikel, "Die Skoolblad", soos weer-gegee deur "Die Volksblad," 18 Junie 1948.

22. "Die Volksblad," 18 Junie 1948.

education is sexless and utilitarian."<sup>23</sup> Wat die skool se bydrae tot die opvoeding van die dogter tot moederskap betref, is dit tans slegs die persoonlike invloed van die regte onderwyser (es) waarop teruggeval kan word.

Wanneer die jong dame die skool, kollege of universiteit verlaat, staan sy midde in 'n tydgees wat nie op die huwelik ingestel is nie. Om die tradisionele te handhaaf, stel die hoogste eise aan die moderne jeug. Verskillende faktore werk mee tot die veroppervlakking van lewenswaardes by die vrou.

Die bioskoop met sy voortowering van die Hollywood- vroue-ideaal, het slegs die massamens in die oog vir materiële gewin en is besig om die ideaal van die jong dame in die "glamour girl" rigting te stuur en „om die opvatting en praktyke in verband met hofmaking, verlowing, die huwelik, moederskap en ouerskap op 'n ingrypende wyse te beïnvloed."<sup>24</sup>

Die pers met sy romans en tydskrifte, wat gretiglik ook deur ons jong dames verslind word, ontwikkel in 'n rigting wat een van ons skrywers as volg opsom: „In Suid-Afrika het die populêre, en selfs die estetiese afkeurenswaardige, in toenemende mate daarin geslaag om veilige huisvesting in ons tydskrifte te kry. Op die Afrikaanse boekemark word die skugter verskyning van suiwer letterkunde al hoe meer deur sensasiedis verdring. Seks het in die plek van godsdiens gekom: in poësie en prosa is dit byna 'n obsessie.... 'n verlamende skaamteloosheid on-

---

23. Meyrick Booth: "Woman and Society," p. 12.

24. J. de W. Keyter: "Om hulle ontwil," Federale Raad vir bestryding van maatskaplike euwels, Posbus 433, Pretoria, 1949. p. 153.

dermyn alles wat waarde het."<sup>25</sup> Die uitwerking van sulke leesstof op die ontvanklike jeugdige gemoed is 'n skewe begrip en eensydige uitkyk op die lewe en sy eise.

In die handelwêreld word die vrouefiguur op tragiese wyse uitgebuit om sigarette en drank te adverteer, „en sy word bedeel met 'n kunsmatige intensiteit wat vir haar vertoner of haarself 'n nog groter afset kan win."<sup>26</sup>

Hedendaagse uitspattige modes, wat sedelike gevoel terugwing, wek by die moderne vrou aspirasies met betrekking tot 'n skoonheidskultus wat geen verband hou met moederskap en die daarbygaande verpligtinge nie.

Dat hierdie faktore daartoe bydra om die jong dame se lewensuitkyk en lewenswaardes te verindividualiseer, ly geen twyfel nie. Dit lei tot 'n geïdealiseerde, egosentriese lewens- en wêreldbeskouing waarin geen plek is vir 'n stabiele, rustige huwelikslewe en gesinsopbou met die selfverloëning en opofferings wat daarmee saamhang nie. Geen wonder dat in die stad waar bogenoemde invloede die botoon voer, gesinsontbindende faktore kragtiger as op die platteland werk nie.

As simptoem van die leegheid van lewe by die moderne vrou, dien die patologiese verskynsel van toenemende drankmisbruik. Die jaarverslag van die direkteur van gevangenisse vir 1946 toon aan dat daar in 1944 2712 vroue weens drankmisbruik

---

25. C.M. v.d.Heever, soos aangehaal deur H.Roux: „Om hulle ontwil,“ p.54.

26. Gertruida Groenewald: „Om hulle ontwil,“ p.36.



in ons houe gevonniss is. In 1945 was dit 2811 en in 1946 is die getal byna verdubbel toe 4757 gevonniss is.<sup>27</sup> Die skemerparty, wat selfs deur skooldogters bygewoon word, en die moderne <sup>dien</sup> dansas belangrike aanleiding tot drankmisbruik onder vroue.

Dat die gees van sensasie, onafhanklikheid en egosentrisme wanneer dit in die huwelik en gesin ingedra word, ontblindend werk, word deur die praktyk bewys. Meyrick Booth som die situasie as volg op: "The trouble with the modern woman is that she has really nothing to do which corresponds with her inborn faculties. On the other hand, domestic life has so lost its significance that it no longer satisfies the very praiseworthy desire of the modern girl to live a full life. This is a fact of fundamental importance for the whole problem of feminine education."<sup>28</sup>

Bogenoemde beskuldiginge kan egter nie alleen op die rekening van die vrou geplaas word nie. Ook die man is soms tot 'n groter mate skuldig as die vrou. „Dit bly egter 'n feit, hoe dit ookal deur ons moderne geemansipeerde vrou as onbillik verwerp word, dat die vrou die hoeksteen van die volk se sedelikheid is, en dat in daardie kulture en in daardie tydperke van hulle geskiedenis waar die hoogste vorme van egte vroulikheid op die voorgrond was, daar ook die hoogste vorme van egte manlikheid te vind was."<sup>29</sup>

---

27. Volgens "Die Burger", dagblad, 22 Maart 1949. Nas. Pers, Kaapstad.

28. "Woman and Society,"

p.13.

29. J. de W. Keyter: "Om hulle ontwil,"

p.153.

Deur die losmaking van die vrou uit die gesinsverband en veral deur haar ekonomiese onafhanklikheid, het sy daartoe gekom om na politieke magte en regte te strewe en ook te verkry. Op sigself is dit goed en reg, dog wanneer dit dien om die vrou nog verder te verwyder van haar fundamentele roeping as eggenote en moeder, word die lewensaar van die volk en sosiale lewe afgesny. Hierdie losmaking van die vrou uit die gesin, is dan ook die kern van die huidige vrouevraagstuk.

Die krisis met betrekking tot die status van die vrou in die maatskappy bied aan elke lid daarvan, maar veral aan die jong vrou, 'n magtige uitdaging. Dit roep elke sosiale instelling, elke gemeenskap en elke individu tot aksie. Dit is 'n saak van lewensbelang. As riglyne vir die oplossing van die vrouevraagstuk dien die volgende praktiese oorweginge:-

1. Mobiliseer die gesonde kern en voed die openbare mening op tot: a. Die besef van die onontbeerlikheid van 'n stabiele gesinslewe volgens die christelike ideaal en die gesonde funksionering daarvan as basiese voorwaarde vir die opbou van 'n vooruitstrewende maatskappy.

b. Bestryding van praktyke met betrekking tot selfsugtige, kunsmatige geboortebeperring, en die opwekking van waardering vir die groot gesin.

c. Waardering vir die vrou as eggenote en moeder in die huislike sfeer, en afkeuring van die losmaking van die moeder uit die gesin veral deur beroepsarbeid wat 'n konkurrente vir

moederskap en ouerlike opvoeding geword het. Indien die vrou aan die gesin teruggegee kan word, word die vrouevraagstuk per slot van sake opgehef.

d. Afkeuring van die opvattinge en praktyke wat as uitwasse van die sinkende westerse beskawing die gesinslewe nadelig beïnvloed.

e. Die voer van 'n eenvoudige lewenswyse en die bestryding van 'n hoë kunsmatige aangekweekte lewenstandaard wat nadelig op die gesinsekonomie inwerk en onnodige finansiële laste op die gesin lê.

2. Die opvoeding van die dogter moet hervorm word ten einde haar voor te berei vir die huidige lewensvraagstukke. Rus haar toe met die nodige kennis, bedrewenheid, die regte gesindheid ten opsigte van moederskap, en kennis van die elementêre beginsels van die huisekonomie.

3. Sosiale maatreëls verdien opknapping veral ten opsigte van: a. Die bestryding van sedelike misstande soos drankmisbruik, prostitusie, aborsie en egskeiding. Met betrekking tot laasgenoemde noem ons:

1. die vermeerdering van raadgewende huweliks bure's onder deskundige leiding, met die verdere vereiste dat die regter nie 'n egskeidingsaak aan die orde sal stel voordat die betrokke partye by die versoeningsraad was nie;

2. dat die minimum tydperk voordat 'n aangevraagde egskeiding geskenk word en die tydperk voordat 'n hertrou toege-

staan word veel langer behoort te wees as wat tans die geval is;

3. dat die gronde vir egskeiding hersien en veral die grond van „kwaadwillige verlating“ sy oorspronklike betekenis volgens die Skrif terugkry.

b. Bestryding van die uitspatlike gekommersialiseerde vorme van ontspanning en die daarstelling van jeugsentra as teenwig vir die moderne dans, skemerparty, ens.

c. Die verbetering van werktoestande, behuising en loonsreëling van laagbesoldigde dames ten einde die versoekinge tot immoraliteit te beperk.

d. Deeglike beplanning met betrekking tot die beroepsarbeid van die getroude vrou waar dit noodgedwonge is, wat o.a. 'n goeie loon waarborg en haar teen uitbuiting beskerm, haar diensure so reël dat sy vroeg in die middag tuis is, verbetering van haar werksomstandighede beoog, spesiale voorsorg vir swangerskap en dié suigelingstydperk maak, ens.

e. Die gesag van die man as hoof van die gesin moet eerbiedig word in wetgewing wat die privaatregtelike verhoudinge raak, en neiginge wat die huweliksbande laat verslap, byv. die ekonomiese selfstandigheid van die vrou in die gesin, moet deur sulke wetgewing bestry word.

f. Grootskaalse behuisingskemas en finansiële hulp in die vorm van lenings dien aangepak te word ten einde woonstelverblyf en losies vir getroude pare te beperk.

g. Die eggenote en kinders dien deur die wet beskerm te word indien die vader nie sy pligte ten opsigte van sy gesin nakom nie.

h. Die ontwikkeling van doeltreffende gesondheidsdienste ten bate van die gesin, byv. vrye behandeling en advies aan moeders met betrekking tot kindersorg, verdien aangepak te word.

i. Die instelling van huweliksvoorskotte aan jong paartjies en spesiale lewenskostetoelae volgens die grootte van die gesin en nie slegs volgens die maatstaf van die egtelike staat nie.

4. Met betrekking tot die taak van die vrou op staats-terreine, noem ons die intrekking van haar passiewe kiesreg, maar ook verdere aanmoediging tot belangstelling en inskakeling in die politieke lewe, as 'n sekundêre roepingsfeer.

5. Die verdere integrasie van die vrouewerkkragte veral ten behoeve van die maatskaplike volksorg, mits dit nie met gesinsbelange bots nie.

6. Die kerk moet ernstig aandag gee aan die integrasie van haar vrouelidmate as hulpdiens vir die ampte, ten einde die vrou se passiwiteit in die groot kerke te vermy.

7. In haar prediking, katkisasie en huisbesoek moet die kerk haar sosiale taak vervul deur die beginsels van die Woord duidelik te stel, in hierdie verband, met betrekking tot die gesinslewe.

8. Verder moet die kerk deur middel van intensiewe be-

arbeiding in klein gemeentes en evangelisasie die Woord, wat lewens tot beslissinge bring, aan die man bring. Verandering van hart bring ook verandering van lewensuitkyk en lewensrigting mee en bly dit 'n waarheid dat die siel van alle verbetering die verbetering (liefs bekering) van die siel is.

Dit is opvallend hoedat die voorafgaande aansluit by die eise wat die Skrif stel met betrekking tot die sosiale verhoudinge waarin die vrou betrokke is. Dit bevestig by hernuwing die waarheid dat die Skrif aan mense wat midde in die praktiese lewe staan, gegee is en dus volkome werklikheidsgetrou is. Waar die gees van die Skrif, en in besonder van Christus, wat die hoogste Openbaring in die Skrif is, die maatskaplike verbande beheers, heers harmonie, samewerking en vooruitgang, terwyl die sonde selfsug, verwydering en verwarring bring.

„Dit is nie die wysheid wat van bo kom nie, maar is aards, natuurlik, duiwels; want waar afguns en selfsug is, daar is wanorde en allerhande gemene daade. Maar die wysheid van bo is ten eerste rein, dan vredeliewend, vriendelik, gesegetlik, vol barmhartigheid en goeie vrugte, onpartydig en ongeveins:” (Jak. 3 : 15 -17).

Wie stry vir die toepassing van Skrifbeginsels, sal nooit met die praktyk verloë staan nie, want .....

“When God commands, life commends.”<sup>30</sup>

---

30. E. Stanley Jones: "The Way", Hodder en Stoughton, London, 1949.

## BIBLIOGRAFIE.

- Association for education in Citizenship: "Education for citizenship"  
Oxford University Press, London, 1945.
- Baetjer: Anna M.: "Women in Industry" - their health and effeciency"  
W.B. Saunders, Philadelphia, 1946.
- Bavinck: H.: "De Vrouw in de hedendaagsche Maatschappy"  
Kok, Kampen, 1918.
- Bavinck: H.: "Gereformeerde Dogmatiek" - Kok, Kampen, 1930.
- Bertholet: Alfred: "The history of Hebrew civilization"  
George Harrap & Co. London, 1926.
- Beukes: D.P.M.: "Die posisie van die vrou in die kerklike lewe"  
M.th. verhandeling, Kweekskool, 1940.
- Biesterveld, van Lonkhuizen, Ruddolph: "Het Diaconaat"  
J.H. Hilversum, Witzel, 1907
- Booth: Meyrick: "Woman and Society" - Allen and Urwin, London, 1929 .
- Colijn: H: "Toelichting op het antirevolutionair Beginselprogram"  
De Standaard Drukkery, Amsterdam, 1934:
- Dow: G.S. "Society and its problems" - Harrap & Co., London, 1922.
- Drogendijk: A.C.: "Man en Vrouw" - Kok, Kampen, 1947.
- Du Toit: Marie: "Vrou en Feminist" - Nasionale Pers, Bloemfontein 1921
- Elmer : M.C. : "The Society of the family" - Ginn & Co., Boston 1945.
- Ency: Mary: "Women's place in life" - Allenson Ltd., London.
- Federale Armsorgraad: "Kerk en Stad" - Pro Ecclesia Drukkery, Stellenbosch, 1948.
- Fedèrale Raad vir die bestryding van maatskaplike euwels "Om hulle ontwil" -Posbus 433, Pretoria, 1949.
- Folsom: J.K. : "The Family" - John Wiley and Sons, London, 1934.
- Folsom: J.K. : "The family and democratic society" - John Wiley & Sons, New York, 1945.
- Freed: L.F.: "The problem of European prostitute in Johannesburg"  
Juta & Kie, Johannesburg, 1949.
- Geesink: W.: "Van's Heeren Ordinantiën" - 2de Druk, 1925, Kok, Kampen.
- Geldenhuis: F.E. O'B.: "Die Regsposisie van Kerkraad, ring en sinode"  
Van Schaik, Pretoria, 1951.

- Glueck: Sheldon en Eleanor: "Fivehundred delinquent women"  
Alfred en Knopf, 1934.
- Groves: E.R.: "Social problems of the family" - Lippincott Company,  
Philadelphia, 1927.
- Hand: J.E.: "Good citizenship" - George Allen, London, 1899.
- Harrenstein: W.G.: "Het Arbeidsterrein der kerk in de groote steden"  
Kok, Kampen, 1913.
- Holtby: W: "Women" - John Lane, London, 1941.
- Jones: E. Stanley: "The Way" - Hodder en Stoughton, London, 1949.
- Keyter: J. de W.: "Die Huwelik en gesin" - Nasionale Pers, Bloemfontein  
1940.  
Klasaantekeninge, U.O.V.S.
- Korte verklaring der heilige Schrift-reeks, - Kok, Kampen.
- Kraemer: H.: "De roeping der Kerk" - Daamens Uitgewers, Gravenhage, 1945
- Kuyper: A.: "De eerepositie der vrouw" - Kok, Kampen, 1932.
- Kuijper: A.: "De Gemeente gratie" - Kok, Kampen.
- Müller: J.J.: "Die christelike sektewese" - Nasionale Pers Bpk.,  
Kaapstad 1936.
- Nepgens C.C.: "Die sosiale gewete van die Afrikaanssprekendes"  
C.S.V. Boekhandel, Stellenbosch, 1939.
- Seifert: H.: "Fellowships of concern" - Abingdon - Cokesbury Press,  
New York, 1949.
- Slotemaker de Bruine: J.R.: "Christelijk Sociale Studiën" -  
Ruys, Utrecht, 1924.
- Smeenk: C.: "Christelijk Sociale Beginselen" - Kok, Kampen, 1934.
- Sorokin: P.A.: "The crisis of our age" - E.P. Dutton and Co., New York  
1946.
- Spiele: B.: "Kerk en maatschappelijk geweten" - Van Gorcum en Kie.,  
Asser, 1932.
- Spier: H.J. en J.M.: e.a. "Wysbegeerte en levenspraktyk" - Kok, Kampen,  
1948.
- Spier: J.M.: "Inleiding in de Wysbegeerte der Wetsidee" - Kok, Kampen,  
1946.
- Unie Jaarboek, 1948 - Staatsdrukker, Pretoria.
- Van Ryssen, Kruger en de Klerk: "Die Selfmoord van 'n nasie"-  
H.A.U.M., Kaapstad, 1944.
- Verslag van die kommissie i.s. die regsonbevoegdheids van vroue -  
Staatsdrukker, Pretoria, 1949.
- Wielenga: B.: "De huwelik als inzetting Gods" - Kok, Kampen, 1936.



bidieë:

Christelyke Encyclopaedie - Kok, Kampen, 1925.

stings: "A Dictionary of the Bible" - Clark, Edânburg, 1902.

Vrouw, de vrouwenbeweging en het vrouwenvraagstuk" -  
evier Uitgewers Maatschappy, Amsterdam, 1914.

teartikels en koerantverslae.